


1987061608 01



NIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORTEN  
U.O.V.S. - BIBLIOTHEEK

\*198706160801220000019\*



\*198706160801220000019\*

DIE ONTWIKKELING VAN DIE  
SUID-AFRIKAANSE SPORTBELEID  
EN SY POLITIEKE IMPLIKASIES,  
1948-1979

deur

JAKOBUS PETRUS JOHANNES SMIT

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD N E

DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTBELEID  
EN SY POLITIEKE IMPLIKASIES, 1948-1979

deur

JAKOBUS PETRUS JOHANNES SMIT

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die vereistes  
van die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE  
(Departement Geskiedenis)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT  
BLOEMFONTEIN

Studieleier: Prof. A.H. Marais

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

25 NOV 1987

T 796.0968 SMI  
BIBL. SIC. P.

## DANKWOORD

By die indiening van hierdie verhandeling gaan my hoogste dank aan die Drieënige God, die Gewer van alle goeie gewes, wat my in Sy genade die nodige verstand en krag gegee het om hierdie werk te voltooi.

Aan prof. A.H. Marais, die studieleier, 'n besondere woord van dank vir sy bekwame studieleiding en die vertroue wat hy ingeboesem het. Dit was vir my 'n groot voorreg om hom op dié vlak te leer ken.

My opregte dank ook aan dr. Piet Koornhof en dr. Danie Craven vir onderhoude aan my toegestaan. Ook aan mnr. Herman le Roux vir waardevolle stof wat tot my beskikking gestel is.

'n Spesiale woord van dank aan my vrou, Doretté, en twee kinders, Kobus en Lindi, vir hulle onderskraging en opofferings die afgelope twee jaar.

Met groot erkenning en dankbaarheid in my hart wil ek my ouers, aan wie ek ook die werk opdra, bedank vir opvoeding en geleenthede wat hulle vir my daar gestel het. Ek dank God vir hul gespaarde lewens om my deelgenote te kan wees by die voltooiing van hierdie werk.

Ek verklaar dat die Verhandeling wat hierby vir die graad  
Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje Vry-  
staat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en  
nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/  
fakulteit ingedien is nie.

*K. S. S. S.*  
.....

INHOUDBladsyVOORWOORD

(vii)

INLEIDING

|                                          |   |
|------------------------------------------|---|
| Vroeëre Sportverhoudings in Suid-Afrika  | 1 |
| Blanke-Nie-Blanke-Sportverhoudinge       | 2 |
| Sportkontak oor die kleurgrens           | 3 |
| Die Eerste Maori-vraagstuk               | 5 |
| Die Statebondspele van 1934              | 6 |
| Die Pers tree toe tot die apartheidstryd | 6 |
| Samevatting                              | 9 |

HOOFSTUK I:h NUWE SPORTERA BREEK AAN

|                                                                         |    |
|-------------------------------------------------------------------------|----|
| Inleiding                                                               | 11 |
| Nie-Blanke sportverset na 1948                                          | 12 |
| Die Maori-vraagstuk verdiep                                             | 13 |
| Die Suid-Afrikaanse Regering bly onver-<br>biddelik teen gemengde sport | 14 |
| Die Suid-Afrikaanse Regering raak betrokke<br>by sport                  | 16 |
| Suid-Afrika se eerste amptelike sportbeleid,<br>26 Junie 1956           | 17 |

HOOFSTUK 2:

BINNELANDSE EN BUITELANDSE VERSET TEEN DIE  
SUID-AFRIKAANSE SPORTBELEID EN REGERINGSREAKSIES

|                               |    |
|-------------------------------|----|
| Die geskil rondom tafeltennis | 22 |
|-------------------------------|----|

|                                                                                                |    |
|------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| Internasionale druk neem toe as gevolg<br>van die Regering se siening oor<br>veelrassige sport | 23 |
| Skorsing van sokker word h werklikheid                                                         | 25 |
| Sportverklarings deur senator de Klerk                                                         | 25 |
| Die werklike betekenis van die 1962-<br>verklarings                                            | 28 |
| Kritiek teen die 1962-sportverklarings                                                         | 28 |
| Die 1963-sportverklarings deur<br>senator J. de Klerk                                          | 29 |
| Sportisolاسie begin sy slagoffers eis                                                          | 32 |
| Gemengde sport bereik h laagtepunt<br>in 1963                                                  | 35 |

#### Die Internasionale Olimpiese Komitee (I.O.K)

|                                                                                                    |    |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| Inleiding                                                                                          | 37 |
| Druk teen Suid-Afrika se beleid neem toe                                                           | 37 |
| Reaksie van die Suid-Afrikaanse Regering                                                           | 38 |
| Suid-Afrika word finaal gewaarsku                                                                  | 39 |
| Die Suid-Afrikaanse Regering se reaksie na<br>die uitsluiting uit die 1964 Olimpiese<br>Spele      | 41 |
| Verlig-verkrampde sportpolitiek in<br>Afrikanergeledere                                            | 42 |
| h Algemene beskouing en die stand van<br>die Suid-Afrikaanse sportbeleid aan<br>die einde van 1964 | 43 |

#### Die Loskopdam-Toespraak en die gevolge daarvan

|                                            |    |
|--------------------------------------------|----|
| Die Maori-turksvy in Suid-Afrikaanse Rugby | 46 |
| Dr. H.F. Verwoerd se toespraak             | 47 |
| Die posisie van die Maori's word opgeklar  | 50 |
| Gevolge van die Loskopdamtoespraak         | 51 |

HOOFSTUK 3:DIE SPORTBELEID VEROORSAAK SKEURING IN DIE  
NASIONALE PARTY

|                                                                 |    |
|-----------------------------------------------------------------|----|
| Druk op die Nasionale Party om 'n nuwe sportbeleid daar te stel | 54 |
| Die verlig-verkrampstryd neem toe                               | 57 |
| Die Sportkoususse                                               | 58 |
| Sportbase steun nuwe benadering                                 | 62 |
| Mnr. Vorster kondig 'n nuwe Sportbeleid aan                     | 64 |
| Die werklike betekenis van die verklaring                       | 68 |
| Implikasies van die Sportbeleid                                 | 70 |
| Isolasie bo vermenging                                          | 71 |
| Die 1967-Verklaring in perspektief gesien                       | 72 |
| Die Basil D'Oliviera-geval                                      | 73 |
| Basil D'Oliviera word opgeneem in die MCC-span                  | 73 |
| Vorster verbied die MCC-span                                    | 76 |
| Reaksie op die D'Oliviera-geval                                 | 79 |

Die Sportkwessie word op die spits gedryf -  
skeuring in die Nasionale Party

|                                                                               |    |
|-------------------------------------------------------------------------------|----|
| Regse druk bou op teen die Nasionale Party                                    | 81 |
| Die Finale konfrontasie: Die Transvaalse Nasionale Partykongres van 1969      | 84 |
| Dr. Hertzog in botsing met mnr. Vorster                                       | 87 |
| Dr. Hertzog verlaat die Nasionale Party en stig die Herstigte Nasionale Party | 88 |
| Oorsig                                                                        | 89 |

HOOFSTUK 4:

TYDPERK VAN VERNUWING EN AANPASSING IN DIE  
SUID-AFRIKAANSE SPORTBELEID.  
VEELVOLKIGE DEELNAME KRY SY BESLAG

|                                         |    |
|-----------------------------------------|----|
| Inleiding                               | 92 |
| Regse teenkanting teen gemengde sport   | 93 |
| Die Athur Ashe-geval                    | 95 |
| Die Franse rugbytoer en Roger Bourgarel | 99 |

Sportbeleidsaankondiging deur die Eerste  
Minister op 22 April 1971

|                                                                                  |     |
|----------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Agtergrond                                                                       | 100 |
| Beleidsstelling                                                                  | 103 |
| Die Olimpiese Spele                                                              | 105 |
| Rugby en Krieket                                                                 | 106 |
| Gholf                                                                            | 106 |
| Tennis                                                                           | 107 |
| Atletiek                                                                         | 107 |
| Binnelandse Sport                                                                | 108 |
| Die Verenigde Party en Broederbond<br>se standpunte aangaande die<br>sportbeleid | 108 |
| Regering verwerp gemengde sport                                                  | 110 |
| Veelvolkigheid kry sy beslag in die<br>Suid-Afrikaanse sportpolitiek             | 111 |
| Die Regering tree op teen gemengde<br>sportklubs                                 | 114 |
| Nuwe aksente begin opval in die<br>sportbeleid van 1974                          | 114 |
| Tenniswoelinge gedurende 1974                                                    | 116 |
| Sportbeheer in Suid-Afrika kom onder<br>die soeklig                              | 118 |
| Sportontwikkeling en deelname aan Suid-<br>Afrikaanse sport gedurende 1970-1975  | 120 |

Samevatting. Die situasie aan die  
einde van 1975

127

## HOOFSTUK 5:

### DIE NORMALISERING VAN SPORTVERHOUDINGE IN SUID-AFRIKA WORD 'n WERKLIKHEID

|                                                                                  |     |
|----------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Inleiding                                                                        | 129 |
| Die Suid-Afrikaanse sportbeleid aan die<br>begin van 1976 in perspektief gesien  | 130 |
| Sportbeheer                                                                      | 132 |
| Sportdeelname                                                                    | 134 |
| Internasionale deelname                                                          | 134 |
| Verteenwoordigende spanne van die<br>buiteland                                   | 135 |
| Intervolkere byeenkomste                                                         | 135 |
| Die Nasionale Party maak voorsiening vir die<br>belange van elke bevolkingsgroep | 136 |
| Gemengde klubs kry die wind van voor                                             | 141 |
| Dr. Koornhof behandel die knelpunte in<br>die Suid-Afrikaanse sportbeleid        | 144 |
| Gemengde deelname teenoor veelvolkige<br>deelname                                | 144 |
| Universiteitsport                                                                | 145 |
| Goedkeuring van veelvolkige sport                                                | 145 |
| Permitte                                                                         | 146 |
| Provinsiale verteenwoordigende spanne                                            | 147 |
| Junior sport en skolesport                                                       | 147 |
| Gebrek aan geskikte fasiliteite vir<br>veelvolkige sport                         | 147 |
| Veelvolkige sport en Springbokkleure                                             | 148 |
| Gemengde skolesport                                                              |     |
| Regeringsbeleid ten opsite van skole-<br>sport                                   | 149 |
| Verset teen gemengde skolesport                                                  | 153 |

|                                                      |     |
|------------------------------------------------------|-----|
| Sportontwikkeling gedurende die<br>tydperk 1976-1979 | 154 |
| Slotgedagte                                          | 158 |

HOOFSTUK 6:

ANTI-APARTHEIDSGROEPE EN RADIKALE VERSET TEEN  
AFSONDERLIKHEID IN SPORT IN SUID-AFRIKA

|                                                                                              |     |
|----------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Inleiding                                                                                    | 159 |
| Die Liberale Party in Suid-Afrika                                                            | 160 |
| Die South African Non-Racial Olympic<br>Committee (SANROC)                                   | 162 |
| Peter Hain                                                                                   | 163 |
| Die South African Council on Sport (SACOS)                                                   | 165 |
| Die Gleneagles-ooreenkoms en die sogenaamde<br>'swartlys'                                    | 167 |
| Verleentheidsituasies wat ontstaan het as<br>gevolg van die Suid-Afrikaanse sport-<br>beleid | 169 |
| BYLAAG                                                                                       | 172 |
| BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS                                                                    | 184 |
| SAMEVATTING                                                                                  | 192 |

## VOORWOORD

### Tema en Doelstelling

Soos wat die titel aandui word daar in die werk gepoog om vanuit 'n historiese perspektief te kyk na sportpraktyke en -beleid wat vanaf 1900, en in die besonder vanaf 1948-1979 gegeld het, en in die tweede instansie die implikasies wat dit tot gevolg gehad het. Wat veral opval is hoedat die Blanke Suid-Afrikaner alles in die stryd gewerp het om sy sport eksklusief blank te hou, dan net weer om sowat tien jaar later sy bes te doen om anderskleuriges in te trek en veelvolkige sport daar te stel. Die implikasies van die sportbeleid het in die proses sowel die groothartigheid as die kleinlikheid van die Suid-Afrikaner uitgewys. In die proses het die sportbeleid deurgesyer na alle fasette van die samelewing, te wete die politiek, kultuur, sakewêreld en selfs die kerklike lewe.

Om Suid-Afrika se posisie vandag in die Internasionale sportarena te begryp is dit nodig om terug te gaan in die geskiedenis en dié dinge uit te sonder wat die verloop van die sportbeleid in Suid-Afrika bepaal het.

Suid-Afrika se sportgeskiedenis het inderdaad 'n pad geloop wat enig in sy soort in wêreldgeskiedenis is. Aangesien die deursnee Suid-Afrikaner, hetsy as speler of toeskouer, sy sport hoog ag, speel sport 'n baie belangrike rol in sy alledaagse lewe.

Politiek was die ander onderwerp waaroor die Afrikaner driftig kon raak. Dat sport en politiek se paaie moes kruis, was onvermydelik.

As 'n Suid-Afrikaner wat lief is vir sport en politiek was dit vir my 'n voorreg om die sportgeskiedenis van Suid-Afrika na te vors.

## LITERATUUR

h Groot deel van hierdie verhandeling, sover dit beleidsformulering aan betref, berus op primêre navorsingsmateriaal. Sover vasgestel kon word is die sportbeleid met sy politieke implikasies nog nie voorheen geboekstaaf nie. Daar is wel heelwat geskryf oor die politieke faktor wat by sport ingesleep is. Kosbare gegewens en dokumente sover dit die sportbeleid aangaan, is verkry van die Departement van Sport en Ontspanning. Ander kosbare gegewens en materiaal is verkry vanaf koerante, nuusblaaië, Volksraadsdebate en die RGN-Sportondersoek. Muriel Horrell se A Survey of Race Relations in South Africa was ook van groot hulp.

Uitgebreide koerantnavorsing was nodig. Daar is hoofsaaklik op die volgende koerante gekonsentreer: Die Burger, Rapport, Die Vaderland, Die Transvaler, The Star, Sunday Times, Dagbreek en Sondagnuus, Rand Daily Mail en Beeld.

Die volgende proefskrifte en verhandelings is geraadpleeg sover politieke betrokkenheid by sport aan betref: Botha, J.L., h Onderzoek na die funksie van h Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika; Saaiman, G.B., Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed op die binnelandse politiek en Du Pisani, J.A., Die Politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere 1966-1970 met besondere verwysing na die beleid en leierskap van B.J. Vorster.

## TERMINOLOGIE

In die werk is daar veral drie begrippe wat op die voorgrond tree, te wete: "Sport", "Politiek" en "Beleid". Kortliks kom elke begrip neer op die volgende:

SPORT

Die term "sport" in sy wydste betekenis is 'n versamelwoord vir alle oefeninge en wedstryde (hetsy op georganiseerde of individuele basis) waaraan die mens deelneem om die ontwikkeling en lewenskragtigheid van sy liggaam te bevorder. Dit vorm 'n uiters belangrike deel van die menslike opvoedingsproses, want in die proses van sportbeoefening word 'n gebalanseerde volwaardige mens gevorm. Daarom kan daar gepraat word van 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.

POLITIEK

Politiek is die spel wat binne die staatkunde gespeel word. Dit is daardie skeppende kulturele aktiwiteit van die mens waardeur hy strukture skep om die land van sy herkoms te beheer, te regeer en te laat funksioneer.

Die mens gegiet in sy volkereverband, het vir homself 'n bepaalde stelsel geskep - 'n stelsel waarbinne hy hom van dag tot dag moet uitleef. Hierdie politiese werklikheid tipeer van volk tot volk na die aard van die omstandighede. Heden-daags het ons die kapitalisme, die sosialisme en die kommunisme as die drie belangrikste stelsels waarbinne die internasionale politiek funksioneer.

BELEID

Dit is dan juis binne die raamwerk van bogenoemde dat elke regering 'n beleid daarstel wat sy mense die beste sal dien. Binne die Republiek van Suid-Afrika is die Nasionale Party die dominante party. Die beleid wat die Nasionale Party daargestel het, het 'n nuwe wending in die Suid-Afrikaanse samelewing gebring - die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die beleid wat berus op die erkenning en uitlewing van die eie van elke volksgroep hier te lande, is sedert 1948 op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing

konsekwent probeer deurtrek, en in die proses het die politiek ook die sportveld betree.<sup>1</sup>

- 1) Asbeeld: Sport en Politiek, Studiestuk van die Afrikaanse Studentebond, p.5.

## INLEIDING

### VROEËRE SPORTVERHOUDINGS IN SUID-AFRIKA

In die periode 1900-1948 was daar veral twee bepalende faktore wat die beoefening van sport in Suid-Afrika betref. Dit was naamlik die Britse besetting van die boere-republieke en die tradisionale rassasamestelling van Suid-Afrika.<sup>1</sup> Soos dit ook met die politiek die geval was, het die Boer-Brit-verhouding in die eerste vyftig jaar van hierdie eeu die sporttoneel oorheers. Daar was "Engelse" sportsoorte soos krieket en "Afrikaanse" sportsoorte soos jukskei, maar selfs in die sportsoorte wat deur albei taalgroepe beoefen is, het by tye spanning ontstaan. Dit was veral die geval gedurende emosionele tydperke soos die twee wêreldoorloë.

Spanning tussen die twee blanke taalgroepe het in die dertiger- en veertiger jare 'n hoogtepunt bereik. Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en die pogings van die Smuts-regering om sport diensbaar aan die oorlogspoging te maak het tot verset by veral die anti-oorlogsgesinde Afrikaners gelei. Spanning op die sportvelde het na besture van sportorganisasies deurgewerk. Dit het tot polarisasie rondom politieke sentimente gelei, en meer konkreet rondom Afrikaans- en Engelssprekendes. Hiervan bied rugby 'n krasse voorbeeld, en wel in so 'n mate dat daar selfs "Afrikaanse" en "Engelse" rugbyklubs gestig is. Die Tuine- en Unieklubs in Kaapstad dien as voorbeeld.

Eers in die laat vyftiger en sestigste jare is sportverhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse Blankes genormaliseer. Dit is 'n era wat afgeloop het sodat daar sedertdien weinig sprake van spanning op sportgebied tussen die blanke taalgroepe bestaan.

1) R.G.N.-Sportondersoek, Sportbestuur (deel 1), 1982, p.61.

Soos wat Suid-Afrika se rasseproblematiek 'n meer dominante rol in politieke beleidstelling ingeneem het, het sportverhoudinge waarby Blank en Nie-Blank betrokke geraak het, 'n toenemende politieke kleur gekry. Tradisioneel is sport in Suid-Afrika op die basis van rasse-afsonderlikheid beoefen; pogings om gemengde of oop sport te bevorder, sou noodwendig in die arena van die politiek moes beland.<sup>2</sup>

#### BLANKE - NIE-BLANKE - SPORTVERHOUDINGE

Wat sportverhoudinge tussen Blank en Nie-Blank betref, bestaan daar sterk historiese bewyse dat dit, voor 1900 sowel as daarna, op die basis van rasse-afsonderlikheid geskied het. Weliswaar het sporadiese sportkontak tussen Blank en Nie-Blank voorgekom, maar dit was hoogs uitsonderlike insidente. Openbare voorkeure, konvensies en tradisies was ten gunste van rasse-afsonderlikheid in sport binne die ou Boererepublieke en vanaf 1910 ook binne die Unie van Suid-Afrika. Bewyse hiervoor kan gevind word in die Appélhofuitspraak van die Minister van Pos- en Telegraafwese versus Rasool van 1934 waarin Appélregter Beyers soos volg verklaar:

- (1) "Die wet moet verklaar word in die lig van die historiese, besliste skeidslyn tussen Europeaan en Nie-Europeaan wat die twee Republieke gekenmerk het ...."
- (2) "Afskeiding loop deur ons ganse maatskaplike lewe in die hele Unie, byvoorbeeld hospitale, begraafplase, openbare baaie en geriewe, speelgronde, trems en tallose ander gevalle."<sup>3</sup>

Dit is wetenskaplik geregverdig om af te lei dat die "besliste skeidslyn tussen Europeaan en Nie-Europeaan wat die twee Republieke gekenmerk het .... " ook in sport van

- 2) Scholtz, G.J.L., Grondslae vir Rekreasiekunde, p.124.
- 3) R.G.N.-Sportondersoek, p.61.

toepassing was; die uitspraak oor "openbare baaie, geriewe en speelgronde het sekerlik ook op sport betrekking.<sup>4</sup>

Verset teen gemengde ontspanning (en dit sluit sekerlik sport in) het al in 1899 gekom toe 'n maatskappy 'n groep Swartes wou werf vir 'n tentoonstelling in Londen; al vier die regerings (Kaapkolonie, Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat) het protes aangeteken. Natal het die leiding geneem, gevolg deur John X. Merriman van die Kaapkolonie, wat telegrafies met die Transvaalse regering in verbinding was en op die gevare van die plan gewys het. Merriman het in 'n memorandum aangevoer dat dit die allerbelangrikste vraagstuk van die verhouding tussen die Blanke en gekleurde rasse raak.<sup>5</sup>

Wat die sportadministrasie tussen die volksgroepe betref, het daar destyds geen wette of 'n amptelike sportbeleid bestaan wat afsonderlikheid in sport voorgeskryf het nie; rasse-afsonderlikheid in sport was deel van die tradisionele erfenis van sport in Suid-Afrika, onder Blankes, Swartes, Asiërs en Kleurlinge.

'n Kenmerk van die sportadministrasie van destyds was dat dit 'n sterk outonome karakter gehad het. Nie alleen moes sportadministrateurs en deelnemers volle verantwoordelikheid aanvaar vir die finansiering van hul sport en deelname aan groot internasionale kompetisies, soos die Olimpiese Spele en Statebondspele nie, maar hulle moes ook verantwoordelikheid aanvaar oor sensitiewe onderhandelinge rakende rasseverhoudinge in sport.<sup>6</sup>

#### SPORTKONTAK OOR DIE KLEURGRENSE

Omstreeks 1900 het enkele insidente van sportkontak oor

4) Ibid.

5) Die Burger, 21 September 1938.

6) R.G.N.-Sportondersoek, p.63.

die kleurgrens heen, plaasgevind. Veral sportsoorte soos krieket, boks en atletiek, en later ook rugby, is hierby betrek. Ontspanningskrieket tussen Blank en Maleier dateer van voor 1900.<sup>7</sup>

In 1904 is twee Swartes gewerf om tydens die wêreldskou te St. Louis in die V.S.A. op te tree wat gelei het tot hul deelname aan die derde Olimpiese Spele se marathonwedloop.<sup>8</sup> Dit was die eerste Suid-Afrikaners wat aan 'n Olimpiese Spele deelgeneem het.

In 1907 het die Suid-Afrikaanse Indiër-liggewig beroepsboks-kampioen, Jack Woodley, in Durban teen twee Blanke Britse Bokkers en 'n Blanke Amerikaanse bokser geveg.<sup>9</sup> Dit was geen ongewone gesig om Blanke bokkers teen Nie-Blanke bokkers te sien skerm nie. "Hierdie gebruik is so oud soos die berge, altans so oud dat Pappa Toweel hom geen ander gebruik kan herinner nie", aldus Die Burger.<sup>10</sup>

Gedurende 1919 het 'n Nieu-Seelandse militêre rugbyspan in Suid-Afrika getoer. 'n Indiër en vyf Maori's was ingesluit in hierdie span en volgens majoor Billy Dancher, bekende speler uit daardie tyd, is die span oral hartlik ontvang en het dit geen rasse-insidente opgelewer nie.<sup>11</sup> Die toelating van 'n veelrassige rugbyspan in Suid-Afrika, moet gesien word teen die agtergrond van die Smuts-regering se beleid en hul houding teenoor die rassevraagstuk op daardie tydstip.

Die bewindsoorname van generaal J.B.M. Hertzog in 1924, het prominensie aan die rassekwessie verleen. Integrasionistiese neigings het teenkanting vanuit Afrikanergeledere ontlok en dit sou spoedig weerklank in die sportwêreld vind.

7) Scholtz, p.125.

8) R.G.N.-Sportondersoek, p.62.

9) Die Burger, 12 Februarie 1963.

10) Ibid.

11) Rapport, 25 November 1973.

Gedurende 1926 het G.H. Dodd, die Nasionale tenniskampioen, wedstryde teen Swartes by die 'Bantu Men's Social Centre' in Johannesburg gespeel, en by die opening van die 'Bantu Sports Club' in 1932 het 'n aantal Blankes tennis teen Swartes en 'n Blanke krieketspan 'n wedstryd teen 'n Swart elftal gespeel.<sup>12</sup>

Inter-universitêre byeenkomste in atletiek het ook redelik algemeen plaasgevind tussen die universiteite van Rhodes en Fort Hare. Verskeie stede in Suid-Afrika het ook beskik oor veelrassige beheerrade in sokker en krieket wat wedstryde tussen Blankes en Nie-Blankes op 'n gereelde grondslag georganiseer het.<sup>13</sup>

#### DIE EERSTE MAORI-VRAAGSTUK

Die Maori-vraagstuk, wat later een van die groot strydvrae in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sport sou word en wat 'n baie groot invloed op die Suid-Afrikaanse politiek gehad het, het reeds in 1928 sy ontstaan gehad toe die Nieu-Seelandse rugbyspan vir die eerste keer deur Suid-Afrika getoer het. Mnr. Bennett, bestuurder van die Springbokspan, het reeds voor die toer gesê dat hy daarop gaan aandring dat geen Maori in die span ingesluit word nie.<sup>14</sup> Die daaropvolgende besluit van die Nieu-Seelandse rugbyunie om uitmuntende Maorispelers soos George Nepia en Mill uit die All Blackspan te laat is as 'n diplomatieke triomf in Suid-Afrika ontvang. Die Nieu-Seelanders het dit egter as 'n grootse belediging beskou. Die burgemeester van Christchurch het dit so gestel: "Had I been a selected member of the All Blacks I would have refused to go to a country that would not admit Maori members."<sup>15</sup>

12) Thompson, R., Race and Sport, p.25.

13) Ibid.

14) Thompson, R., Retreat from Apartheid: New Zealand's Sporting Contacts with South Africa, p.14.

15) Ibid.

## DIE STATEBONDSPELE VAN 1934

Tydens die Statebondspele se Jaarvergadering in 1931 is daar voorgestel dat die Statebondspele van 1934 in die Unie van Suid-Afrika aangebied moet word. Die Suid-Afrikaanse Amateur-Aletiek- en Fietsryvereniging, het op 2 April 1931 tydens die algemene Jaarvergadering op Bloemfontein soos volg gereageer: "It was agreed on a proposition from Mr. J. W. Loubser that in respect of the Empire Games which it was proposed should be held in South Africa in 1934 the Association expresses the opinion that the "colour bar" would of necessity have to be enforced here as conditions in this country did not permit of coloured athletes appearing in competition with Europeans."<sup>16</sup>

Hierdiebesluit het op 6 April 1931 in Londen weerklank gevind: "With reference to the proposal to hold the Empire Games in South Africa in 1934, the Association decided to uphold the colour bar and in view of conditions existing in the Union, will not permit athletes from countries such as India and the West Indies to take part even at the risk of appearing discourteous".<sup>17</sup>

Omdat sport en ontspanning dus in Suid-Afrika op die basis van rasse-afsonderlikheid bedrywe is, word Suid-Afrika gevolglik die geleentheid ontnem om die 1934-Statebondspele aan te bied.

## DIE PERS TREE TOE TOT DIE APARTHEIDSTRYD

Tot en met 1956 was daar geen sprake van 'n amptelike sport-beleid of sportverklaring deur die regering wat 'n weg uit-gestippel het vir die beoefening van sport langs rassegrense nie.<sup>18</sup> 'n Saak wat die Regering se aandag al hoe meer

16) Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Amateur Aletiek- en Fietsryvereniging gehou te Bloemfontein op 2 April 1931. Soos oorgeneem uit R.G.N.-Sportondersoek, p.64.

17) R.G.N.-Sportondersoek, p.64.

18) Rapport, 25 November 1973.

gevestig het op die dringendheid van so 'n stap was die Maori-kwessie.

In 1937 het die Springbokspan Nieu Seeland vir die tweede keer besoek. Geen wedstryd is egter teen die Maori's gespeel nie. Die gebruiklike wedstryd het nie plaasgevind nie uit protes teen Nepia se weglating in 1928.<sup>19</sup>

Die pers het verder die voortou geneem toe Die Burger sekerere gegewens bekom het wat gegaan het oor die voorlopige reëlins in verband met 'n voorgename toer van 'n Kleurlingvoetbalspan uit die Unie na Groot Brittanje: "n Afwyking word beoog van 'n grondbeginsel van kleurbeleid. Gelet op waar dit heen mag lei, is daar stellig, met ontsteltenis van die plan verneem. Om nou 'n begin toe te laat, sal die ondergrawing beteken van 'n hoeksteen van die Unie se kleurbeleid", aldus die redakteur.<sup>20</sup>

Die Burger regverdig sy standpunt soos volg: "Die kleurskeiding wat in Suid-Afrika op sosiale gebied veral noodsaaklik is, is in Europa onbekend. Hulle het daar nie die kleurvraagstuk wat die handjievol blankes hier as 'n saak van die lewe en dood van hul ras en beskawing moet beskou nie. Daarom is hul houding vir die blankedom alhier 'n wesenlike gevaar, soos die geskiedenis reeds met harde slae geleer het en die hede nog leer".<sup>21</sup>

Volgens die koerant het groot onkunde nog in die buiteland omtrent Suid-Afrika geheers. Verbasing word by herhaling uitgespreek omdat Blankes hiervandaan kom, want Suid-Afrikanners sou mos "swart" wees. Die publisiteit aan so 'n voetbalspan verbonde sal so 'n indruk in die hand werk en die blankedom van die Unie sal nie aan prestige wen nie.

19) Thompson, R., Retreat from Apartheid, p.74.

20) Die Burger, 21 September 1938.

21) Ibid.

Wanneer h begin toegelaat word, sou dit al hoe moeiliker gaan om toenemende en al hoe gevaarliker eise te weier. Dit is as't ware vandag die kleurling en mōre die naturel. Om h begin toe te laat sou die ondergrawing van h hoeksteen van die Unie se kleurbeleid beteken.

Dit sou dwaas wees om die oë te sluit vir die reperkussies wat dit in Suid-Afrika kan hê wanneer sulke mense terugkeer en die verskil hier opmerk in die verhoudings tussen die rasse, was Die Burger se standpunt.<sup>22</sup>

Gedurende 1942 was dit ook hoofsaaklik die koerante wat die rol van "sedebewakers" oorgeneem het. Veral Die Transvaler met dr. H.F. Verwoerd as hoofredakteur, het nie geaarsel om hul misnoeë uit te spreek as daar iets gebeur het wat lyk of dit gemengde sport kan bevorder nie.<sup>23</sup>

Na aanleiding van Springs se stadsraad wat geweier het om toestemming te gee vir h sokkerwedstryd wat sou plaasvind tussen vlieëniers aan die Dunnotta-vliegschool en h span Asi-ate, het Die Transvaler soos volg geskryf in h beleidsantisiperende hoofberig: "Hier kan geen maatskaplike gelykstelling, in watter vorm ook al, tussen blank en swart toegelaat word nie. Suid-Afrikaanse sportmanne handhaaf die skeidslyn net soos dit op ander gebiede geskied".<sup>24</sup>

Die Transvaler het ook sterk verontwaardiging uitgespreek toe besluit is om Ellispark aan Swartes af te staan vir h sokkerwedstryd. Wat die koerant betref was dit uit die bose en mag beslis nie toegelaat word nie.<sup>25</sup>

22) Ibid.

23) Die Transvaler, 15 Augustus 1942.

24) Ibid.

25) Die Transvaler, 20 Mei 1942.

## SAMEVATTING

Vanaf 1900-1950 het sport-politieke sentimente in Suid-Afrika rondom twee kragte gewentel: die relatiewe affiniteite van Boer teenoor Brit, en omgekeerd. Op sportgebied het die sentimente tussen Boer en Brit gedurende die veertigerjare 'n hoogtepunt van antagonisme bereik wat in jare daarna opgegaan het in een gemeenskaplike sentiment van lojaliteit aan Suid-Afrika en sy sportbelange. Die antagonisme tussen rasse op die gebied van sport het nog nie daardie volwassenheid bereik nie, naamlik dat etniese belang ondergeskik aan nasionale belang gestel word nie.<sup>26</sup>

Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog van 1939 tot 1945 het gelei tot intense interne politieke en sosiale konflik wat groot verdeeldheid in Blanke sport veroorsaak het.<sup>27</sup>

Dié konflik in sport het van 1941 tot 1945 gelei tot pynlike skeurings in provinsiale sportliggame en klubs wat eers na 1945 besleg is. Wantroue in blanke sportgeledere met gepaardgaande manipulasies en bestuurskeuses, sou nog vir jare daarna hul invloed laat geld. Die belangrike vraag wat uit hierdie gebeure aan die orde kom, is dit: in watter mate is dit geregverdig en gewens dat sport as 'n instrument aangewend moet word om owerheidsdoelwitte te bereik? Anders gestel: het die regerende politieke party, die amptelike regering, die reg om van sport te verwag om sportpraktyke in diens te stel van politieke doelwitte?

In dié verband is die besluit van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in 1941 ter sake:

26) R.G.N.-Sportondersoek, p.67.

27) Rapport, 18 November 1973.

"Met betrekking tot die besondere omstandighede van ons land is ons in die ongelukkige posisie dat ons geen algemeen aanvaarde nasionale sentimente het nie, behalwe miskien ons sport. Wat 'n groot deel van ons volk met patriotiese geesdrif roer, mag vir 'n ander groot volksdeel 'n bron van aanstoot wees; wat een deel as 'n 'volksaak' beskou, beoordeel 'n ander as 'politiek'. As ons toelaat dat ons spel gespeel word vir enigiets anders as die spel self, sal sy samebindende invloed kwyn en sal dit lei tot skerp en bittere twis en tweedrag".<sup>28</sup>

Die Tweede Wêreldoorlog, sy gruweldade en die uitwissing van meer as 6 miljoen Jode, het gedurende die vyftigerjare belangrike implikasies vir sport in Suid-Afrika ingehou. Vanuit die internasionale gemeenskap het 'n groeiende verset gekom teen enige vorm van onderskeidtreffing of diskriminasie op grond van ras, kleur, politiek of geloof, waarby ook die sport as sosiale instelling betrek is. Die klem het verskuif van verskille na gemeenskaplikhede, dit wat mense en volkere met mekaar gemeen het pleks van dit wat verdeling veroorsaak.

Tesame met die groeiende verset het 'n begeerte ontstaan by die anderskleuriges in die land om hul agterstand teenoor die Blankes uit te wis. Hulle het hulself, al was dit in die begin op 'n onbeduidende skaal, begin organiseer. Hulle wou dit nie langer aanvaar dat hul sportlui geheel en al van internasionale mededinging weerhou word nie. Weldra sou die eerste openlike aansprake op gelykberegtiging in sport gemaak word.

28) Rapport, 18 November 1973.

HOOFSTUK Ih NUWE SPORTERA BREEK AANInleiding

In die internasionale sport moes volkere met verskille in ras, godsdiens, beskawing, welvaart, kultuur, politiek en aard metodes vind om in harmonie met mekaar saam te werk en te wedywer. Die onderskeid van volkere of individue mag nie gebruik word om sekere regte of voorregte ten koste van ander te verkry of te bestendig nie.

Verskille ten opsigte van ras, politiek en godsdiens is uitgewys as die drie dominante veranderlikes wat verdeeldheid in sport veroorsaak. Namate godsdiensverskille in sport h minder belangrike verdelingsfaktor geword het, het die impak van rasse- en politieke verskille toegeneem om verdeeldheid te bewerkstellig. Soos dit in h publikasie van die R.G.N. gestel word: "By die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948, het hulle h sporterfenis ontvang waarin apartheidsport reeds sy volle beslag gevind het. Wat daarby geërf is, is die begin van versetaksies teen apartheidsport wat vanuit die middel veertigerjare dateer en wat in die vyftiger- en sestigjarige gegroei het tot intense interne en internasionale versetaksies teen afsonderlike sport en met veelrassige sport as die oënskynlike einddoel".<sup>1</sup>

Ook het die Verenigde Nasies totstand gekom wat met sy humanitêre inslag h gevoelige klankbord geword het vir die eise van die liberales binne Suid-Afrika.

1) R.G.N.-Sportondersoek, 1982, p.69.

Die kleurskeidslyn in Suid-Afrikaanse sport het veroorsaak dat humanitêre en politieke beweegredes die aanleidende oorsake was vir die sportisolasië waarin Suid-Afrika hom mettertyd sou bevind.

#### NIE-BLANKE SPORTVERSET NA 1948

Die versetaksies deur die Swartes teen apartheidsport het in 1948 nuwe momentum gekry by die bewuswording van hul geweldige agterstand op sportgebied. Daarteenoor was apartheid die hoeksteen van die Nasionale Party se beleid wat deur die meerderheid kiesers aanvaar is. Dit was gevolglik polities gesproke logies dat dié beleid in sy volheid gedurende die eerste bewindsjare van die Nasionale Regering tot alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing deurgetrok sou word.

Een van die gevolge daarvan was dat afsonderlikheid in sport die eerste keer wetlik afdwingbaar geword het. Daar was op daardie tydstip nog geen amptelike sportbeleid nie, maar die implikasies van apartheid was duidelik; daar sou geen sosiale vermenging op enige terrein hoegenaamd toegelaat word nie.

Teen die radikale toepassing van die apartheidsbeleid het daar mettertyd 'n revolusionêre reaksie onder die nie-blanke sportlui ontstaan. Daarin is die standpunt opgeneem dat daar in die buiteland om "hulp" gesoek moet word.

Apartheid het so die aansteeklike siekte van wêreldsport geword. Suid-Afrika sou vorentoe beveg word met sport as wapen nie net ter wille van die verkryging van beter sportvoorregte vir Nie-Blankes nie, maar ook met die uiteindelijke mikpunt om die Blanke heersers van Suid-Afrika tot oorgawe te probeer dwing.<sup>2</sup>

2) Kotze, Gert, Sport en Politiek, p.37.

handel dit nie om blote slim ontduik- of omseilmaatreëls nie, maar om duidelike standpuntstelling en blywende afweer." <sup>9</sup>

Dit kom dus daarop neer dat die Uitvoerende Raad van die organisasie op die standpunt dat integrasie op sportgebied, selfs in die beperkte sin wat dit op daardie tydstip ter sprake was, deel is van die aanslag om die afsonderlike voortbestaan van die Afrikanervolk te vernietig; dat dit meehelp tot die bevordering en uitbreiding van die Kommunisme; dat ontduik- of omseilmaatreëls niks sal help nie; dat die antwoord lê in duidelike standpuntstelling en blywende afweer, en dat hierdie blywende afweer van elke lid van die Afrikaner Broederbond verwag word, soos by sy instelling belowe. Dit was een van die redes waarom die politisering van sport 'n werklikheid geword het.

Teen 1955 was die politisering van sport nie net tussen Blank en Nie-Blank nie, maar ook tussen etniese groepe binne die Nie-Blanke gemeenskap, 'n konkrete feit wat binnelandse sowel as buitelandse sportverhoudinge begin vertroebel het.

Die voorstanders van apartheidsport het die kampvegters vir nie-rassige sport en rekreasie daarvan beskuldig dat hulle besig is om sport in die politieke arena in te sleep; daarteenoor het die voorstanders van integrasiesport aangevoer dat apartheidsport 'n politieke instrument van die Regering is, ongeag of dit die tradisionele patroon van sportbeoefening vir die voorafgaande honderd jaar was. Politieke en ander alliansies het mekaar die stryd aangesê, met sport as die speelbal. Dis veral internasionale sport wat hierdeur die ergste geraak is. <sup>10</sup>

9) Schoeman, B.M., Die Broederbond in die Afrikaner politiek, p.74.

10) Scholtz, G.J.C., Grondslae vir Rekreasiekunde, p.125.

Teen 1955 was dit duidelik dat Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die Britse Statebondspele en die Olimpiese Spele, asook internasionale deelname in tafeltennis, sokker, gewigoptel, en selfs atletiek, rugby en ander sportsoorte bedreig word. Nie alleen het Suid-Afrikaanse sportverhoudinge in die maalstroom van plaaslike politiek en verset-aksies beland nie, maar ook in die brandpunt van internasionale politieke strominge en magsblokke.<sup>11</sup>

h Ander gebeurtenis wat in 1955 gesorg het vir geweldige wrywing was die besluit wat die Stadsraad van Bloemfontein geneem het deurdat geen Nie-Blankes in die nuwe sportstadion toegelaat sal word nie. Hierdie besluit is, volgens die Bloemfonteinse Stadsraad, geneem weens die vrese vir h konfliktsituasie as gevolg van die Nie-Blanke ondersteuning vir besoekende spanne uit die buiteland.<sup>12</sup>

#### DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING RAAK BETROKKE BY SPORT

Alle gebeure op die sportveld tot en met 1954 was relatief onbelangrik. Tot op dié punt was Suid-Afrika gekonfronteer met probleme wat nie veel internasionale aandag getrek het nie.

Die eerste uitdaging tot die Suid-Afrikaanse beleid van rassediskriminasie in sport het in 1946 gekom. Mnr. T. Rangasamy, leier van die Nie-Blanke gewigoptellers in Suid-Afrika, het die Britse Amateur Gewigoptellersvereniging genader vir een of ander vorm van erkenning vir Nie-Blanke gewigoptellers in Suid-Afrika. In daardie stadium was al die lede van die Suid-Afrikaanse gewigoptellersvereniging blank.<sup>13</sup>

11) Ibid.

12) Lapchick, p.23.

13) Ibid., p.62.

Oscar State, toenmalige sekretaris van die Britse vereniging, het mnr. Rangasamy in 'n brief gedateer 13 Mei 1946 geantwoord: "We cannot bring any pressure on the South Africa Weightlifting Federation to force them to recognize you. Their rules, as with all national sporting associations in South Africa, will not permit of mixed contests between white and coloured athletes. This is also a condition of the South Africa Olympic Council, therefore no coloured man could be chosen to represent South Africa in the international contests".<sup>14</sup>

Kort hierna het Dr. Dönges aangekondig dat hy nie sal toelaat dat Nie-Blanke bokkers Suid-Afrika binnekom om hier teen Suid-Afrikaanse Nie-Blanke bokkers te boks nie. Dié reëling van Dönges was die eerste ingryping van Regeringsweë in Suid-Afrikaanse sport vandat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. Dit sou ook nie laaste inmenging wees nie.<sup>15</sup>

Die Regering het voortgebou hierop deur in 1954 die eerste regeringsverbod te plaas op georganiseerde sport tussen Blank en Nie-Blank. Alle gemengde sport by opvoedkundige inrigtings is streng verbied.<sup>16</sup>

#### SUID-AFRIKA SE EERSTE AMPTELIKE SPORTBELEID, 26 JUNIE 1956

Die opkoms van Nie-Blanke sport in Suid-Afrika en die gepaardgaande pogings van hierdie liggame om internasionale erkenning te verkry het gelei tot geskille met die Blanke sportliggame. Gerugsteun deur agitators en liberales is verskeie pogings ook aangewend om sport op 'n veelrassige grondslag in Suid-Afrika te vestig.<sup>17</sup>

14) Ibid.

15) Ibid.

16) Ibid.

17) Saaiman, G.B., Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolاسie en die invloed op die binnelandse politiek, p.116.

In die lig hiervan en die feit dat sportadministrateurs nog altyd self sportsake met betrekking tot rasseverhoudinge gehanteer het, het dié aangeleentheid gedurende die vyftigerjare meer kompleks en genuanseerd begin raak en het die owerheid in 1956 gevoel dat dit tyd geword het om vaste riglyne neer te lê waarbinne sport in Suid-Afrika moes ontplooi.

Hiermee het die staat amptelik by sport betrokke geraak en het dit deur die afdwinging van 'n vaste sportbeleid 'n mate van beheer oor sport verkry. Hierna het dit onvermydelik geword dat die staat ook medeverantwoordelikheid moes aanvaar oor wat met sport op internasionale gebied gebeur. Verder het die staat se betrokkenheid by sport vanweë die sportbeleid wat na 1956 gevolg het, tot groter politisering van sport gelei - in die parlement en daarbuite - 'n toedrag van sake wat mettertyd 'n politieke boemerang geword het.

Teen bogenoemde agtergrond het mnr. Piet Cilliers, hoofredakteur van Die Burger, die minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, genader en 'n amptelike en duidelike sportbeleid vir Suid-Afrika gevra. Op 26 Junie 1956 publiseer Die Burger dan ook die heel eerste amptelike sportbeleid van Suid-Afrika onder die volgende hoofopskrif: "Kleur en Sport: Dönges stel Suid-Afrikaanse beleid".<sup>18</sup>

Die beleid het niks nuuts ingehou nie; dit het egter 'n amptelike stempel geplaas op 'n sportpraktyk wat in die voorgaande jare die basis gevorm het vir die hantering van volkereverhoudinge binne sportverband.

In sy verklaring lê Dr. Dönges besondere nadruk daarop dat die verskillende sportsoorte in Suid-Afrika outonoom georganiseer word en nie onder regstreekse beheer van die Regering val nie.<sup>19</sup>

18) Die Burger, 26 Junie 1956.

19) R.G.N.-Sportondersoek, p.69.

Wat betref die sportdeelname van die verskillende rasse, het die minister gesê "... bestaan daar geen regeeringsbeleid met die krag van wetgewing daaragter nie. Dit wil sê geen wetgewing wat gemengde sport in Suid-Afrika verbied nie. Daar kan wel gepraat word van 'n algemeen aanvaarde Suid-Afrikaanse standpunt wat nie ten gunste van onderlinge sportmededinging tussen Blankes en Nie-Blankes is nie".<sup>20</sup>

"'n Reëling wat nog altyd in Suid-Afrika aanvaar is", het die minister voortgegaan, "is dat die Blankes en die onderskeie Nie-Blanke bevolkingsgroepe hul sportbedrywighede apart en onder aparte beheerende liggame moet organiseer. Dit was bevorderlik vir die Nie-Blankes se sportlewe omdat dit vir hulle die geleentheid geskep het om hulle in hul eie sport-organisasies uit te lewe en dit self te beheer. Gemengde spanne van Blank en Nie-Blank word algemeen afgekeur".<sup>21</sup>

"Wat internasionale mededinging betref", het die minister gesê, "is die algemene Suid-Afrikaanse standpunt dat buitelandse sportmanne ons gebruike hier moet eerbiedig, soos Suid-Afrikaners ander lande se gebruike eerbiedig wanneer hulle daar besoek aflê. Die Suid-Afrikaanse mening is gekant teen gemengde sport binne ons grense, behalwe waar dit gevalle van voorligting en opleiding van Nie-Blankes deur Blankes geld, en ons kan dus verwag dat besoekende spanne en individuele sportmanne die gevoel sal eerbiedig.

Nie-Blankes word nie uitgesluit van mededinging buite Suid-Afrika se grense nie. Nie-Blanke sportmanne uit naburige gebiede het al in Suid-Afrika besoek afgelê om hier met

20) Ibid., Vergelyk ook Lapchick, p.25.

21) Die Burger, 26 Junie 1956.

Suid-Afrikaanse Nie-Blankes mee te ding, en individuele Nie-Blankes wat in hul sport goed gepresteer het, het in die buiteland gaan meeding".<sup>22</sup>

Die minister het ook afkeur uitgespreek teenoor die neiging van veelrassige sportorganisasies uit Suid-Afrika wat poog om internasionale affiliasie te verkry ten koste van die tradisionele affiliasie van die Blanke liggaam en "om blanke Suid-Afrika op hierdie manier uit te sluit van internasionale sport. Die uiteindelijke oogmerk is om Suid-Afrika deur so 'n sport-afsondering te probeer dwing tot 'n beleid van sport-integrasie en 'n afbreking van die skeidslyne tussen rasse".

Die minister het verder gesê: "Internasionale skakeling vir die Nie-Blanke sportliggame in Suid-Afrika vir sover dit nodig sou wees, is iets wat stellig die beste behartig kan word deur die bestaande sportorganisasies wat internasionale affiliasie geniet".<sup>23</sup>

Voortgaande het die minister gesê: "Van hierdie strewe moet die Regering kennis neem en dit beveg sover dit binne sy vermoë is, en kan dus geen Nie-Blanke sportbedrywigheid regstreeks of onregstreeks (byvoorbeeld deur die verlenging van reisgeriewe) steun wat daarop gerig is om sulke agitasies te bevorder nie. Kortom, die Regering staan simpatiek en behulpsaam teenoor die bona fide-sportbedrywigheide van die Nie-Blankes, maar waar dit as dekmantel gebruik word om die landsbeleid te ondergrawe, moet hy oor die landsbelange waak. Ten slotte het hy 'n beroep gedoen op alle sportmanne, Blank en Nie-Blank, om die belange van hul sport eerste te stel en hul organisasies nie te laat inspan deur

22) Ibid.

23) Ibid.

mense met bedekte of openlike politieke motiewe nie. Die gebruik van sport as rassepolitieke wapen in Suid-Afrika sal onberekenbare gevolge hê, nie alleen op sportbeleid nie, maar ook vir die betrekkings tussen die verskillende rasse".<sup>24</sup>

Die Sportbeleid van 1956, wat in harmonie was met die oorhoofse doelwitte van die Regering, het die basis gevorm van die sportbeleide wat nog sou kom.

Aan die begin van die beleidstelling het Dr. Dönges die outonomie van Suid-Afrika se sport benadruk. In die verklaring self was dit egter duidelik dat die regering eerder probeer het om sy besluite oor volkereverhoudings in sport uit te brei. Die verklaring voorsien duidelike voorskrifte aan sport oor hoe sportsake tussen die onderskeie volksgroepe gereël moet word. Juis hierin lê die aantasting van sportoutonomie. Dit kom dus daarop neer dat die neerlegging van 'n sportbeleid wat sportverhoudings in detail uitspel, besliste beperkings op die outonomie van sport geplaas het.<sup>25</sup>

24) Ibid.

25) R.G.N.-Sportondersoek, p.71.

## HOOFSTUK 2

### BINNELANDSE EN BUITELANDSE VERSET TEEN DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTBELEID EN REGERINGSREAKSIES

#### Die geskil rondom Tafeltennis

Die grootste terugslag van 1960 vir Suid-Afrikaanse sportmanne het gekom rondom die tafeltennis-kwessie.

Tafeltennis in Suid-Afrika is hoofsaaklik deur Blankes beoefen en die Suid-Afrikaanse Tafeltennisunie is deur hulle beheer. Die totstandkoming van hoër opvoedkundige inrigtings vir die Nie-Blankes het egter meegebring dat hulle die Tafeltennisraad in 1948 op 'n veelrassige basis saamgestel het.<sup>1</sup>

Die probleem het gekom toe die Internasionale Tafeltennisfederasie die Nie-Blanke Suid-Afrikaanse Tafeltennisraad as die verteenwoordigende liggaam van die sport in Suid-Afrika erken het. Die oorspronklike besluit van die Internasionale Tafeltennisfederasie was om albei - die Blanke en Nie-Blanke-liggame te erken, maar toe die Nie-Blanke toeskouers verbied word by 'n wedstryd van die besoekende Israeli-span, het die Internasionale Tafeltennisfederasie die Blanke liggaam se lidmaatskap opgesê.

Agterna het 'n sportbeampite in 'n koerant opgemerk dat die Internasionale Tafeltennisfederasie se besluit die dun end van die wig was en dat dit alle ander Olimpiese sportsoorte sou beïnvloed en sou dit uiteindelik lei tot die skorsing van al die ander Suid-Afrikaanse sportsoorte.<sup>2</sup> Sy voorspelling het geblyk waar te wees.

- 1) Lapchick, R.E., The politics of Race and International Sport: The case of South Africa, p.67; Vgl. ook Horrel, M., A Survey of Race Relations in South Africa, 1955-1956, p.226; Vgl. ook Die Transvaler, 15.4.1974.
- 2) Ibid.

INTERNASIONALE DRUK NEEM TOE AS GEVOLG VAN DIE REGERING SE  
SIENING OOR VEELRASSIGE SPORT

Mnr. B.J. Vorster, het op 30 September 1959, toe nog adjunk-minister van Onderwys, 'n byeenkoms van die Nasionale Jeugbond van die Pretoriase Universiteit toegespreek. Die volgende dag het Die Transvaler onder die opskrif: "Rigting aangedui vir Nie-Blankes, veelrassige sport nooit in Suid-Afrika" berig dat Vorster gesê het "dat steeds groter druk op Suid-Afrika uitgeoefen word om nie alleen toe te laat dat Nie-Blanke sportmanne hierdie land moet besoek nie, maar dat Suid-Afrika ook Nie-Blankes na internasionale sportbyeenkomste moet stuur om die Unie daar te verteenwoordig."<sup>3</sup>

"Hy het gewaarsku dat die druk met verloop van tyd groter sal word. Indien hierdie land hom stel op die standpunt van integrasie en die standpunt dat die beleid van Bantoetuistes verkeerd is, sal daar uiteindelik onder die druk geswig word. Daar sal dan toegegee moet word aan die eise van absolute gelykheid ook op sportgebied."<sup>4</sup>

As gevolg van die optrede van die Regering het die internasionale druk, juis waarteen mnr. Vorster gewaarsku het, skerp toegeneem. Gedurende 1959 het die Suid-Afrikaanse Regering al hoe meer hul mag gebruik oor die weiering van reisdokumente. In Februarie het die Minister van Binnelandse Sake, mnr. Tom Naude, geweier om 'n paspoort toe te staan aan die Indiese bokser, Pancho Bathacaji, wat hom voorberei het vir 'n geveg teen die Nie-Blanke kampioen Sexton Mebena.<sup>5</sup>

In Maart het die regering beslag gelê op die paspoorte van 'n nie-blanke tafeltennisspan wat op pad was na die wêreldkampioenskappe. In Desember is paspoorte geweier aan 'n Egiptiese Tafeltennisspan wat teen 'n Nie-Blanke span wou kom speel.<sup>6</sup>

3) Schoeman, B.M., Vorster se 1 000 dae, p.18.

4) Die Transvaler, 1 Oktober 1959.

5) Lapchick, R., p.31.

6) Ibid.

Afgesien van bogenoemde gebeure was die druk aan die einde van 1959 relatief baie oppervlakkig. Vanaf 1960 egter het die druk dramaties toegeneem op sportsoorte soos onder andere tafeltennis, boks, sokker, tennis, krieket en rugby om enkeles uit te sonder. Ook Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die Olimpiese Spele is aan sterk internasionale druk onderwerp. Sommige sportsoorte het na skuiwergate in die 1956-verklaring gesoek ten einde aan internasionale eise te probeer voldoen.

Dat die Suid-Afrikaanse Regering absoluut gestaan het op sy beleid van geen rassevermenging in sport nie, blyk uit die feit dat die Imperiale Krieketkonferensie wat in 1960 gehou is, die Regering versoek het om sy beleid uit te spel. Dit was as gevolg van talle versoeke wat die Imperiale Krieket Konferensie bereik het oor die rassediskriminasie wat daar bestaan het in die Nasionale Krieket Assosiasie.

In antwoord hierop het die Minister op 16 Junie 1960 die volgende verklaring gemaak: "Die regering is nie gretig dat gemengde kompetisies binne die grense van Suid-Afrika plaasvind nie en sal sodanige kompetisies so veel as moontlik ontmoedig, aangesien dit teenstrydig is met die beleid van die land - soos wat dit deur alle rasse in die land aanvaar word. Die beleid van aparte ontwikkeling is in ooreenstemming met die tradisionele Suid-Afrikaanse siening dat Blank en Nie-Blank hul sportaktiwiteite apart beoefen. Die insluiting van verskillende rasse in dieselfde span sal heeltemal teenstrydig wees met die bestaande norme."<sup>7</sup>

Mnr. J.F. Naudé het later op h vraag wat in die Parlement aan hom gevra is weer eens die Regering se standpunt, soos gebaseer op die verklaring van dr. Dönges in 1956, herhaal. Hy het gesê dat Nie-Blankes toegelaat sal word om in die buiteland teen buitelandse spanne deel te neem en dat die sportbeleid soos neergelê as riglyn vir die uitreiking van visums

7) Horrel, M., A Survey of Race Relations in South-Africa, 1961, p.273.

en reisdokumente sal dien.<sup>8</sup>

### Skorsing van sokker word h werklikheid

Die aanloop tot Suid-Afrika se skorsing uit die internasionale sokkerliggaam, die 'Federation of International Football Association' (FIFA), het gekom toe die 'South African Soccer Federation' (SASF), h nie-blanke verteenwoordigende liggaam, in 1955 by FIFA aansoek gedoen het om as die verteenwoordigende liggaam in Suid-Afrika erken te word. Op daardie tydstip was dit die 'Football Association of South Africa' (FASA), h blanke liggaam, wat internasionale erkenning geniet het.<sup>9</sup>

Gedurende 1956 het h afvaardiging van FIFA, die Lotsy-afvaardiging, Suid-Afrika besoek om ondersoek in te stel na die sokker-opset in die land. FASA het die kleurklousule in hul konstitusie verwyder, maar het die afvaardiging daarop gewys dat hulle steeds die politieke opset in die land moet gehoorsaam.<sup>10</sup>

By die volgende vergadering van FIFA in September 1961 in Stockholm, is besluit dat FASA gefaal het in sy plig teenoor die Nie-Blankes. Die aansoek van SASF om internasionale erkenning is tot stemming gebring en afgekeur. Alhoewel FASA twaalf maande gegun is om veranderinge in die sokkeropset aan te bring, kon hulle nie daarin slaag nie en is hulle gevolglik uit die internasionale liggaam geskors.<sup>11</sup>

### Sportverklarings deur senator de Klerk

Gedurende 1962 het die regering hom verskeie kere uitgespreek aangaande gemengde sport. Die eerste geleentheid was op 9 Februarie toe die nuwe Minister van Binnelandse Sake, senator Jan de Klerk, hom as volg in die Parlement uitgespreek het:

8) Debatte van die Volksraad, 16 Mei 1961, kol. 6530.

9) Draper, M., Sport and Race in South Africa, p.43; Vgl. ook Horrell, M., A Survey ... 1955-1956, p.226. Vgl. ook Horrell, M., A survey .... 1956-1957, p.217.

10) Draper, M., p.42.

11) Ibid., p.43.

"So ver terug as 1956 het die Minister van Binnelandse Sake, destyds Sy Edele dr T E Dönges, verduidelik dat die beleid van aparte ontwikkeling die Suid-Afrikaanse tradisie voorhou dat Blankes en Nie-Blankes hulle sportaktiwiteite afsonderlik sal ontwikkel, dat daar geen kompetisies tussen verskillende rasse binne ons grense sal wees nie en dat die vermenging van rasse in spanne wat binne die grense van die Republiek en in die buiteland aan kompetisies sal deelneem, vermy moet word."

"Hierdie beleidsverklaring is al oor en oor deur huidige en eertydse ministers verkonding en is steeds die beleid van die regering in sake van hierdie aard."<sup>12</sup>

So vasbeslote was die Regering om die sportbeleid deurgevoer te kry na alle fasette van die Suid-Afrikaanse sportbestel, dat senator De Klerk 'n tweede sportverklaring om middernag 30/31 Maart uitgereik het. Hy het weer na die Regering se standpunt met betrekking tot gemengde sport verwys en in besonder na gemengde sport in buurlande: "It must be understood that all attempts to evade or undermine the South African custom in neighbouring territories by inviting or inducing White and Non-White teams to play against one another across the border (or by inviting mixed teams from South-Africa) in what are clearly not international competitions organized specifically to do there, with South African sportsmen as participants, what is not permissible in South-Africa itself will be viewed in an unfavourable light."<sup>13</sup>

Sover dit die deelname van gemengde spanne na en van Suid-Afrika aan internasionale kompetisies betref, het senator De Klerk soos volg verklaar: "As regards the participation of mixed teams from the Republic in world sports tournaments or competitions, the Government cannot approve of teams from

12) Draper, M., pp.6-7; Vgl. ook Debatte van die Volksraad, 9.2.1962, kol. 875.

13) Draper, M., p.7; Vgl. ook Horrell, M., A Survey .... 1962, p.213.

the Republic being composed of Whites and Non-Whites. And conversely foreign teams so composed cannot be permitted to enter the Republic."<sup>14</sup>

In Mei 1962 word h omsendbrief van die Departement van Opvoeding, Kuns en Wetenskap aan sportorganisasies gestuur waarin hulle versoek word om met die Regering te konsulteer voordat oorsese sportmanne na Suid-Afrika genooi word. Die skrywe lees as volg: "Several cases recently occurred where invitations were extended to overseas sportsmen and sports teams to participate in events in South Africa without previous consultation with the Government.

"This department, as the department responsible for physical education, wishes to impress on your association the necessity of consulting with the Department of the Interior before extending such invitations.

"Visitors from most countries must obtain visas from the Department of the Interior. Each case is decided on its merits, and if respective hosts will, before extending an invitation, or giving publicity to a possible invitation, ensure that the persons concerned will be admitted to South Africa, they will obviate embarrassment both for the Government and for themselves.

"They may thus also save their prospective guests disappointment and the expense of preparing for a visit which has to be cancelled later.

"For these reasons, the department appeals to all national sports associations and their affiliated bodies to co-operate with the Government in this important matter, and to consult the Department of the Interior before entering into negotiations which may eventually lead to an invitation to overseas sportsmen or teams."<sup>15</sup>

14) Draper, M.. p.7;

15) The Star, 11.5.1962; Vgl. ook Draper, M., p.8

### Die werklike betekenis van die 1962 verklarings

In die poging van die Regering om situasies te vermy wat in Suid-Afrika groot verleentheid op die gebied van sport veroorsaak het, is dit duidelik dat die motiewe van organisasies wat Suid-Afrika juis in die verleentheid wou plaas, heeltemal onderskat is.<sup>16</sup>

Dit is duidelik dat daar 'n vrees by die Regering ontstaan het dat indien die beleid van afsonderlikheid nie konsekwent deurgetrek word na alle lewensterreine nie, dit 'n presedent sou skep met 'n moontlike sneeubal-effek. Uitsonderings soos op die gebied van internasionale sport sou die hele beleid kragteloos maak.<sup>17</sup>

In wese was die sportverklarings van senator Òe Klerk 'n verdere presisering van die 1956-verklaring ten einde enige twyfel uit die weg te ruim van hoe die beleid toegepas moet word en wat die wens van die Regering was.

Die 1956-verklaring het dit duidelik gestel dat gemengde sport binne Suid-Afrika se grense verbied word. Daar is egter nie voorsiening gemaak vir Blanke of Nie-Blanke spanne wat buite Suid-Afrika se grense teen mekaar wou meeding nie. Die 1962-verklaring het hiervoor voorsiening gemaak en dit sou voortaan "in 'n ongunstige lig beskou word."<sup>18</sup>

### Kritiek teen die 1962-Sportverklarings

Die Regering het homself nie net geweldige kritiek op die hals gehaal na die sportverklarings nie, maar die druk op Suid-Afrika het baie toegeneem. Die druk vanuit politieke frontorganisasies soos die ondergrondse Kommunistiese Party, die radikale Liberale Party, filiale van die vier Congressbewegings, tesame met internasionale pressiegroepe het

16) Saaiman, G.B., Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed op die binnelandse politiek, p.126.

17) Rapport, 2.12.1973.

18) R.G.N.-Sportondersoek, Sportbestuur (Deel I), 1982, p.74.

sodanig verhewig dat die voortbestaan van Suid-Afrika se internasionale sportbande in onmiddellike gevaar verkeer het.<sup>19</sup>

Dit het duidelik begin word dat dit nie net gegaan het om gelykberegtiging en gelykheid in soort nie, maar om algehele vernietiging van die apartheidsbeleid en die dominasie van die witman in Suid-Afrika. Maar ook in die binnekring van die Afrikaner het woelinge ontstaan.

Daar is gevoel dat die Regering self te radikaal geword het en ewe radikale teenreaksie uitgelok het. Pleks van konfrontasie is op 'n meer soepele en pragmatiese benadering van werklikhede in Suid-Afrika aangedring. Die Verwoerd-regering het homself met die rug teen die muur bevind.

Vanuit die buiteland was dit veral die Nieu-Seelanders wat uitgesproke was in hul kritiek teen die 1962-sportverklarings. So het mnr. Tom Morrison, voormalige Nieu-Seelandse keurder gewys op 'n dualisme in die sportbeleid toe hy gesê het dat hy nie kan verstaan hoe die Suid-Afrikaanse Regering Japan-nese as blank kan beskou en sommige van die Nieu-Seelanders nie.<sup>20</sup>

Andere het aangevoer dat Suid-Afrikaners en Nieu-Seelanders (insluitende Maori's) gedurende die vorige wêreldoorlog gesamentlik teen die Japannese in die Koreaanse Oorlog teen die Chinese en Kommuniste, geveg het. Aan Japannese en Chinese is "ere-blankenskap" toegeken, maar Nieu-Seeland se Maori's word uitgesluit.<sup>21</sup>

#### Die 1963-Sportverklaring deur Senator J. de Klerk

Ten einde enige verdere misverstand uit die weg te ruim in

19) Rapport, 2.12.1973.

20) Ibid.

21) Ibid.

verband met veelrassige sport, het die minister van Binnelandse Sake, senator de Klerk, op 30 Maart 'n negge-punt-sportverklaring uitgereik:

1. "Die Suid-Afrikaanse gebruik is dat binne die grense van die Republiek, blankes en nie-blankes hul sport afsonderlik beoefen en hierdie gebruik moet eerbiedig word d.w.s. dat binne ons landsgrense, blankes en nie-blankes nie met mekaar moet meeding nie, hetsy in individuele items of in spanne of as deel van spanne.
2. "Dat Suid-Afrikaanse sportmanne van een besondere ras buite die grense van ons land teen die sportmanne van 'n ander ras, wat nie Suid-Afrikaners is nie, kan deelneem waar dit in daardie lande die gebruik is.
3. "Die Regering sal hom wat betref sport buite ons landsgrense aan die gebruike van ander lande hou, maar hy verlang dat andere, wanneer hulle Suid-Afrika besoek, hulle hul aan ons gebruike moet hou, d.w.s. dat binne ons landsgrense blankes teen blankes en nie-blankes teen nie-blankes sal meeding.
4. "Die deelname aan wêreld sporttoernooie of kompetisies van gemengde spanne as verteenwoordigers van Suid-Afrika as geheel kan nie goedgekeur word nie. Waar blankes byvoorbeeld aan sodanige toernooie indiwiidueel deelneem moet hulle dit doen as verteenwoordigers van die blankes van ons land en net so sal die nie-blanke as verteenwoordigers van die nie-blanke Suid-Afrikaners optree.
5. "Die uitnodiging van Suid-Afrikaanse spanne deur sportverenigings in ons buurgebiede om daar aan wedstryde deel te neem wat strydig is met ons gebruik binne die Republiek en wat klaarblyklik nie internasionale wedstryde is nie, sal nie in 'n gunstige lig beskou word nie.

6. "Dit is in ooreenstemming met die Regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling om blanke en nie-blanke sportverenigings sover as moontlik te help maar seer sekerlik nie as hulle hul dit ten doel stel om die land te dwing om van sy verklaarde beleid af te sien nie.
7. "Sover dit die administrasie en beheer van sportbedrywighede betref, is dit in ooreenstemming met Regeringsbeleid dat nie-blanke verenigings langs die ooreenstemmende blanke verenigings bestaan en ontwikkel en by die oorweging van sake wat nie-blanke verenigings raak kan een of twee lede van die blanke Uitvoerende komitee van die Hoofliggaam die vergaderings van die nie-blanke liggaam sê Uitvoerende Komitee bywoon wanneer daartoe versoek word ten einde 'n skakel tussen die komitees te wees en om die blanke komitee in te lig oor die menings van die nie-blanke komitee wanneer sake van belang vir laasgenoemde behandel word.
8. "Indien die metode in die voorafgaande paragraaf geskets om een of ander rede in 'n besondere geval miskien nie uitvoerbaar blyk nie, kan een of meer lede van die nie-blanke liggaam gekoöpteer of gekies word om in die blanke Uitvoerende Komitee te dien in 'n adviserende hoedanigheid wanneer sake rakende die nie-blanke liggaam bespreek word, om sodoende die belange van die nie-blankes te verteenwoordig.
9. "Die blanke Uitvoerende Komitees kan op hoë vlak as koördinerende liggame tussen die verenigings en as verteenwoordigers in die ooreenstemmende wêreldliggame dien.  
 "Ek doen hierdie verklaring met die doel om nogeens die beleid helder te stel sodat daar in die toekoms geen verskonings opgewerp kan word as daarvan afgewyk word nie.  
 "Enige toekomstige afwyking van die beleid deur sportverenigings en sportmanne sal willens en wetens geskied en sal die Regering daartoe noop om oorweging te skenk om wetgewing in te dien ten einde te verseker dat

uitvoering gegee word aan sy beleid van afsonderlike ontwikkeling sover dit sport en moontlik ook ander byeenkomste betref."<sup>22</sup>

Bogenoemde verklaring het alle vorige verklarings bevestig. Ten spyte van die feit dat die sportwêreld besig was om te verander, het die Regering by sy vorige uitsprake gehou. Die feit dat daar teen die einde van die verklaring gewaarsku is dat wetgewing ingedien sou word indien daar afgewyk word van die beleid, het die Regering sy vasberadenheid getoon om die sportbeleid deurgevoer te kry.

### Sportisolasie begin sy slagoffers eis

Wat onverdunde, onbuigsame apartheid aan die gholfspeler Sewsunker (Papwa) Sewgolum gedoen het, is 'n onuitwisbare klad op die naam van Suid-Afrikaanse sport.

Al die omstrede voorvalle wat die sportbedrywighede van hierdie Indiër-gholfspeler regstreeks en onregstreeks beïnvloed het, dui op die radikale aspekte van 'n politieke bestel wat algehele sosiale skeiding tot elke prys wou handhaaf.

Sewgolum was in vele opsigte die eerste simboliese slagoffer van apartheid.

Toe die moontlike deelname van Papwa aan die Natalse Ope terspreke gekom het, het die toenmalige Minister van Binnelandse Sake, (onder wie sport geressorteer het), laat blyk dat dit steeds die regering se beleid was dat elke bevolkingsgroep sport afsonderlik moet beoefen.<sup>23</sup>

Die Natalse Gholf-unie het in 1963 besluit om die inskrywing

22) Persverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, Sy Edele Senator J. de Klerk. Uitgereik op 4 Februarie 1963 deur die Departement van Inligting, Kaapstad; Vgl. ook Stër, 9 Januarie 1970, p.8.

23) Kotzé, Gert, p.45.

van Sewgolum vir die provinsie se ope-kampioenskap te aanvaar. Van regeringskant was daar, sover vasgestel kon word, gewis belangstelling in die gebeure, maar geen aanvanklike regstreekse bemoeiing daarmee nie.

Die probleem het naamlik ontstaan dat Papwa se wedywering saam met Blankes hom steeds onderhewig gemaak het aan die bepalings van die Wet op Groepsgebiede. Daarvolgens sou die bestuur van die klub hom aan vervolging skuldig maak as die Indiër-speler die terrein van die klubhuis betree .... waar verreweg die meeste werknemers terloops toe reeds Indiërs was.

Ten volle bewus van die wetlike situasie, het die bestuur van die Natalse gholf-unie besluit om liever die gebruiklike prysoorhandiging ná die toernooi buite die klubhuis te hou. Dit op sigself was nie 'n geskiedkundige wegbreek van tradisie nie, want soortgelyke gesellighede word dikwels in die buitelug gehou.

Maar daar het 'n nuwe probleem ontstaan deurdat dit pas na afloop van die toernooi begin reën het. Selfs in dié omstandighede het die wet dit verbied dat die Indiër sy wenprys en sy trofee binne die klubhuis mag ontvang.

Ná 'n noodberaad is besluit om 'n seil tussen die bome voor die klubhuis te span, sodat daar 'n mate van skuiling teen die reën was. Daar het Sewsunker Sewgolum sy prys en sy trofee ontvang.

So is die uiterste konsekwensies van die destydse onbuigsame toepassing van die beleid van afsonderlikheid duidelik getoon.<sup>24</sup>

24) Kotze, Gert, p.45.

Die tweede probleemsituasie het met die daaropvolgende Suid-Afrikaanse ope-kampioenskap in Bloemfontein ontstaan. Afgesien van alles is Sewgolum se inskrywing deur die Suid-Afrikaanse Gholf-unie aanvaar, met die hoop dat die betrokke "wet van die Vrystaat" nie in hierdie geval na die letter toegepas sal word nie. So het sake, gelukkig vir Sewgolum, verloop.

Van regeringskant is toestemming verleen dat Sewgolum aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe by die Bloemfonteinse Klub deelneem, op voorwaarde dat die bepalinge van die Wet op Groepsgebiede streng nagekom word. Met ander woorde, daar mag nie toegelaat word dat hy die geriewe van die klubhuis gebruik nie.

Anders as in Durban, waar hy by sy eie woning tuisgegaan het, was huisvesting in Bloemfontein die volgende probleem. Daar is besluit dat hy snags in die Nie-Blanke woongebied mag tuisgaan en dat hy bedags in 'n tent op die baan moet bly wanneer hy nie geoefen of gespeel het nie. Dit het gou geblyk dat hierdie besluit nóg 'n ongelukkige nasleep sou hê. Opnames van Papwa in die tent is nog dieselfde dag die wye wêreld ingestuur.<sup>25</sup>

Die Papwa Sewgolum-geval het net weer die probleem van sport-isolasie of aanpassing in die Regering se standpunt aangaande gemengde internasionale sport, na vore gebring. Die saak het 'n heftige woordewisseling in die Nasionale Party-koukus tot gevolg gehad toe aangevoer is dat die onversoenlike houding van die Regering daartoe bydra dat sportbetrekkinge onnodiglik in gevaar gestel word.

Volgens Die Transvaler verklaar die Minister van Binnelandse Sake, senator de Klerk op 29 Januarie 1963 dat wetgewing ingedien gaan word na aanleiding van die oorwinning van die

25) Kotze, Gert, p.48.

Indiër Papwa Sewgolum, in die Natalse Ope-gholftoernooi.<sup>26</sup> Dié berig het egter h nadraai in die Parlement gehad toe mnr. E.G. Malan die inhoud daarvan onder die aandag van senator de Klerk gebring het en wou weet of die regering wetgewing gaan oorweeg na aanleiding van die oorwinning van die Indiër, Papwa Sewgolum. Senator de Klerk het soos volg gereageer: "Wetgewing word nooit ingedien vir h individuele geval nie. Dit is ook uiters laakbaar dat in die vraag gesinspeel word op wetgewing na aanleiding van h oorwinning terwyl die agbare lid goed weet dat die probleem nie dié is van enigiemand se oorwinning nie, maar van die beginsel van gemengde sport in weerwil van al-oue landsgebruik. My openbare verklaring oor die algemene beginsel en beleid insake gemengde sportbedrywighede stel dit egter duidelik wat die lands- en regeringsbeleid is, asook dat as in die vervolg nie daaraan voldoen word nie, hetsy uit onwil of vanweë die verskoning dat liggame magteloos is omdat daar geen wetgewing is wat hulle die nodige steun of voorskrifte gee nie, dan sal die regering wetgewing indien wat hierdie positiewe beleid insake deelname of nie-deelname aan gemengde sport binnelands en buitelands duidelik bepaal."<sup>27</sup>

In die lig van die reaksie wat hy daardie tyd uitgelok het en gesien in die lig van die huidige sportopset in Suid-Afrika, kan Papwa Sewgolum stellig as h soort voortrekker onder die land se nie-blanke sportlui bestempel word, aangesien sy deelname aan "Blanke" toernooie die eerste deure na veelvolkige sport oopgemaak het, al was dit ook destyds beskou as h hoë uitsondering op die vaste reël van sportapartheid.

#### Gemengde sport bereik h laagtepunt in 1963

"Veelrassige sport in Suid-Afrika word op h baie beperkte skaal beoefen en dit lyk of daar in die laaste paar jaar tot en met 1963 h afname was in die getal byeenkomste waarin

26) Die Transvaler, 29.1.1963.

27) Debatte van die Volksraad, 5.2.1963, kol. 806.

Blank en Nie-Blank saam en teen mekaar meeding", aldus Die Burger. Volgens die koerant was daar in geen stad in die Republiek sprake van georganiseerde gemengde sport nie, maar in 'n hele paar gevalle is daar jaarlikse wedstryde veral in sokker, krieket en bofbal gespeel waarin Blankes en Nie-Blankes teen mekaar en soms in gemengde spanne gespeel het. Hierdie wedstryde is dikwels gereël vir die insameling van geld waarmee sportgeriewe vir Nie-Blankes verbeter kon word.<sup>28</sup>

Dit was ook nog 'n taamlik algemene gebruik dat Nie-Blanke bokkers Blankes help in hul voorbereiding vir groot beroepsgevegte. Chinese mans en vroue het plek-plek in die Blankes se sagtebal- en korfballigas deelgeneem en ook aan die Blanke tafeltennistatoernooie. "Elke jaar sedert die jaar nul word daar rondom die Kersfees en Nuwejaarsdag vlak by Johannesburg 'n paar veelrassige vriendskaplike krieketwedstryde gespeel. Bekende springbokke het al aan hierdie wedstryde deelgeneem. In die laaste paar jaar was daar egter minder van hierdie wedstryde as vroeër." Aldus van die voormanne van liggame wat hulle beywer in veelrassige sport in Suid-Afrika.<sup>29</sup>

Ook in Durban waar daar gereeld in sportsoorte soos tennis, boks, fietsry en gholf teen mekaar gespeel is, het daar sedert Oktober 1961 geen gemengde sportbyeenkomste plaasgevind nie. Die enigste veelrassige sport, as 'n mens dit so kan noem, wat nog in die Vrystaat aangetref word, is op die perdewedrenbaan. Daar jaag blanke en nie-blanke jökkies by dieselfde byeenkomste en in dieselfde wedrenne teenmekaar.<sup>30</sup>

Indien Suid-Afrika nie wou gehad het dat hy heeltemal afgesny word van die res van die wêreld se sportbedrywighede nie, het daar slegs een alternatief oorgebly. Voor die vergadering van die 1963 krieketvereniging het die voormalige Wes-Indiese krieketspeler, Sir Learie Constantine verklaar: "If

28) Rapport, 2.12.1973.

29) Ibid.

30) Ibid.

South Africa wants to play cricket she should be prepared to take on all Commonwealth countries or reject them all."<sup>31</sup>

### DIE INTERNASIONALE OLIMPIESE KOMITEE (I.O.K.)

#### Inleiding

Met die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van 'geen gemengde sport' was 'n botsing met die I.O.K. onvermydelik. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele vereniging het sedert 1956 onder ernstige druk begin kom om hom te distansieer van diskriminerende praktyke in Suid-Afrikaanse sport. Die kernvraag waarom dit gegaan het, was of Suid-Afrika hom hou aan die bepalings van die Olimpiese Handves, naamlik dat by die keuse van spanne geen diskriminasie teenoor enige persoon op grond van ras, geloof of politieke beskouing toegelaat sal word nie, en dat Nasionale Olimpiese Komitees volkome onafhanklik en outonoom moet wees en in 'n posisie om enige politieke, godsdienstige of kommersiële druk te weerstaan. Kritici was van oortuiging dat Suid-Afrika hierdie bepalings oortree en het begin aandring op Suid-Afrika se uitsluiting uit die Olimpiese Spele.<sup>32</sup>

#### Druk teen Suid-Afrika se beleid neem toe

Gedurende November 1958 het mnr. Avery Brundage, President van die Internasionale Olimpiese Komitee, erken dat protestukke teen Suid-Afrika ontvang is en dat vir die eerste keer ernstige aandag aan die saak verleen word.<sup>33</sup> Mnr. Reginald Honey, Suid-Afrika se lewenslange verteenwoordiger op die I.O.K., is verwittig dat die vraag van Nie-Blanke deelname aan die 1960-Olimpiese Spele te Rome tydens die I.O.K.-vergadering van Mei 1959 te berde gebring gaan word.<sup>34</sup> Tydens die vergadering van die I.O.K. te München het

31) Thompson, R., Race and Sport, p.37.

32) RGN-Sportondersoek, p.106.

33) Rand Daily Mail, 27.11.1958.

34) The Star, 8.11.1958.

mnr. Honey die versekering gegee dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee sal voortgaan om Nie-Blankes se sport aan te moedig en dat Nie-Blankes outomaties in Suid-Afrikaanse spanne ingesluit sal word as hulle die Olimpiese standaarde bereik en dat geen probleme bestaan om paspoorte aan hulle uit te reik nie.<sup>35</sup> Die beginsel van mearietekeuse is dus al in 1959 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee aanvaar, maar die sportbeleid sou h kwalifikasie plaas oor hoe dit gedoen moes word.

Gedurende die IOK se 59ste vergadering wat op 2 Junie 1962 in Moskou gehou is, is openlik aangedring op Suid-Afrika se skorsing uit hierdie liggaam met as grond die klag dat Suid-Afrika die Olimpiese Handves skend deur rassediskriminasie in sport toe te pas. Die volgende besluit is geneem: "Die IOK sal aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee skrywe en hulle meedeel dat indien die beleid van rassediskriminasie wat deur hul regering in die verband beoefen word nie voor die sessie in Nairobi gedurende Oktober 1963 verander nie, die IOK verplig sal wees om dié Komitee te skors."<sup>36</sup>

#### Reaksie van die Suid-Afrikaanse Regering

In Regeringskringe is hierdie besluit van die IOK as blante afdreiging en inmenging in huishoudelike aangeleenthede beskou en verwerp.<sup>37</sup> In sportkringe het die besef begin posvat dat h veranderde benadering nodig geword het en dat die sportliggame in gesprek met die Regering moet tree. Hierdie benadering word weerspieël in h verklaring van advokaat Honey tydens sy terugreis na Londen, naamlik dat dit tyd geword het dat alle sportliggame in Suid-Afrika byeen moet kom en in oorleg met die Regering h plan moet uitwerk om Suid-Afrika se Nie-Blankes h geleentheid te gee om internasionaal mee te ding.<sup>38</sup>

35) The Star, 28.5.1959.

36) RGN-Sportondersoek, p.106.

37) Ibid.

38) Die Burger, 15.6.1962.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee was nie by magte om uitvoering te gee aan die Moskoubesluit nie, ener- syds omdat dit nie die mag daartoe gehad het nie en ander- syds omdat dit nie dislojaal teenoor sy Regering wou wees nie.

Die Suid-Afrikaanse regering se standpunt het konsekwent gebly: deelname aan internasionale sporttoernooie of kompetisies by wyse van gemengde spanne wat Suid-Afrika verteenwoordig, kan nie goedgekeur word nie, aldus h verklaring deur die Minister van Binnelandse Sake.<sup>39</sup> Weliswaar sou Suid-Afrikaanse Nie-Blankes toegelaat word om by wyse van h kontingent aan die 1964-Olimpiese Spele te Tokio deel te neem, maar nie as lede van h verteenwoordigende Suid-Afrikaanse span nie.<sup>40</sup>

#### Suid-Afrika word finaal gewaarsku

Tydens h vergadering van die IOK in Oktober 1963 in Baden-Baden is h waarskuwing aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee (SANOK) gestuur wat betref die Tokio Spele wat voorlê.<sup>41</sup> Die uitnodiging aan die IOK sou teruggetrek word indien daar nie aan die volgende twee vereistes voldoen sou word voor die einde van 1963 nie. Die voorwaardes het gelui:

- 1) SANOK moet h besliste verklaring van sy aanvaarding van die Olimpiese Kode maak en in besonder Reëls 1 en 24 van die konstitusie. Dit lees dat diskriminasie op grond van ras, godsdiens of politiek verbied word. Verder voorsien Reël 24 dat alle Nasionale Olimpiese Komitees in h posisie moet wees om enige politieke of ander druk te weerstaan wat hulle sal dwing om af te wyk van die Olimpiese beginsels.
- 2) Dat SANOK h politieke verandering ten opsigte van kleur

39) Rand Daily Mail, 4.2.1963.

40) Die Burger, 30.1.1963.

41) Horrell, M., South Africa and the Olympic Games, p.14.

diskriminasie by die Suid-Afrikaanse regering moet te-  
weegbring. Die keurdatum hiervoor is verleng na die  
15de Januarie 1964.<sup>42</sup>

Tydens die IOK se vergadering vroeg in Januarie 1964 te Inns-  
bruck bevestig mnr.F.Braun, die President van die Olimpiese  
Komitee, opnuut die Olimpiese Komitee se bereidwilligheid  
om soos in die verlede hom te hou aan die beginsels van die  
Olimpiese Beweging, maar dat dit nie die taak van die Suid-  
Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee is om landsbeleid uit  
te werk nie en dat die Suid-Afrikaanse regering nie geneë  
is om sy beleid te verander nie. Mnr. Braun stel verder dat  
Olimpiese proewe volgens IOK-standaarde (afsonderlik indien  
nodig) in Suid-Afrika gehou sal word en dat alle Suid-Afri-  
kaanse burgers daaraan mag deelneem en volgens verdienste  
mag kwalifiseer om die Spele in Tokio by te woon.<sup>43</sup>

SANOK is egter finaal voor die ultimatum gestel: hy moes  
hom gesamentlik, duidelik en in die openbaar van die beleid  
van rassediskriminasie in sport en die administrasie daarvan  
distanseer, anders sou hy finaal geskors word.

In die lig van dié ultimatum het mnr. Braun die IOK meegedeel  
dat hy nie aan die Regering kan voorskryf nie. Op 18 Augus-  
tus 1964 het die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee  
amptelik berig dat hy nie aan die 1964-Olimpiese Spele mag  
deelneem nie, vir die eerste keer sedert 1908 se Olimpiese  
Spele in Londen.<sup>44</sup>

Hierdie skorsing was slegs die voorloper tot Suid-Afrika se  
algehele uitsetting uit die IOK op 15 Mei 1970 tydens die  
IOK se vergadering in Amsterdam. Die internasionale druk  
het te veel geword en Suid-Afrika moes die spit afbyt.

42) Ibid.

43) RGN-Sportondersoek, p.107.

44) Ibid.

Die Suid-Afrikaanse Regering se reaksie na die uitsluiting uit die 1964 Olimpiese Spele

Die uitsluiting van Suid-Afrika uit die 1964-Olimpiese Spele het heftige reaksie by die Suid-Afrikaanse Regering uitgelok. Die Minister van Binnelandse Sake, senator J. de Klerk, het op 26 en 27 Junie 1964 homself hieroor uitgelaat toe hy gesê het dat veelrassige spanne wat Suid-Afrika verteenwoordig, en dit sluit spanne na die Olimpiese Spele in, nie geduld sal word nie. Oorsese lande weet wat Suid-Afrika se standpunt hieroor is en dat Suid-Afrika verwaag dat sy standpunt gerespekteer sal word.

Hy het dit ook beklemtoon dat gemengde sport binne of buite die grense van Suid-Afrika ten alle koste vermy moet word. Hy voorsien egter geen probleem as 'n Nie-Blanke span van Suid-Afrika teen 'n ander Nie-Blanke span van 'n ander land sou speel nie, solank dit buite Suid-Afrika se grense plaasvind. Die Nie-Blankes verteenwoordig dan slegs die Nie-Blanke gemeenskap van Suid-Afrika en nie die Blanke gemeenskap nie.

Vir senator de Klerk was dit duidelik dat die besluit om Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele te skors nie gegaan het oor enige aspek van sport nie, maar dat dit politiek gerig was om sodoende Suid-Afrika te dwing om af te sien van sy beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Senator de Klerk het afgesluit deur dit absoluut duidelik aan die Internasionale Olimpiese Komitee te stel dat indien Suid-Afrika genooi sou word na die Olimpiese Spele, onder watter omstandighede ookal, die Olimpiese Komitee die Suid-Afrikaanse Regering tevrede sou moes stel dat hulle hulle sou aanpas by die tradisionele gebruike van Suid-Afrika, voordat so 'n span toegelaat sou word om Suid-Afrika te verlaat. <sup>45</sup>

45) Soortverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, senator J. de Klerk op 26/27 Junie 1964.

### Verlig-Verkrampste Sportpolitiek in Afrikaner geledere

Die skorsing van Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele het weer die aandag gevestig op 'n ander aspek in die Afrikaner geledere wat nou sterk na vore getree het, naamlik die Verlig-verkrampstryd in die Sportpolitiek. Wat die sportpolitiek betref kan met sekerheid gestel word dat die verlig-verkramp vete nog in sy kinderskoene was, skaars ouer as die middel sestiger jare.

Die geskiedenis toon dat reeds onder die bewind van dr. D. F. Malan, daar twee aksente of pole in nasionale geledere was. Aan die een kant was daar die konserwatiewe behoudende groep, wat solied by die apartheidsbeginsel gestaan het. Dié groep het ook verkies om te konfronteer liever as om 'n duim in standpunt skiet te gee.<sup>46</sup>

'n Kompromis in die apartheidspolitiek is gesien as 'n swakheid, as die dun end van die wig wat die beginsel kraak en futiloos maak. Daarom kon uitsonderings hier en daar, byvoorbeeld in sport, net nie geduld word nie.

Hierteenoor was daar 'n groep progressief denkende Nasionaliste, mense wat in hul politieke strategie van bestaande werklikhede uitgegaan het en bereid was om tydigse aanpassinge in beleid te doen, pleks van in konfrontasies betrokke te raak wat slegs korttermynoplossings bied.

Dr. Verwoerd, wat as die argitek van die eerste sportverklaring beskou kan word, was streng, onbuigsaam en vasbeslote om die gedrag van individue en rasgroepe tot in die fynste besonderhede met die beleid van aparte ontwikkeling in lyn te bring en te hou.<sup>47</sup>

46) Rapport, 2.12.1973.

47) Ibid.

So vasbeslote as wat die een groep was om die apartheidsbeleid te implementeer, so gedetermineerd het apartheidsteensoekers dit beveg. Een van die terreine waar apartheid kwesbaar was, was sport.

In 1958 al skemer dit deur dat die Kabinet dit byna net so onmoontlik vind om apartheid nougeset in internasionale sport toe te pas as in die diplomatie. 'n Meer bruikbare sportformule het in aanvraag begin kom. Kritici uit Afrikaner-geledere het die standpunt ingeneem dat apartheid stewig genoeg gevestig was om uitsonderinge in internasionale sport toe te laat.

Die natuurlike verset teen integrasie sou al so sterk ingeburger wees dat kontak tussen die verskillende rasse, byvoorbeeld op die gebied van internasionale sport, nie juis die ewewig van die breë apartheidsbeleid sal versteur nie, is geargumenteer.<sup>48</sup>

#### 'n Algemene beskouing en die stand van die Suid-Afrikaanse sportbeleid aan die einde van 1964

Dr. Verwoerd en sy Kabinet het by 'n konsekwente deurtrek van sportapartheid bly staan. Die verklarings van senator Jan de Klerk, destydse Minister van Binnelandse Sake, was ook niks meer nie as 'n herbevestiging van die beslisheid om voort te gaan met die implementering van konsekwente apartheid in sport, selfs al is Suid-Afrika se isolasie die prys wat betaal moet word.

Vir die Regering was daar ander belange wat swaarder geweeg het as isolasie. Die Regering het onbuigsaam by sy verweer bly staan: die buiteland en internasionale sport het nie die reg om aan Suid-Afrika voor te skryf hoe hy sy huishoudelike sportsake moet reël nie. En hierby sou gestaan of geval word.<sup>49</sup>

48) Rapport, 2.12.1973.

49) Ibid.

Die voortgesette implementering van sportapartheid, in ooreenstemming met die sportverklarings van 1956 en 1962, het Suid-Afrika se deelname aan die Olimpiese Spele en die voortbestaan van verskeie internasionale sportverbintenisse in onmiddellike gevaar gestel. Op die gebied van tafeltennis en sokker was Suid-Afrika reeds geïsoleer. En die waarskynlikheid was hoog dat ander spoedig sou volg.

Van Regeringskant is gepoog om die beleid van afsonderlikheid so logies en konsekwent moontlik na alle vertakkinge van die Suid-Afrikaanse leefwyse deur te trek. Uitsonderinge, soos op die gebied van internasionale sport, sou die beleid kragteloos maak. Daar was tog Nasionaliste wat anders oor die saak gedink het.

Dawie van Die Burger het geargumenteer dat Suid-Afrika nog nooit ten volle konsekwent in sy rasseverhoudinge was nie en nooit sal wees nie. Daar is sekere tradisionele opvattinge in Suid-Afrika wat gedurig aan die verander is en juis omdat daaglikse werklikhede uitsonderinge vereis. Die vraag was of sulke uitsonderinge revolusionêr en noodlottig was, of betreklik draaglik en hoogstens evolusionêr. Aanpassinge in die sportbeleid om gemengde internasionale sport moontlik te maak, het tot sulke uitsonderinge behoort, aldus Dawie.<sup>50</sup>

Volgens persberigte was daar teen die einde van April 1962, 'n heftige woordewisseling in die Nasionale Party-koukus toe aangevoer is dat die onversoenlike houding van die Regering daartoe bydra dat sportbetrekkings onnodiglik in gevaar gestel word. Dit was skynbaar maar net nog 'n warm koukusdebat.<sup>51</sup>

Vroeg in Mei 1962 verklaar senator De Klerk in die Volksraad dat die Regering nooit sou toegee aan binnelandse of buitelandse druk om sy standpunt oor veelrassige sport te verander

50) Rapport, 2.12.1973.

51) Ibid.

nie. Die bespreking het vlamgevat toe mnr. Japie Basson van die V.P. van die minister verskil en mnr. Cas Greyling, L.V. vir Ventersdorp, mnr. Basson se standpunt as "skandalig" bestempel het. "As sport veelrassig raak, sal elke sportbyeenkoms 'n bloedbad word," het mnr. Cas Greyling vervolg.<sup>52</sup>

In Junie 1962 herbevestig senator De Klerk die beslistheid van die Regering om die 1962-sportbeleid onveranderd te handhaaf. Gedurende 'n stryddag op Klerksdorp verklaar hy dat hy liever sal wil sien dat Suid-Afrika in sport geboikot word as dat 'n duim toegegee word in die beleid van rassediskriminasie. Enige toegewing sal die begin van die einde van die Blanke beskawing in Suid-Afrika beteken, het die senator met nadruk verklaar.<sup>53</sup>

Internasionale druk teen Suid-Afrika en teen sportapartheid het in Junie 1962 'n kritieke wending geneem toe die IOK met sy ultimatum gekom het. Dit was 'n uiters verreikende aan geleentheid. 'n Aantal Nasionale Afrikaners het gevoel dat die IOK se dreigement afgewend kan word as daar binne die raamwerk van Regeringbeleid die nodige aanpassings gedoen kan word.

52) Rapport, 2.12.1973.

53) Ibid.

## DIE LOSKOPDAM-TOESPRAAK EN DIE GEVOLGE DAARVAN

### Die Maori-Turksvy in Suid-Afrikaanse Rugby

Voordat by die loskoptoestpraak gekom word sou dit nodig wees om eers stil te staan en h bietjie dieper te kyk na dié deel van die geskiedenis aangesien dit so h belangrike impak gehad het op die hele verloop van die Suid-Afrikaanse Sportpolitieke geskiedenis.

Daar is min sportgebeure wat so h intense invloed op die sport-politiek gehad het as juis die Maori-kwessie. Haas alle aksente van die Suid-Afrikaanse politiek is op een of ander manier hierin betrek: Sap-Nat-politiek, konserwatisme, radikale liberalisme, die Kommunisme, radikale swart nasionalisme, progressieisme, en die uiteindelijke verkramp-verligte-vete.

As dus oor die Maori-kwessie geskryf word, word h uiters komplekse probleem aangeraak. Die probleem wat uit die aard van die saak sy oorsprong gehad het oor die feit dat daar in Nieu-Seeland geen onderskeid gemaak is tussen rasse nie en in Suid-Afrika wel.

Die All Blacks se toer in 1928 na Suid-Afrika het die eerste keer die politieke konsekwensies van die Maori-kwessie aan die lig gebring. Die Smuts-regering het wel die gemengde toer van 1919 geduld, maar sedert Smuts se val en Hertzog se bewindoorname in 1924 het politieke aksente aangaande rasseverhoudinge aansienlik verander. Die insluiting van Maori's wat as blankes kon deurgaen, sou geen probleme oplewer nie, maar wat van die wêreldbefaaemde maar swartkleurige George Nepia en h paar ander Maori's? Hulle was te swart van kleur om as blankes te kwalifiseer en sou nie in Suid-Afrika toegelaat word nie.<sup>54</sup>

54) Rapport, 25.11.1973.

Weliswaar was rasse-afsonderlikheid in daardie stadium nog nie in sy volle konsekwensies deur wetgewing afgedwing nie; tog was daar geen twyfel oor die afdwingingskrag van bestaande tradisionele gebruike wat lynreg met gemengde sport gebots het nie.

Die enigste uitweg om die toer deur te haak, was dus vir sport-administrateurs om vertroulik te onderhandel en, indien nodig, te kompromitteer ---- die All Blackspan van 1928 was "blank" en Nepia moes tuis bly.<sup>55</sup>

Onder Maori's was daar ontevredenheid en toe die Springbokke in 1937 deur Nieu-Seeland toer, weier hulle om as 'n groep teen die Springbokke te speel. Die rede vir hul protesbesluit was omdat Napia en 'n paar ander Maori's uit die 1928-span gelaat was.<sup>56</sup>

Deur die jare heen, soos wat die sportbande tussen die twee lande verstewig het, het die Maori-kwessie 'n al hoe groter turksvy in die Suid-Afrikaanse bestel geword - 'n turksvy wat na die Loskopdam-toespraak op die spits gedryf is.

#### Dr. H.F. Verwoerd se toespraak

Op 4 September 1965 lewer Dr. H.F. Verwoerd gedurende die kongres van die Transvaalse Nasionale Jeugbond by Loskopdam sy omstrede toespraak wat alle spekulasies oor die aanvaarbaarheid van Maori's vir die 1967-toer die nek sou inslaan. Sy beslissing was konsekwent in lyn met die Nasionale Party se standpunt oor die jare heen.<sup>57</sup>

Die volgende is 'n woordelike verslag van dr. Verwoerd se belangwekkende toespraak die dag met betrekking tot die Maori-kwessie, en die insluiting van Nie-Blankes in sportspanne

55) Rapport, 25.11.1973.

56) Ibid.

57) Ibid.

wat Suid-Afrika besoek:

"Ons het op die oomblik die argumentasie aan die gang op dié terrein wat ek nie graag oor sou wou praat nie, naamlik in verband met ons voetbalspan in Nieu-Seeland. Maar ek word gedwing om daaroor te praat omdat daar soveel in die jongste tyd openlik oor geskryf en gesê is in opposisiëkoerante wat vir my verplig om baie duidelik en ondubbelsinnig my eie en die Regering se standpunt te stel.

"Daar het ons die geval dat 'n span van Suid-Afrika, wat volgens ons gebruik 'n blanke span is, gaan na 'n ander land, waarin daar ook nie-blankes is, nie nie-blankes waarop ons nie neersien nie, nie-blankes van heeltemal 'n hoë peil, nie-blankes vir wie se tradisies ons ook eerbied kan hê, maar in elk geval, hier gaan ons na 'n ander land waarin daar beide blankes en 'n aansienlike minderheidsgroep van sekere nie-blankes is, die Maori.

"In daardie land, weens daardie omstandigheid, het daar 'n vorm van integrasie ontwikkel. Ek wil dit nie beoordeel nie, en ek wil dit ook nie bekritisêr nie. Dit is daardie land se sake, dit is daardie land se gebruike, en hy het die volste reg daarop. Dit is sy besigheid en nie ons s'n nie, en ooreenkomstig ons basiese beginselhouding, sê ons dat wanneer jy na 'n ander land gaan en jy is die gas van daardie ander land, dan gedra jy jou volgens daardie land se omstandighede en volgens sy verwagtings. En dus gaan ons span daarheen en ons speel teen blanke Nieu-Seelanders, of blankes en Maori's, of Maori's, net soos Nieu-Seeland dit reël. Dit is hulle saak, want die feit dat ons die uitnodiging aangeneem het om na daardie land te gaan, beteken dat ons gewillig moet wees om ons aan te pas by daardie land se gewoontes.

"En dit is ook reg, want dit is in ooreenstemming met ons grondbeginsel waarop ons hele geveg van ons voortbestaan berus,

naamlik van nie in te meng in 'n ander staat se sake nie, waarby dan die ander sy ook is, dat ons laat geen ander land toe om in te meng in ons sake nie. (Applous).

"En dus is ons standpunt dat soos ons ons onderwerp aan die ander land se gebruike en se gewoontes sonder enige weifeling, sonder enige kritiek, met blydskap, verwag ons dat wanneer ander lande na ons land kom of verteenwoordigers stuur, hulle hulle net so sal gedra, naamlik nie inmeng in wat ons sake is nie en ooreenkomstig die gebruike van ons land hulle sal gedra en hulle daarby sal aanpas. (Applous).

"En nou blyk dit dat terwyl ons nog gaste is daar anderkant, word deur joernaliste daar gedurig aan mense soos dr. Craven en mnr. Louw, bestuurder van die span, vrae gestel in verband met wat ek wel weet is dat wat die opposisiekoerante hier daaruit aflei, en openlik stel, is dat ons gemengde spanne hier sal ontvang het, dan sal daaruit ook moet voortvloei dat ons ook dan Kleurlinge in ons spanne sal opneem. Hulle wil dadelik die geleentheid gebruik, wetende dat die Regering nie graag daarvoor praat nie, en terwyl ons span gaste daar is, om die indruk te wek dat die Regering toegestem het tot vorme van gemengde sport waaruit verdere integrasie voortvloei.

"Ons het nie van standpunt verander nie. Soos ons ons in ander lande gedra, verwag ons dat hulle hulle hier sal gedra volgens ons gewoontes en ek wil daarby voeg: en almal weet wat dit is."<sup>58</sup>

Die Springbokspan wat toe juis op besoek aan Nieu-Seeland was, het, onbewus van die Loskopdam gebeure, die Saterdagmiddag oorwinning in die toets tot laatnag gevier en is die Sondag na Auckland.

58) Kotze, G., p.57.

Daardie selfde Sondag het die nuus van dr. Verwoerd se toespraak Nieu-Seeland bereik. Die volgende oggend was dit hoofberigte op radio-uitsendings en in die dagbladpers dwarsdeur die land. Die ganse Nieu-Seeland was diep geskok oor wat beskou is as 'n "Huidelike afjak" van die land se gekleurde bevolking.<sup>59</sup>

#### Die posisie van die Maori's word opgeklaar

Op Woensdag 8 September 1965 het die Kabinet vergader om die Loskopdam-toespraak te bespreek en is die verklaring eenparig onderskryf. Die Minister van Binnelandse Sake, senator de Klerk, het hierna 'n verklaring uitgereik wat die posisie van die Maori's finaal opgeklaar het. In kort kom dit op die volgende neer:<sup>60</sup>

"Aangesien die Regering al 'n geruime tyd in die verleentheid geplaas word deur sinspelings dat Maori's op die volgende toer deur Suid-Afrika aanvaar sal word, is dit nodig dat die Regering die saak, deur middel van dié verklaring, vir eens en altyd opklaar.

"Vanselfsprekend kon die Regering nie toelaat dat so 'n valse indruk oor sy beleid en optrede gepropageer word nie. Ek wil dit ook beklemtoon dat die beskuldiging verkeerd is dat hier politieke inmenging in 'n suiwer sportaangeleentheid is. Die Regering is gekies om die verskillende vorme van integrasie, insluitende maatskaplike integrasie, teen te gaan. Hy moet sorg dat landsbeleid geëerbiedig word, op sportgebied soos op alle ander terreine.

"Die Kabinet het vroeër en nou weer eenparig teen die ontvangs van gemengde spanne besluit. Die Eerste Minister het dus sy

59) Ibid.

60) Schoeman, B.M., p.18.

hele Kabinet se beleid en besluite weergegee en nie bloot sy eie mening nie."

"Ook het ek onlangs weer met dr. Craven en ander onomwonde oor die probleem gepraat, hom ondubbelsinnig meegedeel dat Maori's nie as lede van h toerspan aanvaarbaar sou wees nie en hom aangeraai om hom nie te laat verlei tot antwoorde wat verleentheid sou kan skep nie."

"Die bewering dat die Regering aan Nieu-Seeland wil voorskryf hoe hy sy spanne moet kies, is ook verkeerd. Al wat die Regering doen, is om te besluit watter soort besoekers of gaste hy bereid is om in sy land te ontvang of uit te nooi."

"As die Nieu-Seelandse Rugbyraad of sy Regering nou h ander houding wil aanneem om politieke redes of binnelandse druk, dan kan hulle weier om te kom, maar hulle kan nie dikteer wie Suid-Afrika moet ontvang en hoe hulle hier sal optree nie. Dit is Suid-Afrika se alleenreg om te bepaal wie en wat in Suid-Afrika toelaatbaar is, soos dit Nieu-Seeland se alleenreg ten opsigte van sy land is."

"Die voortbestaan van wet en orde binne die blanke Suid-Afrika is van die allereerste belang. Dit duld nie enige toegewing aan die Verenigde Party se beleid van integrasie van swart en wit nie, waarvoor hy op subtiële wyse hier deurbraak soek met buitelandse hulp," aldus die minister.<sup>61</sup>

#### Gevolge van die Loskopdamtoespraak

Hierdie belangrike toespraak, wat deur die geskiedenis uitgewys is as h waterskeiding in Suid-Afrika se sportbeleid, is plaaslik en oorsee eenparig vertolk as h verbod op h All Black-span vir 1967 wat Maori-spelers as spanlede insluit. Die

61) Oorgeneem uit  
R.G.N.-Sportondersoek, p.84.

Loskopdamtoespraak het konsekwent by alle vorige sportverklarings aangesluit. Tog het hierdie verklaring 'n skokgolf deur Suid-Afrikaanse sport laat gaan vanweë die implikasies daarvan.

Die regering se onverbiddelike houding het sterk negatiewe reaksie in Nieu-Seeland en die Opposisiepers in Suid-Afrika uitgelok. Kritiek wat histories relevant geraak het was dié van die Auckland Star en dié van die destydse Eerste Minister van Nieu-Seeland, mnr. Keith Holyoake.

Die Auckland Star voer aan dat deur die Loskopdamverklaring, Suid-Afrika inderdaad besig is om aan Nieu-Seeland voor te skryf hoe hy sy eie interne sake moet reël, naamlik hoe All Black-spanne gekies moet word, wat 'n skending is van die outonomie van 'n soewereine land. Die blad vervolg: "Dr. Verwoerd kan apartheid op sy eie land en sport toepas. Hy kan egter nie toegelaat word om dit op Nieu-Seeland toe te pas wanneer Nieu-Seeland sy All Blacks kies nie ..."<sup>62</sup>

Mnr. Holyoake het in die Nieu-Seelandse parlement verklaar dat "waar ons een volk is", die Dominium nie ten volle deur 'n span wat op rassegrondslag gekies is, verteenwoordig kan word nie.<sup>63</sup>

In Suid-Afrika het die ultraregse dit egter verwelkom. Die meeste Afrikaanse koerante was van mening dat die Regering in die omstandighede nie anders kon optree nie, maar die redakteur van Die Burger het die regering gekritiseer omdat hulle toegelaat het dat ongegronde verwagtings dat die sportbeleid dalk verslap sou word, in Suid-Afrika posvat.<sup>64</sup>

Vir die meeste Suid-Afrikaners was die Loskopdam-gebeure die

62) R.G.N.-Sportondersoek, p.82.

63) The Star, 7 September 1965.

64) Die Burger, 7 September 1965.

toonbeeld van krag en beginselvastheid, ander het dit as 'n manifestasie van rassisme en diskriminasie in sport gesien; 'n derde groep het gevra of dit werklik nodig was om Suid-Afrika se sportbetrekkinge met bevriende lande so blatant in gevaar te stel. Laasgenoemde groep het begin vra dat 'n onderskeid gemaak moet word tussen "klein apartheid" en dit wat die wese van afsonderlike ontwikkeling inderdaad raak en bedreig; ook is gewys op "verkramptheid", "verligtheid" en "positiewe" Suid-Afrikanerskap. Volgens hulle moes nuwe strategieë bedink en uitgevoer word om die doodloopstraat op die gebied van internasionale sport te omskep tot positiewe vordering, binnelands en buitelands.<sup>65</sup>

Teen die einde van die Verwoerd-era was die regering se houding oor apartheid in sport nog net so onverbidlik as aan die begin daarvan. Dit was ten spyte van die pogings van dr. Craven om by die Suid-Afrikaanse Regering toestemming te kry om 'n verteenwoordigende All Black-span na Suid-Afrika te nooi. Die Nieu-Seelandse Rugby-unie is toe wel genooi om 'n span te stuur, maar op dieselfde basis as in die verlede, met ander woorde sonder Maori's. Die feit dat dr. Verwoerd die Nieu-Seelandse Rugby-unie die versekering gegee het dat Suid-Afrika nie die lede van 'n All Black-toerspan se geslagsregister sou ondersoek nie, het nie die Nieu-Seelandse Regering tevrede gestel nie en die 1967 toer is gekanselleer. Met die kansellering van die All Black rugbytoer het die gewildste sport onder Afrikaners in die gedrang gekom.

In dié stadium is die vraag al hoe meer in Suid-Afrika gestel - ook in Nasionale geledere - of die stelselmatige verbreking van al die land se internasionale sportbande nie 'n té hoë prys is om te betaal in die weiering om aanpassings aan die sportbeleid te doen nie. Suid-Afrika se sportpolitiek sou 'n prys moet betaal: isolasie of verandering.<sup>66</sup>

65) Ibid.

66) Du Pisani, J.A., Die Politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere, 1966-1970, p.155.

HOOFSTUK 3DIE SPORTBELEID VERODRSAAK SKEURING IN DIE NASIONALE PARTYDruk op die Nasionale Party om 'n nuwe sportbeleid daar te stel

Op 6 September 1966, pas 'n jaar na Loskopdam, is dr. Verwoerd, 'n gevierde premier, ten aanskoue van 'n volgepakte Volksraad deur een van die bodes, Dimitrie Tsafendas, koelbloedig met 'n mes vermoor.

Dr. Verwoerd is opgevolg deur 'n jong leier, advokaat John Vorster. As Minister van Justisie, het hy die ondergrondse aanslae, (pogings van onder andere die Kommunistiese Party om Suid-Afrika uit wêreldsport geskors te kry) teen sport leer ken. As sportliefhebber en sportman het hy 'n fyn oor en 'n simpatieke hart vir die behoud van Suid-Afrika se internasionale sportbande gehad. Daar is gehoop dat onder sy leiding aksentverskuiwinge in die sportpolitiek sou plaasvind. Die klimaat is geskep dat vernuwing en ontwikkeling in die sportbeleid op die agenda van praktiese politiek geplaas is.

Met die aanvaarding van mnr. Vorster as premier het die Suid-Afrikaanse politiek, die sportpolitiek inbegrepe, 'n fase van vloeibaarheid betree waarin praktiese oorwegings sterker begin tel het as onvoorwaardelike toepassing van politieke filosofieë of beleid.<sup>1</sup>

Enkele maande nadat B.J. Vorster dan ook die premierskap oorgeneem het, was daar woelinge aan die sportfront wat Vorster gedwing het om dadelik aandag daaraan te bestee. Sportgebeure soos:

1) R.G.N.-Sportondersoek, Sportbestuur (deel I), 1982, p.85.

\* Die Kanadabeker-gholftoernooi, want die moontlikheid was daar dat Suid-Afrika dit in 1968 kon aanbied, mits die Regering bereid sou wees om gemengde spanne in Suid-Afrika toe te laat.

\* 'n Afvaardiging van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) sou Suid-Afrika besoek om ondersoek in te stel na die posisie van Swartes in Suid-Afrikaanse sport. Die afvaardiging sou dan verslag doen aan die IOK, waarna besluit sou word of Suid-Afrika na die 1968-Olimpiese Spele in Mexiko genooi sou word.

\* Die Maori-kwessie was nog altyd 'n netelige probleem en Vorster sou dit graag wou oplos.<sup>2</sup>

\* In Desember 1966 is die Opperraad vir Sport in Afrika gestig. Een van die hoofdoelstellings van dié organisasie was om Suid-Afrika uit wêreldsport te weer.

\* Die feit dat persbespiegelings dit wou hê dat Basil D'Oliviera, die Suid-Afrikaansgebore Kleurlingkrieketspeler, in die MCC-toerspan in 1968 na Suid-Afrika opgeneem sou word.

Al bogenoemde sportgebeure het aanleiding gegee tot beroepe uit Opposisiegeledere dat die Regering sy amptelike standpunt oor die kwessie moet stel. Dit het Vorster genoop om ernstig te begin nadink oor moontlike aanpassings aan die sportbeleid. Juis omdat Vorster so 'n groot sportliefhebber was, wou hy 'n einde maak aan die impasse in Suid-Afrika se internasionale sportverhoudinge om aan die land se jeug die geleentheid tot volle deelname aan internasionale sport te gee.<sup>3</sup>

2) Dagbreek en Sondagnuus, 27.11.1966. Dirk Richard, "Na my mening".

3) Kotze, G., p.63.

Waar Verwoerd Suid-Afrika se sportbetrekkinge sonder meer ondergeskik gestel het aan die ideologie van afsonderlike ontwikkeling, wou die minder dogmatiese Vorster probeer om die twee met mekaar te versoen deur die beleid van apartheid in sport aan te pas. Vorster het inderdaad gepoog om die onversoembare, naamlik sosiale apartheid en sportintegrasie, met mekaar te versoen.<sup>4</sup>

Vorster het die hele sportkwessie eers met twee vertrouelinge, te wete ds. Kosie Gericke en dr. Phil Weber en daarna met twee van die mees regse NP-Parlementslede naamlik Willem Delport, LV vir Port Elizabeth Sentraal en Jaap Marais, LV vir Innesdal, bespreek om hul reaksie op sy voornemende wysigings te toets. Hulle was van mening dat Vorster kon voortgaan met sy planne, maar het gewaarsku om nie te vinnig te beweeg nie. Jaap Marais het egter sy bedenkinge uitgespreek oor die ontvangs van Maori's in 'n All Black toerspan.<sup>5</sup>

Vorster het dus die sportkwessie eers met ander Nasionaliste buite en binne die Parlement bespreek om hom te vergewis hoe hulle daaroor voel. In die proses het hy vir homself groter duidelikheid verkry oor die fynere besonderhede van sy beoogde nuwe beleid. Teen die helfte van Februarie was hy gereed om die sportbeleid aan die Kabinet en die NP-koukus voor te lê.

Op 15 Februarie 1967 is die sportkwessie in die Kabinet bespreek. Vorster het sy siening van die verskillende sport-aangeleenthede aan die Kabinet voorgehou. Dit kan soos volg saamgevat word:

- 4) Van Rensburg, A.P.J., The Tangled Web, p.130.
- 5) PV 193: Ineq Versameling, K313/1. Onderhoud van J.A. du Pisani met B.J. Vorster, Oubos, 24.8.82; Vgl. ook Schoeman, B.M., Vorster se 1 000 dae, pp. 20-22.

- \* Hoewel die Olimpiese Spele 'n gemengde byeenkoms is is hy bereid dat dit in Suid-Afrika aangebied word. Hy het ook geen beswaar daarteen dat die Suid-Afrikaanse span, wat uit Blanke en Nie-Blanke deelnemers sal bestaan, saam reis en dieselfde sportdrag dra nie.
- \* Wat rugby betref het Suid-Afrika nog nooit en sal ook nooit aan Nieu-Seeland voorskryf wie hy mag kies en wie nie. Suid-Afrika sal ook nie op die All Blacks se stamboom ingaan nie.
- \* Die spanlede van die MCC-kriekettoerspan van 1968 se geslagsregister sal eweneens nie gevra word nie. Hulle sal toegelaat word mits hulle nie die landswette oortree nie.<sup>6</sup>

Vorster het die Kabinet, aan die einde van sy toespraak, versker dat die beleid van afsonderlike sportbeoefening binne Suid-Afrika nie laat vaar sou word nie en nie 'n enkele minister het openlik beswaar aangeteken teen sy uiteensetting van die sportbeleid nie.<sup>7</sup>

#### Die verlig-verkrampstryd neem toe

In 1967 het die verligte-verkrampste-stryd in al sy felheid onder Nasionaliste losgebreek. Tydens mnr. Vorster se Parowtoespraak, gehou op 17 Februarie 1967, het hy die eerste aanduiding gegee dat 'n nuwe era ingelui word - 'n tydperk van uitwaartse politiek. Die dryfkrag agter die uitwaartse poging het hy gesê, was om deel te word en deel te hê aan die internasionale gemeenskap.<sup>8</sup>

- 6) Schoeman, Ben, My lewe in die politiek, p.324; Vgl. ook Schoeman, B.M., pp.19-20.
- 7) PV 193: Ineq Versameling, K313/1. Onderhoud van J.A. du Pisani met B.J. Vorster, Oubos, 24.8.82.
- 8) Rapport, 2.12.1973; Vgl. ook RGN-Sportondersoek, p.86.

Die behoud van identiteit, wet en orde, en die skep van geleenthede vir elke rassegroep binne sy eie sfeer, was die grondslag waarop die uitwaartse poging moes berus. Sport as sodanig is nooit in die Parow-toespraak geopper nie, die implikasies was egter ooglopend.<sup>9</sup>

Vorster se beleid het in Februarie 1967 gesorg vir die eerste direkte konfrontasie tussen mnr. Vorster en die Hertzog-ondersteuners. Dit het gegaan oor mnr. Vorster se voorgestelde verandering van dr. Verwoerd se sportbeleid - iets wat uiteindelik direk betrekking op die finale breuk gehad het.<sup>10</sup>

### Die Sportkouskuse

Vorster het die hele kwessie rondom die sportbeleid na die NP-koukus geneem. Nadat die koukusbyeenkoms op Dinsdag 21 Februarie 1967 geopen is, het Vorster dadelik gesê dat hy graag aan die koukus 'n belangrike saak wou voorlê om lede se steun vir sy standpunt te vra. In 'n baie goeie toespraak het hy die sportkwessie breedvoerig behandel. Hy het onder andere gewys op die belangrike rol wat sport in die lewe van 'n gewone mens speel en dat Suid-Afrika heeltemal geïsoleer word as gevolg van sy standpunt in verband met die samestelling van oorsese sportspanne wat Suid-Afrika moes besoek. "Hierdie houding", het hy gesê, "moet 'n uiters nadelige uitwerking hê op Suid-Afrika se betrekkinge met ander lande, ook op ander gebiede as sport."

Hy het weer die argument in verband met behoud van blanke identiteit en die fundamentele element van ons apartheidsbeleid beklemtoon, maar nie spesifiek verwys na Maori's in die Nieu-Seelandse rugbyspan wat Suid-Afrika die volgende jaar sou besoek nie. Vir almal was dit egter duidelik dat dit eintlik die saak was waaroor sy hele betoog gegaan het.<sup>11</sup>

9) Ibid.

10) Serfontein, J.H.P., Die Verkrampde Aanslag, p.118.

11) Schoeman, Ben., p.325; Vgl. ook Schoeman, B.M., p.443.

Vorster het dadelik teenstand van die regse faksie gekry. Etlike lede het Vorster egter ook gesteun. Sommige het weer op die draad gesit om eers te kyk hoe die wind gaan waai.

Is daar afgewyk van dr. Verwoerd se beleid of nie? Mnr. Ben Schoeman, wat toe 'n minister in die Vorster-kabinet was, het altyd ruiterslik erken dat dit wel 'n afwyking van beleid was en dat hy dit steun omdat dit in belang van Suid-Afrika was.<sup>12</sup>

Mnr. Vorster en Jaap Marais het hoofsaaklik oor die volgende saak met mekaar verskil: Vorster het geglo dat sekere sporttoegewings noodsaaklik was om Suid-Afrika in internasionale sport te hou en dat dit geen wesentlike bedreiging vir die apartheidsbeleid ingehou het nie. Volgens hom het internasionale isolasie veel groter gevare vir Suid-Afrika ingehou as 'n paar toegewings op sportgebied.

Marais was daarenteen oortuig dat sporttoegewings die dun end van die wig sou wees wat uiteindelik tot die volledige aftakeling van apartheid, ook op sosiale en politieke gebied, sou lei.<sup>13</sup>

Die hele kwessie het basies gegaan oor die uitwaartse en inwaartse stroming in Afrikanergeledere: eersgenoemde het uitgegaan van die noodsaaklikheid van kontak na buite, selfs al sou dit 'n aanpassing van gevestigde beleid by nuwe omstandighede beteken, terwyl laasgenoemde onversetlik gestaan het by die konsekwente deurvoering van apartheid ten alle koste, selfs al sou dit lei tot toenemende internasionale isolasie.

In ultraregse kringe was daar uiteraard heelwat roeringe. Ben Schoeman beweer: "Daar is dadelik begin met die vorming van groepe, en sluwe metodes is aangewend om wantroue in

12) Ibid.

13) Du Pisani, J.A., p.166.

Vorster te skep. Van sy sterkste ondersteuners by die verkiesing van Eerste Minister was nou leiers van hierdie groepe".<sup>14</sup>

Die Vrydag na die koukus is h afvaardiging van 13 lede na Vorster gestuur om oor spesifieke sportkwessies helderheid te kry. Die premier het onder andere die koukuslede meege-deel dat die Nieu-Seelandse Rugbyraad h onderneming gegee het dat geen duidelik herkenbare anderskleurige Maori in h All-Black-toerspan na Suid-Afrika ingesluit sou word nie. Jaap Marais het hierdie mededeling verkeerdelik vertolk as h persoonlike versekering deur die Eerste Minister dat Maori's nie in Suid-Afrika toegelaat sou word nie.<sup>15</sup>

Dit was egter die begin van h persoonlike botsing tussen die Eerste Minister en Jaap Marais. Dit het aanleiding gegee tot beskuldigings van dislojaliteit en tot byna onherstelbare wantroue en vyandigheid by Jaap Marais teenoor die premier.<sup>16</sup>

In die periode onmiddellik na die eerste sportkoukus het Vorster daarin geslaag om die rus in Nasionale Party-geledere te herstel, maar kon nie die basiese verwarring onder Nasionaliste oor die sportbeleid uit die weg ruim nie.

Die bespreking van die sportbeleid is op 7 Maart hervat en uiteindelik op 14 Maart afgesluit. By dié twee geleenthede is weer verskeie pleidooie ten gunste van en teen die nuwe sportbeleid gelewer, maar na afloop van die bespreking is die nuwe beleid sonder teenstem aanvaar.<sup>17</sup>

Afgesien van alles was daar nogtans onduidelikheid oor die sportbeleid omdat dit op so h wyse gestel is dat elkeen sy

14) Schoeman, Ben, p.325.

15) Du Pisani, J.A., p.166.

16) Schoeman, B.M., p.28.

17) Ibid.

eie afleidings kon maak. J.H.P. Serfontein skryf: "Onder Nasionaliste was daar 'n Babelse verwarring oor die kwessie of Maori's toegelaat word al dan nie."<sup>18</sup>

Op 4 Maart 1967 het Vorster in Oudtshoorn die eerste keer in die openbaar 'n aanduiding gegee dat wysigings aan die sportbeleid voor die deur staan. Hy het dit benadruk dat hy uit sy pad sal gaan om die bande met Suid-Afrika se ou sportvriende te behou. "Ons jong mense is daarop geregtig," het hy gesê.<sup>19</sup>

In 'n sterk beleidsverklaring oor sport het mnr. Vorster onder meer die volgende punte gestel:<sup>20</sup>

- 1) Dit sal moontlik gemaak word vir Nie-Blankes in Suid-Afrika om aan die Olimpiese Spele deel te neem.
- 2) Tabakmaatskappye en Engelse koerantredakteurs moenie nou politiek in sport probeer sleep nie.
- 3) Dit sou dwaas wees om nou nuwe sportverhoudinge te soek byvoorbeeld met die Wes-Indiërs of Pakistan. Hy sal egter sorg dat hy sy plig teenoor Suid-Afrika en sy mense nakom.
- 4) Binnelandse verhoudinge moet van internasionale verhoudinge geskei word. Oor laasgenoemde sal hy by 'n latere geleentheid sy standpunt stel.

Mnr. Vorster het voortgegaan en gesê die Regering sal sy plig nakom en ook vir die Nie-Blankes van die land sportgeleenthede skep. Daar is egter een saak wat hy duidelik wil stel, naamlik dat die plaaslike binnelandse en buitelandse verhoudinge geskei moet word. Wat hierdie verhoudinge betref het die Nasionale Party net een beleid - dit is dat elke kleur-groep sy eie sport apart sal beoefen en administreer en dat

18) Serfontein, J.H.P., p.121.

19) Beeld, 5.3.1967.

20) Ibid.

bedrewenheid daarin geen rol sal speel nie.<sup>21</sup>

"Dit impliseer nie," het mnr. Vorster voortgegaan, "dat ons Nie-Blankes verstoke wil hou daarvan om sportverhoudinge aan te gaan met mense met wie hulle affiniteit het nie. As dit in die verlede goed was vir die Nigeriër, Ghanees en Ethiopier om aan die Olimpiese Spele deel te neem, sal ons dit ook moontlik maak vir ons eie Nie-Blankes om aan die Olimpiese Spele deel te neem, met inagneming van bestaande beginsels."<sup>22</sup>

### Sportbase steun nuwe benadering

Die indruk dat Suid-Afrika op die punt van 'n nuwe benadering ten opsigte van internasionale sportbetrekkings staan, is versterk deur verklarings van sportbase in die loop van Maart 1967. Frank Braun, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Vereniging, het aangekondig dat Suid-Afrika deur slegs een gemengde kontingent by die Olimpiese Spele van 1968 verteenwoordig sou word. Die lede van dié kontingent sou deur 'n veelrassige keurkomitee gekies word en sou gesamentlik en in dieselfde uniform onder die Suid-Afrikaanse vlag aan die openingseremonie van die Spele deelneem, terwyl hul reis- en verblyfreëlings deur die spanbestuurders behartig sou word.<sup>23</sup>

'n Verklaring oor Suid-Afrika se rugbybetrekkings met Nieu-Seeland wat deur dr. Danie Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, tydens die jaarvergadering van die Rugbyraad gedoen sou word, maar op die laaste oomblik teruggehou is en toe tog na die pers uitgelek het, is algemeen vertolk as 'n aanduiding dat Maori's wel as lede van 'n All-Black-span in Suid-Afrika ontvang sou word.<sup>24</sup>

Die weerstand in die Nasionale-Party-koukus teen die nuwe

21) Ibid.

22) Ibid.

23) Cape Times, 22.3.1967; The Cape Argus, 22.3.1967; Eastern Province Herholdt, 28.3.1967.

24) Die Burger, 3.4.1967; News/Check, 7.4.1967, p.7; Dagbreek en Sondagnuus, 2.4.1967; Sunday Express, 2.4.1967; The Star, 3.4.1967; The Cape Argus, 3.4.1967.

sportbeleid het Vorster laat besef dat die aangeleentheid baie versigtig hanteer moes word. Daarom het die prinsipiële grondslag vir 'n herformulering van die sportbeleid gedurende Maart 1967 indringende aandag in die hoogste regeringskringe geniet.

In 'n memorandum wat deur die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling opgestel is, is besondere aandag aan die sportkwessie gegee. Daar is beklemtoon dat afsonderlike ontwikkeling nie buitelandse sportverkeer uitsluit nie, maar dat rasse-integrasie binne Suid-Afrika nie geduld kan word nie.<sup>25</sup>

Die belangrikste punte van die memorandum het op die volgende neergekom:

- \* Dat binne Suid-Afrika elke bevolkingsgroep sy sport apart moet beoefen.
- \* Dat Suid-Afrika en ander lande nie aan mekaar kan voorskryf wie in hulle spanne moet wees nie. Dus sal Suid-Afrika bereid moet wees om gemengde sportspanne hier te ontvang.
- \* Dat elke bevolkingsgroep in Suid-Afrika sy eie gaste sal nooi en dat wedstryde dan slegs teen daardie bevolkingsgroep sal plaasvind. Daar is egter geen beswaar dat 'n Blanke sportliggaam byvoorbeeld 'n anderskleurige span uitnoodig nie.
- \* Die Suid-Afrikaanse span vir die Olimpiese Spele sal uit al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika saamgestel word.

In die memorandum word verder aanbeveel dat, omrede die meerderheid Blankes die sosiale verkeer wat met sport tussen verskillende rassegroepe gepaard gaan steeds as integrasie beskou, die saak versigtiger hanteer moet word. Daarom word

25) Du Pisani, J.A., p.169.

die Eerste Minister se standpunt verwelkom dat elke geval op 'n ad hoc-basis beoordeel moet word in die lig van die heersende omstandighede. Dit is ook 'n wyse beleid om net betrekkinge te handhaaf met Suid-Afrika se tradisionele sportvriende, omdat hulle Suid-Afrika nie maklik in die verleentheid sal stel nie. Indien die beleid van afsonderlike ontwikkeling deur politieke optrede onder die dekmantel van sport geskaad word, kan weer soos deur Verwoerd in 1965, opgetree word.<sup>26</sup>

Teen die einde van Maart 1967 is die voorbereidingswerk vir 'n amptelike uiteensetting van die nuwe sportbeleid, waarna daar sedert die Oudtshoorn-toespraak met afwagting uitgesien is, voltooi.

#### Mnr. Vorster kondig 'n nuwe Sportbeleid aan

Die erns waarmee die Regering die uiters netelige en aktuele vraagstuk rondom sport bejeën het, het duidelik geblyk toe die Eerste Minister op 11 April 1967 met 'n baie welkome en duidelik-omlynde sportbeleidsverklaring in die Volksraad vorendag gekom het.

Mnr. Vorster moes baie vrae beantwoord, veral twee kwessies wat in die koerante baie aandag geniet het naamlik "Wat van 'n Maori of twee?" en "Wat van Basil D'Oliviera?"<sup>27</sup>

In sy geskiedkundige sportbeleidsverklaring het die Eerste Minister aangevoer dat die belangrikheid van sport as sosiale bedrywigheid nie onderskat moet word nie, maar daarenteen moet dit ook nie oorskat word nie. Hy glo aan die waarde van sportbeoefening en sportverhoudinge met betrekking tot die versterking van betrekkinge met ander lande, maar indien dit verkeerd hanteer word, kan dit onherroeplike skade aanrig.<sup>28</sup>

26) Ibid.

27) Thompson, R., Retreat from Apartheid, p.49.

28) S.A. Departement van Sport en Ontspanning. Sportbeleidsverklaring deur die Eerste Minister in die Volksraad op 11 April 1967. Pretoria, 1967.

Wat binnelandse sport betref, sal daar hoegenaamd nie gemengde sport tussen Blankes en Nie-Blankes, wat ook al die peil van bedrewendheid, beoefen word nie. Blankes en Nie-Blankes sal hulle sport afsonderlik beoefen.<sup>29</sup> Dit is ook beklemtoon dat waar daar in die verlede uitsonderinge gemaak is by wyse van permitte vir 'n Indiërgholfspeler aan kompetisies vir Blankes, dit nie weer toegelaat sal word nie. Die bywoning van Nie-Blankes by Blanke sportbyeenkomste sal deur middel van permitte toegelaat word. Daarby sou die Regering graag wou sien dat die Nie-Blankes hulle sportstandaard moet verhoog, sodat hulle hul eie sportbyeenkomste kan ondersteun.

Die Eerste Minister het dit verder op ondubbelsinnige wyse gestel dat enigiemand, binnelands of buitelands wat die standpunt huldig dat betrekkinge met Suid-Afrika slegs aangeknoop sal word mits die beginsel van afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika oorboord gegooi word, moet besef dat daardie betrekkinge liever moet skade ly as wat Suid-Afrika sy beginsels moet prysgee.<sup>30</sup>

Wat internasionale sportmededinging aan betref, is vier byeenkomste uitgelig naamlik die Olimpiese Spele, die Kanadabeker (gholf), die Davisbeker (tennis) en Rugby- en krieketbetrekkinge.

Wat die Olimpiese Spele betref het Suid-Afrika geen keuse as om deur een kontingent verteenwoordig te word nie, bestaande uit sportlui van verskillende rassegroepe. Suid-Afrika bly staan egter op die feit dat geen gemengde sportkompetisies plaaslik toegelaat sal word nie. Sportlui sal dus in hulle eie groepe meeding en deur prestasies te vergelyk, sal daar tussen blanke en nie-blanke sportadministrateurs geskakel

29) S.A. Nasionale Party. Sportaangeleentheid. Bloemfontein, 26.4.1967.

30) Ibid.

word om, onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale spelevereniging, die beste sportlui uit te soek. Omdat die reëls van die Olimpiade bepaal dat lande en nie volke uitgenooi word nie, sal die gekose sportlui dan as een kontingent in eenvormige drag onder die Suid-Afrikaanse vlag optree. So'n Suid-Afrikaanse span sal egter nie op Springbokkleure geregtig wees nie, omdat die beleid is dat die Springbokembleem slegs vir verteenwoordigende blanke spanne toegeken kan word. Indien die Suid-Afrikaanse span uit lede van verskillende bevolkingsgroepe bestaan, sal volgens oorsese gebruik, sodanige lede in die buiteland teen mekaar te staan kom. Daarteen word nie beswaar gemaak nie.<sup>31</sup>

Die Kanadabeker (gholf): Daar sal geen beswaar wees as die toernooi, waaraan Blanke, Bruin en Swart gholflande deelneem, in Suid-Afrika sou plaasvind nie. Dit spreek vanself dat Suid-Afrika een of ander tyd sal moet aanbied om as gasheer op te tree. Daar moet egter onthou word dat hierdie reeks eintlik net een keer in 'n leeftyd in Suid-Afrika sal plaasvind, in welke geval geen moeite te veel sal wees om spesiale reëlins te tref sodat politieke voorvalle nie kop uitsteek nie.

Die Davisbeker (tennis): Dieselfde reëls geld hier as vir die Kanadabeker. Omdat die Davisbeker ook 'n interstaatlike kompetisie is, is daar geen beswaar dat Suid-Afrika binne of buite die land teen 'n anderskleurige land speel nie.

Rugby- en krietketbetrekkings: Suid-Afrika het op die gebied van rugby en krieket sy tradisionele vriende. Dit is nie Suid-Afrika se doel om nuwe bande te smee met lande wat nie ons vriende is nie. Suid-Afrika streef slegs na die handhawing van bestaande, tradisionele verhoudings. Wat rugbybetrekkings

31) Ibid.

met Nieu Seeland betref, gaan dit slegs om verhoudinge met Nieu Seeland en nie met die Maori's nie. Suid-Afrika sal nie voldoen aan die eis dat h Springbokspan ander rassegroepe moet insluit nie, want dit is uitsluitlik Suid-Afrika se eie saak. Eweneens het Suid-Afrika nog nooit aan Nieu Seeland voorgeskryf wie hulle mag kies nie.

Soos in die verlede sou spelers met Maori-bloed in Suid-Afrika ontvang word, mits aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- \* Politici moet nie inmeng om die verhoudinge tussen die twee lande te probeer vertroebel nie.
- \* Sport moet nie die mikpunt wees om een of ander politieke doel te bereik nie.
- \* Dit moet nie vir Suid-Afrika binnelandse probleme skep nie.

Indien hierdie voorwaardes verontagsaam word, het mnr. Vorster gesê, "sal ek nie aarsel om op te tree soos my voorganger by Loskop opgetree het nie." Vir krieketbetrekkings sal presies dieselfde beginsels as vir rugby geld.<sup>32</sup>

Volgens Vorster was sy sportverklaring nie 'n afwyking van die tradisionele sportbeleid van die Nasionale Party nie, maar slegs 'n verandering in benadering. Die meeste kommentators is dit egter eens dat die sportbeleid wel wesenlik verander het.

Dat die sportbeleid wel verander het blyk uit die volgende:

Dr. Verwoerd het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika deur afsonderlike kontingente by die Olimpiese Spele verteenwoordig moes word. Vorster het ingestem tot 'n enkele veelrassige kontingent.

Vorster het verder die groen lig gegee dat Suid-Afrikaners

32) Debatte van die Volksraad, Deel 20, 11.4.1967, kol. 4108-4117, 4144-4145.

van verskillende rasse oorsee teen mekaar kon meeding.

Waar veelrassige sportbyeenkomste in die verlede taboe was kon byeenkomste soos die Kanadabeker en die Davisbeker nou in Suid-Afrika aangebied word.

Dit was die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse Premier openlik verklaar het dat Maori's welkom is om hier in Suid-Afrika mee te ding.

### Die werklike betekenis van die verklaring

In wese bou dié sportverklaring voort op die tema van voorafgaande sportbeleide naamlik dat sport in Suid-Afrika van klub- tot nasionale vlak op 'n basis van afsonderlikheid beoefen moet word. Die onderstruktuur van afsonderlikheid is gehandhaaf. Wat interstaatlike sport egter betref, het daar ontwikkeling in die beleid gekom. 'n Verdere nuwe aksent was dat die eiesoortige problematiek van verskillende sportsoorte raakgesien is.

Met betrekking tot die depolitisering van sport het mnr. Vorster opgemerk: "Ek wil bowe-al die versoek rig dat hierdie aangeleentheid (sport) nie in die politiek ingesleep word nie, omdat dit na my beskeie mening 'n aangeleentheid is wat nie daar tuis behoort nie."<sup>33</sup>

Die blote feit is egter dat debatte oor sport jaarliks deur politici in die Volksraad gevoer is, en die daaropvolgende reperkussies wat die debatte in die media het, min daartoe bygedra het om sport te depolitiseer. Nietemin, 'n proses is aan die gang gesit wat in die laat sewentiger en vroeë tagtigerjare groot momentum sou kry.

Die 1967-sportverklaring het verder verwarring onder Afrikaners

33) Debatte van die Volksraad, 11.4.1967, kol. 4108.

veroorzaak. Enersyds is die veranderinge in die sportbeleid as praktiese en noodsaaklike aanpassinge by die eise van 'n veranderende wêreld gesien. Geen botsing tussen beleid en beginsel is in die sportbeleid gesien nie.

Dit was die een kant van die saak. Lynreg hierteenoor staan die standpunt van 'n ultra-konserwatiewe drukgroep binne die Nasionale Party. Hulle het die nuwe sportformulering afgekam as 'n radikale versaking van dr. Verwoerd se beleid. Die Regering het uit swakheid geswig voor buitelandse druk en beweeg nou in die rigting van integrasie, is aangevoer.<sup>34</sup>

Hierdie versetaksie uit die binnekring is gelei deur dr. Albert Hertzog, Minister van Pos- en Telegraafwese, mnr. Jaap Marais, L.V. vir Innesdal, mnr. Louis Stofberg, L.V. vir Worcester en ander, blykbaar met die morele steun van dr. A.P. Treurnicht, hoofredakteur van Hoofstad.<sup>35</sup>

Onder politici en sportbase is mnr. Vorster se beleid met groot vreugde ontvang, dit is verwelkom as 'n stap in die regte rigting.<sup>36</sup> Deur die bank het die sportbase die beleid vertolk as een waarin gemengde sport aan die orde van die dag sal wees. Soos mnr. Frank Braun (Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Vereniging) gesê het: "Suid-Afrika se Olimpiese sport sal nou geen probleme hê om spanne na internasionale byeenkomste te stuur nie. Ek voorsien dat Blankes en Nie-Blankes in die toekoms baie saam sal gaan meeding. Daar sal nou niks gebeur om dit te keer nie."<sup>37</sup>

Bogenoemde uitsprake en houdings van die sportbase het die Eerste Minister genoop om sportadministrateurs te waarsku

34) Rapport, 2.12.1973.

35) Ibid.

36) Ster, 9.1.1970, p.33.

37) Ibid.

dat sy beleidsverklaring nie onrealistiese verwagtings moet laat opflikker nie, dat die beleid baie omsigtig en deeglik bestudeer moet word en dat daarin geen prysgawe van beginsels ge lees moet word nie.<sup>38</sup>

### Implikasies van die sportbeleid

Die beleid het geïmpliseer dat alle interstaatlike byeenkomste, soos die reeds genoemde rugby- en krieketspanne, gholf en tennis, in Suid-Afrika gehou kon word. Spanne sal hierheen kan kom van lande met wie Suid-Afrika tradisionele betrekkinge in ander sportsoorte het byvoorbeeld swem met Nederland en Kanada, atletiek met Wes-Duitsland, hokkie met België. As 'n lid van die Wes-Duitse span nie suiwer blank is nie sal die kwessie volgens verdienste behandel word en sal hy op sy paspoort getakseer word.<sup>39</sup>

Aan die ander kant het mnr. Vorster gesê, het 'n Amerikaanse atletiekspan Negerlede. Gemeet aan die voorbehoude wat gestel is, kan hulle onrus in die binneland ontketen.

'n Nie-Blanke bokser sal nie toegelaat word om in Suid-Afrika teen 'n blanke bokser om 'n wêreldtitel te veg nie. Dit word tradisioneel nie toegelaat nie en die geveg kan elders gehou word.

'n Sokkerwedstryd tussen 'n blanke Suid-Afrikaanse span en 'n span van Lesotho sal nie toegelaat word nie. Hoewel dit staatkundig rym, is dit nie tradisioneel nie.

'n Gemengde Suid-Afrikaanse span na die wêreld-sokkertoernooi sal ook nie toegelaat word nie. Die Regering maak net een uitsondering vir die stuur van 'n gemengde span na die buitenland - die Olimpiese Spele.

38) Botha, J.L., 'n Ondersoek na die funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika, p.322.

39) Beeld, 18.4.1967.

h Nieu-Seelandse rugbyspan (of MCC krieketspan) sal nie hier h wedstryd teen h verteenwoordigende Suid-Afrikaanse Kleurlingspan kan speel nie - selfs nie op h veld in Kleurlinggebied nie. Die antwoord is dat die Kleurlinge en ook die Bantoes hul eie verhoudinge kan hê met spanne uit ander lande wat met hul kleurgroep saamval. Die Bantoes sal wel h span van Lesotho kan ontvang. Bantoe- en Kleurlingspanne sal ook in die buiteland kan gaan toer, soos die Koedoespan gedoen het.<sup>40</sup>

### Isolasie bo vermening

Mnr. Vorster se sportverklaring van 11 April word deur Die Burger<sup>41</sup> gesien as h algehele Suid-Afrikaanse standpunt, want die binnelandse sowel as die buitelandse aspek daarvan is deur die leier van die Opposisie nagenoeg volkome onderskryf.

Oor ons afsonderlike sportbeoefening binne Suid-Afrika, het Die Burger voortgegaan, was daar in elk geval geen argument van belang nie. Dit is h beleid wat deur h oorweldigende openbare mening gedra word, en daar bestaan binne die land geen ernstige wil om daaraan te torring nie.

Die vraag voor die Regering was of, naas die vanselfsprekende handhawing van hierdie beleid, tog reëlins gevind kon word om veral ons tradisionele buitelandse sportbetrekkings te red teen die bedreiging wat in die laaste jare daarvoor ontstaan het. Dit het hoofsaaklik gegaan om ons deelname aan die Olimpiese Spele, om ons rugbybande met Nieu-Seeland met sy Maori-minderheid ( en gevolglik ook ons algemene posisie in die internasionale rugbywêreld), en om ons krieketbetrekkings, weens die moontlike opname van nie-blanke spelers in vroeër uitsluitend blanke spanne.

40) Ibid.

41) Die Burger, 12.4.1967.

Omdat regverdigheid vereis dat Suid-Afrikaanse nie-blanke sportlui van die gewenste standaard toegang moet hê tot die Olimpiese Spele, is die formule van aparte spanne uit Suid-Afrika voorgestel, maar sonder sukses weens die Olimpiese reëls. Geen ander oplossing as 'n gesamentlike kontingent onder een vlag het oorgebly nie.

Die Eerste Minister het geen onduidelikheid daaroor gelaat nie dat, as hierdie reëling oorseë onaanneemlik sou wees, en aanleiding sou gee tot eise dat Suid-Afrika sy binnelandse sportbedeling moet verander, dit daarnatoe sou wees. Ons sou isolasie verkies bo 'n onmoontlike diktaat van buite.<sup>42</sup>

#### Die 1967-Verklaring in Perspektief gesien

In die reeks sportverklarings van 1956 tot 1965 is 'n relatief lae profiel aan sportoutonomie toegeken; die 1967-verklaring het groter diskresie aan administrateurs oorgelaat om internasionale sportverhoudinge te reël. In hierdie verband het Sir De Villiers Graaff, leier van die Opposisie, gestel dat die beheer en administrasie van sport in die Republiek aan die erkende sportliggame toevertrou moet word; dat die beginsel van nie-inmenging op die gebied van internasionale sport aanvaar moet word, en dat die uitreik van uitnodigings en die kies van spanne aan die betrokke beheerliggame oorgelaat moet word.<sup>43</sup>

Bogenoemde twee aksentverskuiwings, naamlik die aandrang op groter depolitisering van sport en groter erkenning aan die outonomie van sport, het 'n belangrike nuwe dinamiek in sportbeleide en die Suid-Afrikaanse sportpraktyk ingelei. Saam met die groeiende aandrang om groter sportoutonomie, het 'n verset teen enige vorm van staatsbeheer oor sport gegroei.<sup>44</sup>

42) Ibid.

43) Debate van die Volksraad, 11.4.1967; kol. 4100.

44) R.G.N.-Sportondersoek, p.88.

Die 1967-sportverklaring van mnr. Vorster het in die daaropvolgende drie jaar die voorwerp van politieke onmin en twis geword. Radikales het die beleid gesien as 'n middelmatige en onbevredigende toegewing op internasionale vlak en dit vanweë sy onderbou wat sportapartheid verskans het, verwerp; die middelgroep het die beleid aangeprys as 'n stap in die regte rigting; radikale konserwatiewes weer het dit as 'n algehele afwyking van vorige beleid en 'n swig voor internasionale druk gesien.

### Die Basil D'Oliviera-geval

Die tydperk tot 1967 is afgesluit met die baie belangrike beleidsverklaring van 11 April. Met dié verklaring was dit asof die Regering hul kaarte op die tafel gegooi het om vir die res van die wêreld te wys dat daar nie voor druk geswig sou word nie.

Die Suid-Afrikaanse regering het egter op dié stadium, aan die begin van 1968, met drie baie dringende sportvraagstukke te doen gehad, naamlik Suid-Afrika se deelname aan die Olimpiese Spele van 1968, die Basil D'Oliviera-kwessie en die moontlike insluiting van Maori-rugbyspelers in die All Black-toer-span van 1970.

Wat die Olimpiese Spele betref, is Suid-Afrika se deelname finaal opgeskort. Die D'Oliviera-kwessie was een van die insidente met die verreikendste implikasies vir Suid-Afrika se interne sportbetrekkinge, terwyl die Maori-vraagstuk die direkte oorsaak was dat daar 'n breuk in die Nasionale Party sou kom.

### Basil D'Oliviera word opgeneem in die MCC-span

Die omstrede gebeure rondom dié Kleurlingtoetsspeler van Engeland, het 'n lang aanloop gehad. As Kaapse Kleurling was

D'Oliviera se vooruitsigte om 'n krieketspeler van formaat te word baie skraal. Hy het van kleins af 'n onbetwisbare krietetaanleg getoon, maar weens die Suid-Afrikaanse sportbeleid, naamlik dat elke volksgroep sy sport afsonderlik moet beoefen en ontwikkel, was daar geen toekoms vir hom in Suid-Afrika nie.<sup>45</sup> Aangesien hy hom in 'n feitlike skaakmatposisie bevind het, was hy gedwing om Suid-Afrika te verlaat om sy krieket-loopbaan in Engeland voort te sit.

In Engelse graafskapskrieket het sy spel so merkwaardig ontwikkel, dat dit niemand verbaas het toe hy vir hom 'n plek in Engelse toetsspanne oopgespeel het nie.

Dit was juis as toetsspeler dat hy algaande sterker onder die politieke aandag begin kom het. Die moontlikheid het naamlik na vore begin kom dat D'Oliviera ingesluit kon word in 'n span van die MCC wat deur Suid-Afrika moes kom toer.<sup>46</sup>

Wat die houding van die Suid-Afrikaanse regering op daardie stadium betref, het mnr. Vorster in 1967 laat blyk dat sy regering nie meer daarteen beswaar sou hê as anderskleuriges in toerspanne na Suid-Afrika ingesluit word nie.<sup>47</sup> Die Verwoerduitspraak van Loskopdam was egter nog die amptelike beleid.

Verwarring het egter gevolg toe mnr. Vorster in April 1967 in twee toesprake in die Volksraad laat blyk het dat die Regering hom nie sal bemoei met die samestelling van toerspanne na Suid-Afrika nie.<sup>48</sup> Mnr. Vorster se toespraak het immers 'n belangrike verandering in die sportbeleid geïmpliseer,

45) Kotze, G., p.63-71.

46) Ibid.

47) Ibid.

48) Ibid.

naamlik dat daar, sover oorsese spanne en hul samestelling betref, duidelik wegbeweeg word van die Loskopdamstandpunt.

Mnr. Vorster het egter h belangrike voorwaarde gestel. As dit sou blyk dat daar bykomende (politieke) motiewe bestaan agter die samestelling van buitelandse spanne wat hierheen kom, sal daar weer oor die saak gedink moet word.<sup>49</sup>

Intussen is uit Londen berig dat mnr. Billy Griffith, die MCC Sekretaris, gesê het dat, toe hy genader is deur die pers aangaande mnr. D'Oliviera as h moontlike keuse, mnr. Howell, die Minister van Sport, reeds in die Laerhuis genoem het dat as daar enige voorwaardes gestel word oor wie ingesluit word al dan nie, so h toer dan nie sal plaasvind nie.<sup>50</sup>

Mnr. D'Oliviera is ook intussen h aantreklike vyfjaarkontrak aangebied om die Kleurlinggemeenskappe in Suid-Afrika in krieket te kom afrig. Hy het egter toe laat weet dat hy h nog aantrekliker aanbod deur die anti-apartheidskomitee gekry het op die basis dat hy 'gestoot' sou word om in die MCC-toerspan ingesluit te word.<sup>51</sup>

Die Regering was ook bewus dat dié organisasie in samewerking met die Afrika-weerstandsbeweging h beleid van rasse-integrasie op sosiale sowel as politieke gebied op Suid-Afrika wou affor-seer.

Op 28 Augustus 1968 is die MCC-span aangekondig wat Suid-Afrika sou besoek.<sup>52</sup> Die 33jarige Basil D'Oliviera was nie in die span ingesluit nadat hy in twee toetsreekses sy vorm verloor het. Anti-Apartheidsbewegings het die MCC daarvan beskuldig dat hy voor druk van die Suid-Afrikaanse regering geswig het.

49) Department Sport and Recreation RE: Proposed Statement to be issued in the event of D'Oliviera being selected for the MCC to tour South Africa.

50) Kotze, Gert, p.65.

51) Ibid.

52) Saaiman, G., p.165.

Die D'Oliviera-kwessie het op 16 September 'n nuwe wending geneem toe Basil D'Oliviera in die MCC-span ingesluit is in die plek van die beseerde snelbouler, Tom Cartwright.<sup>53</sup> In Afrikaner-geledere is hierdie skuif toegeskryf aan politieke manneuvreerdery aangesien D'Oliviera, wat aanvanklik as kolwer oorweeg is, nou gekies is om 'n snelbouler te vervang.

#### Vorster verbied die MCC-Span

Die gebeurtenis tydens die Nasionale Party-kongresse van 1968 met die verreikendste binnelandse en buitelandse implikasies, was die Eerste Minister se aankondiging by die Vrystaatse kongres dat die MCC-kriekettoerspan as gevolg van die insluiting van die Suid-Afrikaansgebore Kleurlingspeler, Basil D'Oliviera, nie vir die Suid-Afrikaanse regering aanvaarbaar was nie. Hierdie aankondiging het 'n aanloop van byna twee jaar gehad, wat kortliks soos volg saamgevat kan word:

- \* Na aanleiding van bespiegelings in Januarie 1967 in die Britse en Suid-Afrikaanse pers verklaar die Minister van Binnelandse Sake, mnr. P.K. le Roux, dat D'Oliviera nie in Suid-Afrika toegelaat sal word as hy in die MCC-toerspan van 1968 gekies word nie. Hierop wend sekere Britse Parlementslede 'n mislukte poging aan om die toer vroegtydig gekanselleer te kry.<sup>54</sup>
- \* Mnr. Vorster se sportverklaring op 11 April 1967, waarin hy die groen lig gegee het dat gemengde spanne in sekere sportsoorte in Suid-Afrika aanvaar sal word, mits hulle nie binnelandse onrus skep nie, het die hoop laat opvlam dat die MCC-toer wel sou plaasvind.<sup>55</sup>

53) Ibid.

54) Basil D'Oliviera, The D'Oliviera Affair, pp.83-87.

55) Ibid., p.88.

\* Weens die feit dat daar onsekerheid bestaan het of die Suid-Afrikaanse Regering D'Oliviera sou aanvaar, het twee voormalige MCC-presidente, Sir Alec Douglas-Home en Lord Cobham, Suid-Afrika in Februarie en Maart 1968 besoek en samesprekings met Vorster gevoer. Home het teenoor die Eerste Minister onderneem om toe te sien dat D'Oliviera nie vir die toerspan gekies word nie, terwyl Cobham aan die MCC-sekretaris gerapporteer het dat hy onder die indruk gekom het dat D'Oliviera nie aanvaar sou word nie.<sup>56</sup>

\* Tienie Oosthuizen, Londense verteenwoordiger van 'n Suid-Afrikaanse tabakmaatskappy, het namens die Suid-Afrikaanse Sportstigting in Julie 1968, 'n reuse aanbod aan D'Oliviera gemaak om Kleurlinge in Suid-Afrika af te rig, mits hy hom nie vir die MCC-toer beskikbaar stel nie. Hierdie Suid-Afrikaanse poging om probleme te voorkom, het misluk as gevolg van D'Oliviera se huiwering om die aanbod te aanvaar.<sup>57</sup>

\* Ten spyte van 'n swak seisoen in 1968 word D'Oliviera as plaasvervanger vir 'n beseerde speler gekies om Engeland in die laaste toets teen Australië te verteenwoordig. Hy teken 158 lopies aan en is skielik weer 'n kandidaat vir die MCC-toerspan.

\* Tesame met bogenoemde gebeurtenisse was daar ook nog die aanbod wat D'Oliviera gekry het om afrigtingswerk in Suid-Afrika te doen.

Die politieke agitاسie rondom die insluiting van Basil D'Oliviera was dus duidelik sigbaar. Daar is geswig onder die druk van anti-apartheidsbewegings en SANROC en hiervoor was die Suid-Afrikaanse regering nie te vinde nie. Op 17 September 1968

56) Ibid., pp.112-113; Vgl. ook Gert Kotze, p.66.

57) Basil D'Oliviera, pp.115-131.

ten tye van die opening van die Nasionale Party-kongres in Bloemfontein verklaar advokaat Vorster:<sup>58</sup>

"Nou mnr. die Voorsitter, wil ek verwys na h saak wat bekend geword het as die D'Oliviera-kwessie. Omdat daar onsekerheid bestaan het oor die sportbeleid toe ek die leierskap van die Nasionale Party oorgeneem het, het ek dit goed gedink om h volledige verklaring in dié verband uit te reik. Die verklaring was onderskryf deur elke lid van die Parlement. Daardie verklaring was absoluut noodsaaklik omdat liberalis in die politiek al hoe meer van sport h politieke aangeleentheid wou maak." As voorbeeld, het Vorster gesê: "The olympic scandal Sir, is a case very much in point as far as this issue is concerned. The forthcoming tour of the MCC was the next target and it is history what the Anti Apartheid Movement, SANROC and certain leftists in Britian said and did about it."

Verder het mnr. Vorster gesê dat die Regering absoluut korrek opgetree het deur die keuse van h span aan die MCC self oor te laat - dat Suid-Afrika hoegenaamd nie wil keurder speel vir h ander land nie. Die oomblik egter toe dit bekend geword het dat D'Oliviera in die span ingesluit is het hy h politieke speelbal geword en dat daar met daardie bal na Suid-Afrika geboul word sonder ophou.

Die aankondiging wat die sportwêreld geskok het, het as volg gelui: "From then on Sir, the matter passed from the realm of sport to the realm of politics. And you will recall Ladies and Gentlemen that I warned against that at Vereeniging a couple of weeks ago. You will recall that I warned against that at Pretoria only last week. And then Sir, then came this morning's announcement. And tonight you have every

58) Geyser, O., Geredigeerde Toesprake van die Sewende Eerste Minister van Suid-Afrika: Deel I, p.92; D'Oliviera, B., Time to Declare, pp.59-61. Kotze, G., pp.69-70.

right to ask me what now. The team as constituted now is is not the team of the MCC. It is the team of the Anti Apartheid Movement. It is the team of SANROC. It is the team of Bishop Reeves. It is the team of political opponents of South Africa. It is the team of people who don't care about sport or sport relations at all. And Ladies and Gentlemen, I say on behalf of South Africa that whereas we are and have always been prepared to play host to the MCC even in spite of their attitude to Rhodesia or Colin Bland, we are not prepared to receive a team thrust upon us ... by people who's interest are not the game, but to gain certain political objectives which they don't even attempt to hide"<sup>59</sup> Vorster het hierna gesê dat aangesien die toerspan nie meer 'n MCC-span is nie, maar die span van SANROC en die Anti-Apartheid Movement, Suid-Afrika amptelik weier om as gasheer op te tree vir 'n MCC-span wat op die land afgedwing word deur mense met politieke bymotiewe.

Hierdie aankondiging deur Vorster is begroet met een van die grootste ovasies wat Vorster ooit in sy politieke loopbaan gekry het - 'n aanduiding dat die premier die gevoel oor die kwessie in Nasionale Party-geledere reg gelees het.<sup>60</sup>

Vorster se aankondiging het tot 'n verdere politieke uitbarsting teen Suid-Afrika in Brittanje gelei en ten spyte van laaste pogings uit die geledere van die MCC en die Suid-Afrikaanse krieketvereniging om die toer te red, is dit 'n week later amptelik deur die MCC bestuur afgelas.<sup>61</sup>

#### Reaksie op die D'Oliviera geval

In reaksie op die hele D'Oliviera aangeleentheid was daar ernstige meningsverskil onder politice, sportlui en koerante

59) Aangehaal in Geyser, O., pp.92-94.

60) Basil D'Oliviera, p.172; Gert Kotze, pp.69-70.

61) Basil D'Oliviera, pp.175-176.

oor Vorster se optrede. Reaksie het gekom van die premier se ondersteuners, die Amptelike Opposisies, die Regse Faksie in die Nasionale Party en dan het Vorster self kommentaar gelewer.

Onder die premier se ondersteuners is gemeen dat hy geen keuse gelaat is nie aangesien D'Oliviera 'n politieke keuse was met die doel om integrasie op Suid-Afrika af te dwing.<sup>62</sup> Sou hy dit wel toegelaat het kon dit tot 'n breukspul in die gelede van die Nasionale Party gelei het.<sup>63</sup>

Die opposisie het mnr. Vorster aan die een kant daarop gewys dat sou hy die MCC span toegelaat het, hy juis daardeur 'n troefkaart uit die hande van die anti-Suid-Afrikaanse aksiegroepe in die buiteland kon weggeneem het. Aan die ander kant het hulle Vorster daarvan beskuldig dat hy die D'Olivierakwessie as gevolg van verdeeldheid in die Nasionale Party vir partypolitieke voordeel uitgebuit het om sy eie leierskap deur middel van 'n toegewing teenoor die verkrampptes te bevorder.<sup>64</sup>

Vorster se aankondiging het die grond onder die voete van die Hertzog-groep (Regses) weggeslaan. Dr. A.P. Treurnicht het egter beweer dat Vorster se finale besluit eerder 'n reaksie op die gebeure van die oomblik as 'n prinsipiële besluit was.<sup>65</sup>

Wat mnr. Vorster self betref, het hy as leier besef dat hy nie te ver voor sy ondersteuners moes uitloop nie en tydelik moes halt roep hoewel hy diep in sy hart waarskynlik sou

62) Die Burger, Die Beeld, Die Volksblad, Die Oosterlig en Die Transvaler, 18.9.1968-22.9.1968.

63) Ibid.

64) Ibid.

65) Du Pisani, J.A., p.366.

verkies het om 'n ander besluit te neem. Eers die weglating en toe die insluiting van D'Oliviera, wat beslis nie op meriete geskied het nie, het mnr. Vorster die geleentheid gegee om daaruit politieke munt te slaan. Of dit in die belang van Suid-Afrika se uitwaartse beleid en internasionale sportverhoudinge was, is 'n ander saak.<sup>66</sup>

Die sportkwessie word op die spits gedryf - skeuring in die Nasionale Party

Regse druk bou op teen die Nasionale Party

Verwarring op verwarring het in die laat sestiger jare ontstaan oor die sportbeleid van die regering. Geen ander saak het hom geleen tot soveel kontroversie en verskillende interpretasies as juis die sportkwessie nie. Alhoewel Vorster sy standpunt duidelik gemaak het, naamlik 'eerder afsondering as integrasie' was die Regering vasgevang tussen die spreekwoordelike twee vure. Die Anti-Apartheidsgroepe het aan die een kant al hoe harder begin skree en meer plaaslik was dit die regtervleuel in die Parlement wat niks ongesiens laat verbygaan het nie.

Na die beleidsaankondiging van mnr. Vorster op 11 April 1967 was baie van Hertzog en Marais se ondersteuners in Pretoria nie so ingenome met die sportverklaring as hul leiers nie. In 'n brief het onder andere die Afrikaner Orde gesê: "Hierdie is dinge wat broei en Vorster sal binnekort die angel van die Orde voel."<sup>67</sup>

Mnr. Vorster was deeglik bewus van die meningsverskille in die Nasionale Party geledere en het derhalwe 'n inligtingstuk opgestel en uitgestuur met die doel om alle aantygings dat

66) Ibid.

67) Serfontein, J.H.P., Die Verkrampde Aanslag, pp.121-122.

daar van die tradisionele sportbeleid van die Nasionale Party afgewyk is te weerlê.

Die volgende stellings is onder andere in die inligtingstuk gemaak:

- \* Sover dit binnelandse sport betref, sal daar geen uitsonderings ten opsigte van apartheid in sport gemaak word nie.
- \* Daar sal wel 'n gemengde Suid-Afrikaanse span na die Olimpiese Spele gaan, maar hulle sal nie Springbokbaadjies dra nie, omdat die Springbok slegs die embleem van blanke spanne is.
- \* 'n Nuwe benadering tot atletiek was nodig, indien Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele geskors sou word, want dit sou feitlik volkome isolasie in die atletiekwêreld beteken.
- \* Die beleid ten opsigte van die Kanadabeker en die Davis-beker maak nie voorsiening vir sportbetrekkinge met anderkleurige lande nie. Indien Suid-Afrika as gasheerland sou optree, sou hy volle beheer hê oor die toelating van toeskouers en alle reëlins met betrekking tot die deelnemers.<sup>68</sup>

In die inligtingstuk is verder gesê: "Wat die huidige Eerste Minister nou gedoen het deur sy verklaring op 11 April, is net om die hele saak terug te plaas op sportvlak, terwyl hy dr. Verwoerd se standpunt by Loskopdam opnuut onderskryf en bevestig het."<sup>69</sup> Die volgende punte word verder beklemtoon:

- \* Suid-Afrika kan nie aan die lande met wie hy tradisionele

68) Skietgoed, 25.4.1967.

69) Ibid.

sportbetrekkings het, voorskryf wie hulle mag kies nie.

- \* Daarom word dit aan elke land se sportadministrateurs oorgelaat om hulle spanne, net soos in die verlede, saam te stel.
- \* Die voorwaardes egter van so 'n toer na Suid-Afrika is dat daar gehou word by die drie voorbehoude wat die Eerste Minister gestel het, wat kortliks daarop neerkom dat die span hom nie in die politieke situasie in Suid-Afrika sou inmeng nie.
- \* Sonder die prysgawe van enige beginsel sou Suid-Afrika dus sy tradisionele sportbetrekkings handhaaf.

Vorster se weiering om die MCC-toerspan met Basil D'Oliviera in hul geledere, in Suid-Afrika te ontvang, het die Regses vir die oomblik tevrede gestel. Maar nie vir lank nie, want gou was die volgende twispunt ter sprake, naamlik die koms van die All Blacks en tesame natuurlik daarmee die koms van die Maori's.

Te midde van die bespiegelings ten opsigte van die Maori-kwessie het B.J. Vorster sy standpunt op 27 September 1968 in Brakpan gestel. Hy het gesê dat hy geen rede kan sien waarom die 1970-toer nie kan plaasvind nie, omdat spelers met Maori-bloed soos in die verlede in Suid-Afrika ontvang sou word. Suid-Afrika sou nie aan die Nieu-Seelandse keurkomitee voorskryf nie. Daarom het hy aan dr. Danie Craven gesê dat die uitnodiging aan die Nieu-Seelandse Rugby-unie net soos in die verlede bewoord moes word.<sup>70</sup>

70) PV 132: B.J. Vorster-versameling, lêer 3/6/1/10.  
Toespraak te Brakpan, 27.9.68.

Die Eerste Minister se aankondiging dat Maori's in Suid-Afrika toegelaat sou word, het nogmaals ontevredenheid onder verkrampes veroorsaak. In Veg, die nuwe ultraregse blad, is beweer dat Vorster se standpunt die teenoorgestelde van Verwoerd s'n was: "Dit moet vir almal duidelik wees dat die huidige bewind glad nie meer daarop staan dat gemengde spanne NIE na die Republiek mag kom NIE, soos die tradisionele Nasionale Party-siening was."<sup>71</sup> Dr. Albert Hertzog se kommentaar was soos volg: "Alles wys daarop dat hierdie opportunistiese beleid van Vorster geen vriende maak nie, maar net vyande. Die stempel van oneerlikheid kleef aan die beleid, want dit is 'n poging om deur slimmighede moeilikhede te voorkom."<sup>72</sup>

#### Die Finale konfrontasie: Die Transvaalse Nasionale Party-kongres van 1969

Die finale konfrontasie tussen die Nasionale Party-leiding en die Hertzog-groep in die party, het tydens die Transvaalse Nasionale Party-kongres, wat van 9-11 September 1969 in Pretoria gehou is, plaasgevind.

Minister Ben Schoeman het besluit "tot hiertoe en nie verder nie." Die probleme moes opgelos word. Hy het die mosies oor die vier omstrede beleidsaspekte van die Vorsterregering aan die kongres voorgelê. Een van die mosies lui as volg: "Hierdie kongres onderskryf die sportbeleid van die Regering soos uiteengesit deur die Eerste Minister in die Volksraad, op 11 April 1967."<sup>73</sup>

Met die opening van die kongres dieselfde middag van 9 Sep-

71) Veg, Desember 1968.

72) Du Pisani, J.A., p.367; Hoofstad, 27.9.1968.

73) Debatte van die Volksraad, 11.4.1967, kol. 4108.

tember het mininster Schoeman aangekondig: "Die oomblik van waarheid het gekom. Ons en die Nasionale Party wil weet waar ons staan. Sekere aspekte van die regeringsbeleid gaan volledig bespreek word. Mense wat agterdog oor die beleidsaspekte saai, het die geleentheid om openlik te praat. Hulle moet nie lafaards wees nie. Vandag gaan ons stem. Ons wil weet wie daarvoor stem, wie daarteen stem en wie buite stemming bly. Nadat die kongres oor die sake besluit het, sal die party tug kan toepas teen lede wat hulle nie daaraan wil onderwerp nie."<sup>74</sup>

Dit was na die onderbreking vir aandete dat dr. Hertzog na die mikrofoon gestap het. Vir diegene wat die stryd van die afgelope twee jaar meegemaak het, was dit duidelik dat die teerling gewerp was.

"Ek kan nie help om probleme met die nuwe sportbeleid te hê nie en ek wil hulle vanaand stel", het hy begin. "Of ons sê ons het sportbetrekkinge met Nieu-Seeland en nie met Maori's nie, bly dit so dat as daar Maori's in die span is, kom hulle nie net om rugby te speel nie. Hulle gaan ook op sosiale funksies wees waar hulle saam met ons dogters aan tafel gaan sit en met ons dogters gaan dans."<sup>75</sup>

Nadat hy verder uitgewei het oor die probleme wat hierdeur geskep gaan word, het dr. Hertzog verwys na dr. Verwoerd se Loskopdam-toespraak en voorgelees uit die persverklaring wat senator de Klerk vier dae daarna uitgereik het om te bevestig dat die kabinet eenparig teen die ontvangs van Maori's in 'n All-Black-span besluit het.

74) Schoeman, B.M., Vorster se 1 000 dae, p.272; Vgl. ook Die Transvaler, 10.9.69.

75) Schoeman, B.M., p.273. Vgl. ook Rapport, 2.12.1973.

"Hier is h wig," het hy voortgegaan. "As jy hom één keer in die deur het, kan jy dit nie weer sluit nie." Hierna het hy hom na die partyleiding op die verhoog gewend en gesê: "As u my hieroor uit die party wil sit, laat ek dit in u hande."<sup>76</sup>

Na h lang bespreking of die sportbeleid strydig is met artikel 13 van die Nasionale Party se program van beginsels ten opsigte van die binnelandse rasseverhoudinge, is tot stemming oorgegaan. Elf afgevaardigdes, insluitende dr. Albert Hertzog, Gert Beetge en J.G. Truter, het teen die sportmosie gestem, terwyl sewe, waaronder Jaap Marais, buite stemming gebly het. Marais het nie teen die mosie gestem nie na aanleiding van die Eerste Minister se versekerings aan hom dat Marais's nie in Suid-Afrika toegelaat sal word nie.

Na die dramatiese gebeure van 9 September was die tonge los in Nasionale Party-geledere, want die kongresgangers het besef dat die verlig-verkrampstryd binne die Nasionale Party tot h punt gekom het. Die Vaderland het na aanleiding van h onderhoud met minister Ben Schoeman berig: "Die weg is nou oop vir tugmaatreëls en diegene wat hulle nie wil neerlê by besluite wat geneem is nie, moet die party verlaat .... die streep is nou finaal getrek en enigiemand wat nou oortree, sal uitgesit word."<sup>77</sup>

Met die laaste dag van die kongres op 11 September, het mnr. Ben Schoeman die geleentheid benut om die prosedure te verduidelik met betrekking tot die persone wat teen die sportmosie gestem het. Hulle sou deur hul tak- en afdelingsbestuur gekonfronteer word met die vraag of hulle berus by die

76) Ibid.

77) Die Vaderland, 10.9.69.

kongresbesluit. Indien hulle nie daartoe bereid is nie, sal daar dissiplinêre stappe geneem word. Daar moes, volgens Schoeman, nou vir eens en altyd 'n einde gemaak word aan die onmin wat daar in die Nasionale Party geheers het.<sup>78</sup>

#### Dr. Hertzog in botsing met mnr. Vorster

Die leier van die verset-aksies teen advokaat Vorster se sport-beleid, dr. Hertzog, het 'n besondere politieke strategie openbaar. Op 31 Augustus 1968, op Klerksdorp, het hy sy eie politieke tegnieke en optrede op indirekte wyse soos volg ont-hul: "Dit betaal nie 'n kommando of 'n klein nasie om tromp-op met 'n grote te bots nie .... Jy moet nooit dat die vyand kies wanneer hy wil baklei nie. Jy moet kies wanneer jy wil baklei .... As jy die vyand slaan, trek terug. Moenie skaam wees om weg te hardloop nie, dan kan jy terugkom om weer te veg .... Om dié dinge te kan doen, moet jy mobiel wees."<sup>79</sup>

Op 'n aantyging van dr. Hertzog dat mnr. Vorster ten gunste was van gekleurdes in sportspanne wat Suid-Afrika besoek, het mnr. Vorster gesê: "U kan baie dinge van my vra, maar nie om verspot te wees nie. In Frankryk is daar baie gekleur-des. As die Franse weer teen ons kom rugby speel, moet ek na die lughawe gaan en sê nee daardie Fransman is te blas? Dit is mos 'n gek ding. Só bou jy nie vriende nie. Ek is nie bereid om 'n beginsel prys te gee nie, maar ook nie bereid om verspot te wees soos dr. Hertzog wil hê nie."<sup>80</sup>

Mnr. Vorster het gesê daarmee is hy klaar met hierdie aspek, maar tot sy spyt nog nie met dr. Hertzog nie. Mnr. Vorster het gesê hy het ver gegaan om die Nasionale Party se eenheid

78) Du Pisani, J.A., p.468.

79) Serfontein, J.H.P., p.121.

80) Die Volksblad, 17.9.1969.

te behou. Die onmin wat daar wel in die Party was, was elke keer op dr. Hertzog gesentreer.

"Dr. Hertzog hou nie van my nie. Dit was my onaangename taak om dr. Hertzog beleef te vra om plek te maak vir 'n jonger man. Hy het geweier en my geen opsie gelaat as om hom uit te laat nie. Dit het hy my nog nie vergewe nie."<sup>81</sup>

Mnr. Vorster het gesê dat hy min prerogatiewe het, maar een daarvan is dat hy 'n Kabinet vir Suid-Afrika moet saamstel. Hy moet die beste en mees bevoegde manne kry. Dit is ongelukkig so dat sommige mense se nuttigheid later afneem. "Hierdie Kabinet is nie soos 'n Springbokspan dat as jy eers een keer daarin is, jy daar bly nie."

Ten slotte het mnr. Vorster gesê een ding moet dr. Hertzog nie doen nie en dit is om hom af te speel teen wyle dr. Verwoerd nie. Hy sal nie by sy kollegas in die Kabinet of die koukus daarmee wegkom nie.<sup>82</sup>

#### Dr. Hertzog verlaat die Nasionale Party en stig die Herstigte Nasionale Party

Dr. Albert Hertzog se lang en veelbewoë verbintenis met die Nasionale Party is in die skoolsaal op Breyten finaal beëindig. Op 4 Oktober 1969 het die afdelingsbestuur van die kiesafdeling Ermelo vergader om oor dr. Albert Hertzog se lot te beslis. By die geleentheid is die volgende besluit met 65 stemme teen 23 aanvaar: "Dat die afdelingsbestuursvergadering die besluit van die Dagbestuurvergadering wat gehou was te Carolina op 17 September 1969, onderskryf en dat dr. Albert Hertzog se lidmaatskap van die Nasionale Party

81) Die Volksblad, 17.9.1969.

82) Ibid.

opgehef word."<sup>83</sup>

Jaap Marais het dr. Hertzog kort hierna gevolg. In 'n mosie wat met 36 stemme teen 23 aanvaar is, dat Marais se lidmaatskap van die Nasionale Party opgehef word, is by die Transvaalse hoofbestuur ingedien. Onmiddellik nadat sy skorsing bekragtig is, het Jaap Marais en 13 ander afgevaardigdes die vergadering verlaat. In 'n kort boodskap aan sy ondersteuners het Marais gesê dat hy die Nasionale Party nie verlaat omdat hy van die partybeleid afgewyk het nie, maar dat dit juis die partyleiding is wat afgewyk het van die tradisionele beleid.<sup>84</sup>

Gedurende September en Oktober 1969 is die klein skeuring na regs in die Nasionale Party dus finaal voltrek. Vir die wat die Nasionale Party verlaat het onder andere dr. Albert Hertzog, Jaap Marais en Louis Stofberg het daar geen ander keuse oorgebly nie as om tot partystigting oor te gaan.<sup>85</sup>

Op 25 Oktober 1969 het sowat 1023 afgevaardigdes in die Skilpadsaal byeen gekom. Daar is op die naam Herstigte Nasionale Party besluit, omdat dit geïmpliseer het dat dit die Nasionale Party is wat die pad byster geraak het. Dr. Albert Hertzog is eenparig as die leier aangewys. So het die HNP dus op 25 Oktober 1969 tot stand gekom.<sup>86</sup>

#### OORSIG

Mnr. Vorster was in die onbenydenswaardige posisie dat hy dit durf waag het om dr. Verwoerd se beleid, veral ten opsigte van sport, oorboord te gooi, omdat hy van mening was dat

83) Du Pisani, J.A., p.485.

84) Ibid.

85) Rapport, 2.12.1973.

86) Schoeman, B.M., p.445; Serfontein, J.H.P., pp.217-218.

dit noodsaaklik was ten einde Suid-Afrika van toenemende internasionale isolasie te red.

Hy moes baie gou ná sy bewindsaanvaarding besef het dat as met dr. Verwoerd se sportbeleid volhard sou word, internasionale sportisolasie 'n onmiddellike voldonge feit sou wees.

Mnr. Vorster se probleem was hoe om dr. Verwoerd se sportbeleid kort na sy dood radikaal te verander sonder om onmiddellik steun te verloor as nuwe Eerste Minister. Sy beleid dat daar volgehou moes word om die beleid so te interpreteer dat dit nie as 'n afwyking van dr. Verwoerd se rigting beskou kon word nie, hoewel verstaanbaar onder die omstandighede, het hom moeilikhede besorg.<sup>87</sup>

Aan die einde van die sestiger jare is Vorster se sportbeleid as volg geïnterpreteer:

- \* Radikales het die toegewings wat gemaak is as middelmatig en onbevredigend beskou en dit vanweë sy onderbou wat sport-apartheid verskans het, verwerp.
- \* Die middelgroep het die algemene sportbeleid gesien as 'n stap in die regte rigting.
- \* Radikale konserwatiewes weer het dit as 'n algehele afwyking van vorige beleid en 'n swig voor internasionale druk gesien.

Ten slotte moet gekyk word na die ideologiese stryd in Afrikanergeleedere in die laat sestigerjare. Hier het B.J. Vorster se leierskap 'n deurslaggewende rol gespeel. Twee paradoksale elemente van sy benadering, naamlik konserwatisme en pragmatisme, het telkens na vore getree. Vorster was ba-

87) Serfontein, J.H.P., p.258.

sies h konsekwantis wat sy beskouing van die rassevraagstuk betref. As uitgesproke voorstander van afsonderlike ontwikkeling, was hy ten gunste van toenemende politieke en territoriale skeiding tussen rassegroepe. Anders as Verwoerd, het hy afsonderlike ontwikkeling egter nie dogmaties benader nie, maar pragmaties.

HOOFSTUK 4TYDPERK VAN VERNUWING EN AANPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE  
SPORTBELEID. VEELVOLKIGE DEELNAME KRY SY BESLAGInleiding

Met die aanbreek van die sewentiger jare is dit asof Suid-Afrika 'n nuwe sportrigting ingeslaan het. Die geweldige woelinge van die jare 1965-1969, waarin 'n sportbeleid daar-gestel is om aan te pas by die landsbeleid, was verby. Maar tesame het ook die ontnugtering gekom. Na die storm-agtige laat sestiger jare, het Suid-Afrika homself in 'n sportwoestyn bevind.

Gebeure, soos die uitsluiting van Suid-Afrikaanse deelname aan die 1968-Olimpiese Spele, die intrekking van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee se lidmaatskap deur die IOK op 15 Mei 1970, die verset deur betogers tydens die 1969/70-rugbytoer van die Springbokke in Brittanje, die kansella-sie van die MCC-kriekettoer in 1968 vanweë die insluiting van Basil D'Oliviera, die kansellasie van die Springbok-kriekettoer na Brittanje in 1970 en ander internasionale teleurstellings op sportgebied, het tot groot frustrasie onder sportlui gelei.

Daar is openlik gestel dat Suid-Afrikaanse sportlui hul-self moet mobiliseer in 'n drukgroep wat verandering in be-leid moet afdwing voordat die land totaal van internasio-nale sport afgesny is, 'n aksie wat deur mnr. Frank Waring, Minister van Sport en Ontspanning, as "flagrante politieke uitbuiting van sport" bestempel is. Uit sportkringe is gevra na 'n vorm van geïntegreerde sport in Suid-Afrika.<sup>1</sup>

1) Debatte van die Volksraad, 22.4.1971, kol. 5070.

Tesame hiermee het mnr. Vorster se leiding in 1970 ook die stadium bereik waar hy met vertroue die geestelike kettings van die Verwoerd-era ná die verkiesing kon afwerp om in eie reg daardie noodsaaklike stappe te neem wat deur nuwe situasies vereis word, sonder om alles in terme van dr. Verwoerd of vorige leiers te moet regverdig.

### Regse teenkantiq teen gemengde sport

Dat die Regering homself aan die begin van die sewentiger jare tussen twee vure bevind het, was duidelik. Aan die een kant was daar die regse reaksie- en teenkantiq, waar-mee mnr. Vorster rekening moes hou. Die tydskrif Ster gee die Regse standpunt as volg weer:

"Dit is van die grootste belang vir Suid-Afrikaanse sport dat ons sterk moet staan op 'n beleid van geen gemengde sport in ons land. Sodoende sal ons wel sekere internasionale mededinging inboet, maar dit sal wees teen daardie lande wat in elk geval sport net wil gebruik as wapen om die Blanke in ons land te ondergrawe."

Wat internasionale sportmededinging aan betref was die Regses se standpunt as volg: "Internasionale sport word vandag deur en deur hoofsaaklik as 'n politieke wapen ingespan. Sport word benut om die moraal af te takel van almal wat verskil in die ideologie van kommunisme. In Suid-Afrika se geval word dit aangewend om die Blanke se voortbestaan duim vir duim af te takel. Wêreldorganisasies eis in al hoe groter mate gemengde sport van ons in Suid-Afrika om die reg te behou om internasionaal te mag deelneem. Dit kan alleenlik lei tot integrasie in ons land. Wanneer ons daardie stadium bereik het, het die Blanke hier in elk geval

2) Ster, Jaap Marais lig die sluier, 9.1.1970.

geen sê meer nie, nog minder in sport."

"Ons vermoor die Blanke se sportbelange deur steeds in groter mate te swig voor die politieke druk op die internasionale sportterrein. Dr. Verwoerd het in 1965 gemengde sport in ons land en die gevolge daarvan met reg as "n gedrog" bestempel omdat sosiale integrasie n logiese gevolg daarvan is."

"Sedertdien het ons n reeks toegewings op sportgebied gemaak wat nie ons sport- of landsbelange gedien het nie, maar ons eerder groter probleme in internasionale sport besorg het."

"In die proses het dit kristalhelder geword dat ons met toegewings geen voordeel vir ons land in internasionale sport kan bekom nie. Ons vyande stel nie belang in een vinger nie, maar eintlik in die hele hand. Hulle wil die Blanke se ondergang verhaas deur middel van internasionale sportmededinging,"<sup>3</sup> aldus die redakteur.

Dat die Regses in die Parlement vorentoe probleme voorsien het indien meer toegewings gemaak sou word, was duidelik. Te midde van hierdie hernieude sportwoeling is Jaap Marais se weergawe van die ontplooiing van Vorster se sportbeleid van 11 April 1967 gepubliseer. Marais se slotsom was dat Vorster se benadering radikaal van dié van Verwoerd verskil: "Mnr. Vorster benader die sportkwessie vanuit die oogpunt van die handhawing van buitelandse betrekkings. Hy benader dit glad nie in terme van die eise van die voortbestaan van die witman nie."<sup>4</sup> Hy het die volgende uitdagings aan die Premier en Nasionale Party-Volksraadslede gerig.

3) Ster, 9.1.1970.

4) Ster, 9.1.1970.

\* "Ek daag die Eerste Minister om in die openbaar te ontken dat hy aan my en twaalf ander Volksraadslede (Marais het vir die eerste keer die name van die 13 LV's openbaar gemaak)<sup>5</sup> die versekering gegee het dat D'Oliviera en Maori's nooit in besoekende sportspanne toegelaat sal word nie! (As hy dit ontken, weet ek en twaalf ander Volksraadslede wat ons aan hom het").

\* "Ek daag enige Nasionale Volksraadslid om van h openbare verhoog af te sê hy is gekant teen die insluiting van Maori's in h besoekende sportspan! (As hy dit doen, sal sy party-leiding met hom afreken").

\* "Maar ek sal dit nog makliker maak vir hulle. Ek daag enige Nasionale Volksraadslid om van h openbare verhoog af te sê hy is ten gunste van die insluiting van Maori's in h besoekende sportspan! (As hy dit doen, sal sy kiesers met hom afreken!")

Dit was dus duidelik dat Marais munt wou slaan uit die verwarring wat daar op daardie stadium bestaan het in Nasionale Party-geledere. Hy wou dan ook daardeur verleentheid skep vir die Nasionale Party-leiding.

### Die Athur Ashe-geval

Aan die linkse kant het die Regering op daardie stadium te doen gekry met Athur Ashe, die swart Amerikaanse tennisspeler. Die Athur Ashe-kwessie het in Januarie 1970 gedien as h toetssteen vir die Regering se sportbeleid. Ashe was berug in Suid-Afrika weens sy skerp uitlatings teen apartheid ("Your country stinks, I would like to drop an H-bomb on Johannesburg"),<sup>6</sup> en sy agitاسie om Suid-Afrika uit internasionale

5) Die 13 LV's is: dr. Connie Mulder, dr. Johannes Otto, mmre. Jaap Marais, Jannie de Wet, Joos le Roux, Willem Cruywagen, Johan Engelbrecht, Ben Pienaar, Boet van Wyk, Jan van Zyl, Willem Delport, Chris Sadie en adv. Jimmy Kruger.

6) Die Vaderland, 11.11.69; Die Beeld, 11.12.69.

sport te verban.

Aan die einde van 1969 het hy ingeskryf vir die Suid-Afrikaanse Ope Tenniskampioenskappe van 1970. Dit was duidelik dat hy politieke bymotiewe gehad het, want hy het self verklaar: "I am going to make a crack in the wall of apartheid."<sup>7</sup> In hierdie omstandighede was dit spoedig duidelik dat Ashe nie in Suid-Afrika toegelaat sou word nie. Die Minister van Sport, Frank Waring, het reeds in Desember 1969 gesê dat Ashe nie wil kom tennis speel nie, maar in politieke bedrywighede betrokke wil raak.<sup>8</sup> Die Suid-Afrikaanse Tennisvereniging het nietemin Ashe se inskrywing aanvaar, waarop Ashe by die Suid-Afrikaanse regering om 'n visum aansoek gedoen het.

Op 28 Januarie 1970 het minister Waring in 'n persverklaring aangekondig dat Ashe se aansoek om 'n visum nie toegestaan word nie, en wel om die volgende redes:

- \* Volgens amptelike regeringsbeleid sal Ashe as lid van 'n Amerikaanse Davisbeker-span in Suid-Afrika toegelaat word, maar nie as individuele speler nie.
- \* Ashe se aansoek om in Suid-Afrika te speel, is nie versoenbaar met sy algemene antagonisme jeens Suid-Afrika en sy aktiewe steun vir die beweging om Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele van 1968 te hou nie.<sup>9</sup>

Die hele kwessie rondom Athur Ashe en die gedwonge kansellering van die uitnodiging aan die Springbokkrieketspan om die Verenigde Koninkryk te besoek deur die Britse krie-

7) Kotze, Gert, Sport en Politiek, p.76; Die Vaderland, 11.12.69; Hoofstad, 12.12.69; Die Beeld, 14.12.69; The Star, 11.12.69.

8) Ibid.

9) Department of Information, Press statement 1/70(K) by the Honourable F.W. Waring, Minister of Sport and Recreation. Cape Town, 28.1.70.

ketraad, omdat Suid-Afrika nie bereid was om D'Oliviera te ontvang nie, het die Regering genoop om in te gryp. Op 26 Mei 1970 het mnr. Waring 'n volledige persverklaring in dié verband uitgereik.<sup>10</sup> Hy het begin deur te verwys na die versoeke wat uit verskillende oorde gekom het om 'n 'spitskonferensie' te hou, 'n 'kommissie' saam te stel, asook beweerde aanhalings van verskeie sportmanne as sou hulle 'n vorm van geïntegreerde veelrassige sport in Suid-Afrika verwelkom. Wat die Regering se standpunt hieroor is het hy gesê:<sup>11</sup> "..... dat geen sodanige 'konferensie' of 'kommissie' aanvaarbaar is nie. Soos ek in die verlede gemaak het, sal ek voortgaan om samesprekings te voer met sportadministrateurs, veral diegene wat weens die soort aktiwiteite van hulle besondere verenigings verlang om sekere sake met my te bespreek."

Wat die politieke sy aan betref het mnr. Waring gesê: "Ek wil dit egter nou al duidelik stel dat die Regering op geen wyse hoegenaamd geïntimideer sal word deur eise wat gestel word vir geïntegreerde veelrassige sport in Suid-Afrika nie. Dit is nou vir almal duidelik genoeg dat sport aangewend word deur politieke organisasies teen Suid-Afrika om die land op sy knieë te bring."

"Ofskoon hul eise is dat ons algehele geïntegreerde sport in Suid-Afrika moet hê, is die uiteindelijke doelwit in werklikheid die politieke beheer van die land."

"Die Regering verwerp ook 'n beleid wat sal toelaat dat blanke spanne teen nie-blanke spanne sal meeding of dit nou in Suid-Afrika is of in aangrensende gebiede. Ook sal hy geen vorm van gemengde proewe oorweeg nie. Die Regering

10) Department of Information, Press Statement (No. 156/70(P)), by the Minister of Sport and Recreation. Pretoria 26.5.1970.

11) Die Beeld, 28.5.1970.

is ten volle bewus daarvan dat Suid-Afrikaanse sportmanne en -vroue hulle op binnelandse mededinging sal moet verlaat om die hoë standaarde wat in die verlede bereik is, te handhaaf."<sup>12</sup>

Mnr. Waring het die verklaring afgesluit deur na sekere doelstellings te verwys wat die Regering homself opgelê het: "Die feit dat oorsese mededinging in so baie rigtings teruggehou word beteken dat daar 'n al groter taak op die Regering wag om te help waar moontlik om hierdie besondere behoefte in Suid-Afrika self in 'n groter mate na te kom as wat in die verlede die geval was. Dit het betrekking op blanke en nie-blanke deelnemers aan sport."

"Hierdie doelstellings sal ongetwyfeld 'n groter mate van raadpleging tussen my en nasionale sportliggame verg wat in een of ander federale vereniging gekoördineer is. Ek dink in die besonder aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese Vereniging, die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport en die Sporttrust van die R.S.A."<sup>13</sup>

Soos met die 1967-verklarings, word die onderhou van afsonderlike sport hier herbevestig. Die Regering het dit duidelik gestel dat hy hom nie tot veelrassige sport sou laat intimideer nie. Van regeringskant was daar egter 'n groter bewuswording van die dilemma waarin Suid-Afrika se internasionale sportverhoudinge te lande gekom het en die regering was ten volle daarvan bewus dat Suid-Afrika se sportmanne van internasionale kompetisie afhanklik was om hul hoë standaarde te handhaaf. Daarom dan het die owerheid onderneem om groter hulp te verleen om sport binnelands te stimuleer.<sup>14</sup>

12) Ibid.

13) Ibid.

14) R.G.N.-Sportondersoek, Sportbestuur (deel I), 1982, p.90.

### Die Franse Rugbytoer en Roger Bourgarel

Op hierdie stadium was die volgende toets vir die Regering se sportbeleid voor die deur. Die Franse rugbyspan sou in 1971 deur Suid-Afrika toer met onder andere h swart Fransman, Roger Bourgarel, in hul geleedere.

Na aanleiding van die Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Frankryk se navraag oor wat die Suid-Afrikaanse regering se houding gaan wees indien dit wel die geval sou wees, was die Eerste Minister se opdrag as volg: "Dit moet duidelik aan Parys gesê word dat die Franse hulle span kies en ons aanvaar hom net soos ons die Nieu-Seelandse span aanvaar het. Ons stel geen voorwaardes."<sup>15</sup>

In dié verband het die Minister die volgende belangrike punte uitgelig:

- \* "Suid-Afrika het nie rugbybande met die hele wêreld nie. Daar is baie lande wat wel rugby speel, maar met wie Suid-Afrika geen sportbande het nie en sover dit die Regering betref hou dit niks voordeel vir Suid-Afrika in om sportbande met daardie lande aan te gaan nie.
- \* "Al waarin die Regering geïnteresseerd is, is om tradisionele bande te behou en uit te brei.
- \* "Om rugby as voorbeeld te noem, het Suid-Afrika tradisionele bande met lande soos Brittanje, Skotland, Wallis, Ierland, Frankryk en Nieu Seeland."

Die Eerste Minister het Nieu-Seeland uitgesonder en gesê

15) Departement van Buitelandse Sake insake Franse Rugbytoer en Roger Bourgarel, Pretoria, 26.6.1970.

dat Suid-Afrika sportbande met die Nieu-Seelanders het en nie met individue nie. Dit is dan die rede hoekom die Maori's soos al die ander spanlede behandel is.<sup>16</sup>

Die Eerste Minister het die hele saak rondom Bourgarel afgesluit toe hy die drie voorwaardes herhaal het waaronder sportmanne na Suid-Afrika kon kom naamlik:

- 1) Dat dit nie die doel van politici of sportmanne moet wees om verhoudinge tussen die lande te vertroebel nie, of
- 2) sport in politiek te sleep; of
- 3) huishoudelike probleme vir Suid-Afrika te skep nie.

Indien Bourgarel hom sou onderwerp aan bogenoemde voorwaardes sou hy baie welkom wees in Suid-Afrika.<sup>17</sup>

#### Sportbeleidsaankondiging deur die Eerste Minister op 22 April 1971

##### Agtergrond

Die Parlementsitting van 1971, soos in 1967, het 'n volgende fase ingelei in die ontwikkeling van die sportbeleid, soos weer eens aangekondig deur die Eerste Minister self. Gesien in die lig van die toenemende druk in Suid-Afrika en in die buiteland het mnr. Vorster op 22 April 'n baie belangrike beleidsverklaring gedoen.

Dit is nodig om te kyk na die faktore, en die agtergrond wat mnr. Vorster genoep het om die verklaring te doen.

Oor die geslagte heen het die Blankes, Bantoe, Kleurlinge

16) Departement van Sport en Ontspanning insake Franse Rugbytoer na Suid-Afrika. Lêer no. 4/5/4/38, Pretoria, 27.4.1970.

17) Ibid.

en Indiërs in Suid-Afrika hul sport afsonderlik van mekaar beoefen en geadministreer op klub-, provinsiale en nasionale vlak. Hierdie bedeling het tradisioneel so ontwikkel omdat elkeen van die bevolkingsgroepe hom meer tuis gevoel het in eie geselskap op die sportveld en in sport-administrasie, maar ook omdat dit spanninge en wrywing tussen Blank en Nie-Blank voorkom het. Dit het deel van die lewenspatroon in Suid-Afrika geword.

In die geval van sekere spansporte, soos rugby en krieket, het die Blanke sportliggame oor die jare heen tradisionele verhoudinge opgebou met die betrokke sportliggame in lande soos Brittanje, Frankryk, Australië en Nieu-Seeland. Die Springbok-embleem en -naam is in die proses gekies en gekoppel aan die nasionale spanne van die Blanke sportliggame uit Suid-Afrika.

Met die opkoms van Nie-Blanke sportmanne van formaat, is daar gaandeweg ook tot die besluit geraak dat hulle die geleentheid nie ontsê moet word om ook op die internasionale vlak, en veral in die sportsoorte wat van individuele aard is, teen die beste in die wêreld mee te ding nie. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spele-komitee het dit reeds in 1962 duidelik laat blyk, met instemming van die Regering, dat elke sportman, Blank of Nie-Blank, in Suid-Afrika, wat die nodige standaard van vaardigheid bereik het, toegelaat sou word om aan die Olimpiese Spele deel te neem.

Toe die Internasionale Olimpiese Komitee laat blyk het dat hy slegs een span uit 'n besondere soewereine staat kan toelaat om aan die Olimpiese Spele deel te neem, het die Suid-Afrikaanse Regering hom daartoe bereid verklaar dat so 'n span, bestaande uit die beste atlete uit Suid-Afrika onder een vlag en met dieselfde Olimpiese kleure aan die spele

kon deelneem. Suid-Afrika het dus in die opsig sy gewilligheid getoon om aan die voorwaardes van die Olimpiese grondwet te voldoen.

Ampsdraers van die IOK het Suid-Afrika besoek en was heeltemal tevrede dat dit die geval was. Dat Suid-Afrikaanse atlete uiteindelik nie aan die Olimpiese Spele in 1968 in Mexico kon deelneem nie, was enkel daaraan te wyte dat die gasheerland ter elfder ure verklaar het dat hy nie die veiligheid van die Suid-Afrikaners kon waarborg nie.

Dit is teen hierdie agtergrond, en in die lig van toenemende eise uit Kommunistiese lande, asook uit sommige Westerse lande onder die druk van politieke groepe en sportterroriste soos Peter Hain, dat die Regering dit wenslik geag het om 'n nuwe sportbeleid te formuleer. Vyande van Suid-Afrika het al hoe meer van sport as 'n politieke wapen begin gebruik maak om Suid-Afrika op internasionale sportgebied te isoleer, en Suid-Afrika langs daardie weg te dwing om sy maatskaplike en politieke patroon volgens hul eise te skik.

Juis as gevolg van die Regering se meer toegeeflike sportbeleid het Suid-Afrika hom in 1971 in 'n dubbele doodloopstraat bevind. Aan die een kant was dit die sportlui wat die regering kritiseer en 'n beroep doen op meer veelrassige sport, net om hulle vas te loop in die weiering van die regering om enige noemenswaardige toegewings te maak. Aan die ander kant het baie van die top nie-blanke sportmanne geweier om met die Regering se sportbeleid saam te werk.

### Beleidstelling

Die baie belangrike sportbeleid wat op 22 April 1971 deur die Eerste Minister self aangekondig is, was vier jaar en elf dae na sy vorige ewe belangrike beleidsaankondiging in 1967.

In die algemeen het mnr. Vorster die volgende uitgangspunte gehad:<sup>18</sup>

\* Die beleid is gebaseer op die uitgangspunt dat Suid-Afrika 'n veelvolkige ("multi-national") gemeenskap is in teenstelling met 'n veelrassige gemeenskap. Veelvolkige sport impliseer dat volke en lande teen mekaar kan meeding en nie bloot individue nie. In die lig hiervan kan Suid-Afrikaanse Blankes en Nie-Blankes in sekere oop internasionale byeenkomste teen mekaar te staan kom, maar dan moet dit in 'n veelvolkige verband wees, dit wil sê waar individue verteenwoordigers van hul onderskeie volksgroepe is. Gemengde of veelrassige sport sal nie op klub-, provinsiale en nasionale vlak toegelaat word nie. Ook sal Suid-Afrika nie deur gemengde spanne oorsee verteenwoordig kan word nie, behalwe in spesiale gevalle.<sup>19</sup>

\* 'n Onderskeid is tussen ope en gewone internasionale byeenkomste gemaak. Ope internasionale byeenkomste wat in Suid-Afrika aangebied word sal toeganklik wees vir Blanke sowel as Nie-Blanke sportlui, maar binne veelvolkige verband. Gewone internasionale byeenkomste bly geslote, dit wil sê slegs vir lede van 'n bepaalde volksgroep.

\* Veelrassige spanne afkomstig uit lande met wie Suid-Afrika

18) Debatte van die Volksraad, 22.4.1971, kol. 5051.

19) Ibid.

tradisionele sportverbintenisse gehad het, kon deur Suid-Afrika toer, maar slegs teen afsonderlike Blanke en Nie-Blanke spanne speel, tensy aan h ope internasionale byeenkoms deelgeneem word.

\* Suid-Afrika sal nie veelrassige spanne oorsee stuur nie, behalwe in die geval van die Olimpiese spele, die Kanada-bekertoernooi, die Federasiebekertoernooi en die Davis-bekertoernooi. Geen gemengde proewe word toegelaat by die keuse van spanne nie; proewe kan by h ope internasionale byeenkoms binne Suid-Afrika gehou word waaraan Blankes en Nie-Blankes van Suid-Afrika kan deelneem. Spanne vir die vier gespesifiseerde byeenkomste sal wel as h Suid-Afrikaanse span deurgaen, maar hulle mag nie die Springbokembleem dra nie aangesien dit slegs vir Blankes gereserveer is.

\* Suid-Afrikaanse Nie-Blanke sportliggame word aangemoedig om hul eie internasionale sportverhoudinge aan te knoop.

\* Die stigting van h nasionale sportraad wat die aktiwiteite van alle sportliggame sal koördineer, word oorweeg.

In sy beleidsverklaring het mnr. Vorster ook h waarskuwing gerig toe hy gesê het dat Suid-Afrika h veelvolkige land is met die onderskeie volkere op die pad van eiesoortige ontwikkeling. Daarom is dit wenslik en goed dat ook die verdere ontwikkeling van sport hiermee tred sal hou. Sport is belangrik vir die mens, individueel, nasionaal en internasionaal, maar daar is ander belange wat groter is en hoër geag moet word as sportbelange.<sup>20</sup> Die belange van sport kan nie bo die belange van Suid-Afrika, nasionaal en internasionaal, gestel word nie.<sup>21</sup>

20) Ibid.

21) Ibid.

Mnr. Vorster het verder gesê dat die hele benadering van sy beleid daarop neerkom dat Suid-Afrika ten opsigte van sport -

- a) ter wille van binnelandse orde en vrede voortgaan om sy sport afsonderlik te beoefen tussen die onderskeie volksgroepe;
- b) vir alle volksgroepe volle geleentheid bied om hul sport eiesoortig te ontwikkel en te beoefen en geen plafon plaas op geleenthede vir internasionale mededinging nie;
- c) ons nie skik na eise van elders om ons sportreëlins volgens hul politieke oogmerke te maak nie.

Mnr. Vorster het ook sekere individuele sake en -sportsoorte uitgesonder in sy beleid:

#### Die Olimpiese Spele

Suid-Afrika neem al sedert die begin van die eeu aan die Olimpiese Spele deel en was nog altyd bereid om die reëls van die byeenkoms na te kom. Suid-Afrika is bereid om teen sportmense van al die lande van die wêreld mee te ding en is ook bereid om elke sportman in Suid-Afrika wat die vereiste standaard van vaardigheid bereik het, te laat deelneem. Dit geskied op landsbasis en nie op spanbasis nie.

Hulle sal in een groep afreis, met dieselfde Olimpiese kleure.

Binne Suid-Afrika kan van tyd tot tyd internasionale byeenkomste vir Olimpiese sportsoorte gereël word in stadionne wat vir die doel as internasionaal verklaar word. Prestasies van deelnemers kan daar teen mekaar gemeet word

vir die keuse van deelnemers aan die Olimpiese Spele. Vir die doel sal daar ook skakeling tussen blanke en nie-blanke sportadministrateurs moet wees onder beheer van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee.

Wanneer Bantoe-tuislande tot volwaardige state gegroei het, sal hulle hul eie deelnemers na die Olimpiese Spele kan stuur.<sup>22</sup>

### Rugby en Krieket

Suid-Afrika sal sy Blanke verhoudinge voortsit met die lande waarmee die Republiek se Blanke rugby en krieket-liggame tradisionele betrekkinge het.

Suid-Afrika sal nie aan daardie lande voorskryf hoe hulle hul spanne moet kies nie.

Soos die Blankes in die sportsoorte tradisionele betrekkinge met ander lande ontwikkel het, staan dit die onderskeie Nie-Blanke volksgroepe ook vry om dieselfde te doen.

Blanke toeskouers sal egter nie by wedstryde wat deur Nie-Blankes gespeel word, toegelaat word nie, behalwe enkele beamptes, ter wille van ordelikheid en akkommodasieprobleme.<sup>23</sup>

### Golf

Omdat Suid-Afrika tradisioneel aan die wêreldbekerkompetisie deelneem kan h internasionale toernooi in Suid-Afrika gereël word met deelnemers van alle lande wat deur die

22) Ibid.

23) Ibid.

beherende liggaam genooi word. As 'n internasionale individuele kampioenskapsbyeenkoms in Suid-Afrika gereël word, sou gegradeerde spelers van die Nie-Blanke volksgroepe in Suid-Afrika, wat aan die nodige affiliasievereistes voldoen, ook kan deelneem.<sup>24</sup>

### Tennis:

Suid-Afrika neem tradisioneel deel aan die Davisbeker-kompetisie en is bereid om 'n wedstryd in die reeks hier te huisves, afgesien daarvan of die span wat teen Suid-Afrika deelneem van 'n Blanke of Nie-Blanke land is en of so 'n span uit 'n Blanke of Nie-Blanke spelers bestaan. Dieselfde reëls sal hier geld as vir die Olimpiese Spele.

As 'n Internasionale tennistoernooi op individuele kampioenskapsvlak in Suid-Afrika aangebied word, sal gegradeerde spelers van die onderskeie Nie-Blanke volkere in Suid-Afrika kan deelneem. Die stadion wat gebruik word, sal vir die doel tot internasionale stadion verklaar word.<sup>25</sup>

### Atletiek

Internasionale byeenkomste, waaraan die beste atlete uit ander lande kan deelneem, kan in Suid-Afrika gereël word in 'n stadion wat vir die doel tot internasionale terrein verklaar word. Ook by hierdie geleenthede kan deelnemers van die onderskeie Nie-Blanke volkere in Suid-Afrika, wat aan die nodige vaardigheids- en affiliasievereistes voldoen, deelneem. Dit geld ook vir ander Olimpiese sportsoorte.<sup>26</sup>

24) Ibid.

25) Ibid.

26) Ibid.

### Binnelandse Sport

Ten spyte van binnelandse sport bly dit die standpunt van die Regering en die Nasionale Party dat geen gemengde sport op persoonlike-, klub-, provinsiale- of nasionale vlak in Suid-Afrika beoefen sal word nie, soos dit inderdaad ook tradisioneel die geval is.<sup>27</sup>

### Die Verenigde Party en Broederbond se standpunte aangaande die sportbeleid

Slegs twee dae voor die beleidsaankondiging deur die Eerste Minister het Sir de Villiers Graaff, leier van die Verenigde Party, op 20 April in 'n verklaring oor sport, die Verenigde Party se beleid as volg gestel: "Sport op die internasionale vlak het egter opgehou om slegs 'n sosiale aktiwiteit te wees en het nie alleen 'n weergawe van buitelandse beleid geword nie, maar ook 'n saak van nasionale prestige. Gevolglik sal die Verenigde Party, indien so versoek deur die beherende nasionale liggame van die onderskeie sporte, bereid wees om 'n verslapping te oorweeg van enige belemmerende wetgewing in dieselfde sin as wat die Regering dit in die diplomatieke sfeer verslap.

"Ten opsigte van die verteenwoordigers van die Bantoe-tuislande ensovoorts, sal dit byvoorbeeld beteken dat, indien so versoek deur die betrokke nasionale sport-beheerliggame, ons bereid sal wees om te aanvaar dat Suid-Afrika oorsee verteenwoordig word op nasionale vlak deur gemengde spanne en sal ons bereid wees om gemengde proewe toe te laat om daardie spanne in Suid-Afrika te kies. Ons sal ook

27) Skietgoed. Inligtingsdiens van die Nasionale Party,  
7 Junie 1971, p.2557.

bereid wees om gemengde oorsese spanne in Suid-Afrika tē aanvaar en sal bereid wees om te sien dat Suid-Afrika deur gemengde spanne op nasionale vlak in Suid-Afrika verteenwoordig word."<sup>28</sup>

Vir die Nasionale Party was gemengde proewe op daardie stadium buite die kwessie, want dit sou beteken dat dit tot die laagste vlak deurgetrek moes word. Volgens die Nasionale Party was die Verenigde Party bereid om die toegewing te maak as gevolg van die druk van buite, onder die leiding van sportterroriste. Selfs dit sou die afpersers nie tevrede stel nie, want hulle eis onverbidde-like sportvermenging op alle vlakke.<sup>29</sup>

Verder was die Opposisie van mening dat groter outonomie van sport en h uitbreiding van die besluitnemingsbevoegdhede van sportadministrateurs nie die wet en orde binne Suid-Afrika sou versteur nie en dat die inwerkinge van konvensies, tradisies en geykte gebruike nie oornag h veel-rassige instelling van sport sou maak nie.<sup>30</sup> Die Regering was egter in 1971 nie bereid om hierdie onsekere weg te volg nie, waarskynlik omdat besef is dat politieke voorkeure onder sportadministrateurs varieer.

Inteenstelling met bogenoemde het Vorster se sportverklaring wydverspreide kommer veroorsaak onder die lede van die Herstigte Nasionale Party en die Broederbond. Sover dit die Broederbond betref het dit oor die volgende sake gegaan.

28) Ibid.

29) Ibid.

30) Ibid.

- 1) Kommer oor die korrekte toepassing van die volksgrondslag van die beleid;
- 2) die vrees dat Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling afgetakel mag word deurdat daar op sportgebied toegewings gemaak word;
- 3) daar moet ernstig gewaak word teen gemengde sosiale verkeer na sportwedstryde, gemengde toeskouers, integrasie, die kondisionering van die Blankes ten gunste van integrasie, gemengde deelname aan plaaslike sport ensovoorts;
- 4) die vrees dat die sportbeleid die deur op 'n skrefie oopmaak en dat die dun end van die wig mag wees.<sup>31</sup>

#### Regering verwerp Gemengde Sport

Daar was geen werklike beleidsverandering van die Regering se kant tydens 1972 nie. Slegs die kwessie of gemengde sport wettig was of nie, het weer ter sprake gekom. Daar is gevind dat afgesien van een of twee uitsonderinge, dit nie onwettig was nie solank die spesifieke byeenkoms privaat was.<sup>32</sup> In Januarie het die Regering 'n permit geweier vir 'n gemengde krieketwedstryd wat in Kaapstad sou plaasvind omdat dit op 'n oop terrein sou plaasvind waar die publiek toegang sou hê.<sup>33</sup>

In September het die nuwe minister van sport, dr. P.G.J. Koornhof, weer tot die brandpunt rondom gemengde proewe toegetree toe hy gesê het dat "at club level, provincial and national level .... there will be no mixed sport of any nature at all."<sup>34</sup> Hy het ook gesê dat hy nie sal toelaat dat sosiale verkeer tussen die verskillende groepe

- 31) Schoeman, B.M., Die Broederbond in die Afrikaner Politiek, p.74.
- 32) Horrell, M., A Survey of Race Relations in South Africa, 1972, p.416.
- 33) The Star, 29.1.1972.
- 34) Horrell, M., A Survey ... 1972, p.416.

sal plaasvind na veelrassige internasionale sportbyeenkomste nie. Sosiale geleenthede moet beperk word tot die verskillende rasse se areas waar hulle woon.<sup>35</sup>

Dat die Regering egter op daardie stadium optimisties was oor die algemene posisie van Suid-Afrika blyk duidelik uit dr. Koornhof se woorde toe hy gesê het dat Suid-Afrika se isolasie heeltemal oordryf word, want van die begin van daardie jaar af het 65 oorsese sportmanne of -spanne in Suid-Afrika aan 38 verskillende sportsoorte deelgeneem. Suid-Afrika het op sy beurt weer 122 besoeke aan ander lande gebring en in die proses aan 32 sportsoorte deelgeneem. Die getalle het net op amateursport betrekking en volgens dr. Koornhof is dit 'n rekord.<sup>36</sup>

#### Veelvolkigheid kry sy beslag in die Suid-Afrikaanse sport-politiek

Gesien in die lig van die toenemende aantal gemengde sportbyeenkomste wat aan die orde van die dag was het veral twee begrippe pertinent na vore getree, te wete veelvolkigheid en outonomie.

Veelvolkigheid as konsep was gebaseer op die geloof dat volkere vry moet wees om hul eie identiteit te ontwikkel. Wanneer dit na die sportsituasie herlei word, kom dit daarop neer dat elke volk binne Suid-Afrika aan sy sportlui die geleentheid moes bied om tot die hoogste vlak te ontwikkel. Op hierdie hoogste vlak was mededinging tussen lede van die onderskeie volksgroepe moontlik.

Die beleid van veelvolkigheid het op die basiese beginsels

35) The Star, 7.9.1972. Vgl. ook onderhoud van J.P.J. Smit met dr. Koornhof, Kaapstad, 2.10.86.

36) Rand Daily Mail, 31.10.1972.

in die uitvoering daarvan gesteun:

- 1) dat elke volksgroep die reg het tot die behoud van sy identiteit ;
- 2) dat alles so gereël word dat wrywing en wanorde uitgeskakel en voorkom sal word ;
- 3) dat elke volksgroep in Suid-Afrika volle aanspraak het op dieselfde maksimum geleenthede op alle terreine van die lewe, en dus ook op die sportterrein. <sup>37</sup>

Tydens dr. Koornhof se intreetoespraak as minister van Sport en Ontspanning tydens die Volksraadsitting van 25 Mei het hy homself as volg uitgelaat oor die begrip outonomie: "Die sportliggame in Suid-Afrika is outonome liggame. Hulle kan op hulle bestuurskomitees kies wie hulle wil. Niemand kan aan die sportliggame voorskrywe wie hulle moet kies nie." <sup>38</sup>

Sover dit die verandering van beleid betref het dr. Koornhof tydens dieselfde geleentheid die regeringsbeleid as volg verduidelik: "Afsonderlike sportdeelname is 'n natuurlike en vanselfsprekende uitvloeisel van die Regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling. Dit is dus foutief om te praat van 'n nuwe sportbeleid of 'n ander formule of sekere toegewings. Dit is egter wel korrek om te praat van 'n ontwikkelde beleid wat op nuwe situasies van toepassing gemaak is en van toepassing gemaak word. Aanpassings ten opsigte van sekere uitgangspunte met betrekking tot sport moet dus as aanpassings, ontwikkeling en vooruitgang sonder prysgawe van beginsels, gesien word." <sup>39</sup>

- 37) Debatte van die Volksraad, 11.6.1975, kol. 8235-8236.
- 38) Debatte van die Volksraad, 25.5.1973, kol. 7781.
- 39) Ibid.

Wat betref die Regering se riglyne met betrekking tot gemengde sport, het die minister dit as volg gestel: "Die kernstandpunt van die Nasionale Regering ten opsigte van sport is dat daar geen gemengde sport tussen Blank en Nie-Blank plaaslik, dit wil sê op klubvlak, op provinsiale vlak en op nasionale vlak, beoefen sal word nie."<sup>40</sup>

Die hele kwessie rondom intervolkere-byeenkomste het ook sterk na vore getree. Op 'n vraag in die verband het Dr. Koornhof as volg geantwoord: "Op die hoogste vlak sal daar intervolkere byeenkomste plaasvind. Intervolkere-byeenkomste dui dus onomwonde op die feit dat die kompetisie in beginsel oopgestel is vir enige deelnemer wat volgens neergelegde standarde kwalifiseer. 'n Vereiste is egter dat die grondliggende gedagte van nie-vermenging tussen die bevolkingsgroepe op die verskillende vlakke, bly staan."<sup>41</sup>

Dr. Koornhof het verder gesê: "In gevalle waar die betrokke internasionale wêreldsportbyeenkomste se reëls en regulasies dit vereis dat slegs een span van 'n land aan die byeenkoms mag deelneem, sal 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse span, wat dus ook Nie-Blankes sal mag insluit indien hulle daarvoor kwalifiseer, onder die Suid-Afrikaanse vlag as een span of kontingent deelneem."<sup>42</sup>

Samevattend het hy gesê: "Dat die Regering aan elke inwoner van hierdie land, in ooreenstemming met die amptelike beleid, gelyke geleentheid tot sportdeelname tot bo uitgee, plaaslik sowel as op die internasionale vlak, maar nie deurmekaar of gemeng nie. Beide Blanke- en Nie-Blanke sportmanne van internasionale gehalte kan aan intervolkerebyeenkomste binne-in Suid-Afrika deelneem."<sup>43</sup>

40) Ibid.

41) Ibid.

42) Ibid.

43) Ibid.

### Die Regering tree op teen gemengde sportklubs

In 'n persberig in die Cape Times van 15 Junie 1973 is berig dat 'n veelrassige krieketklub in Pietermaritzburg gestig is en dat die klub aansoek gedoen het om in die komende seisoen in die plaaslike Blanke tweede liga deel te neem en verder dat die saak deur die Maritzburg Krieketunie na die Natalse Krieketunie verwys is vir oorweging.<sup>44</sup>

Op die berig het dr. Koornhof as volg gereageer: "Ek wil weer eens onomwonde en baie duidelik herhaal wat ek op 25 Mei 1973 in die Parlement gesê het dat die beheer van alle sportsoorte op klub-, provinsiale en nasionale vlak in Suid-Afrika afsonderlik vir die verskillende bevolkingsgroepe sal wees en dat deelname op klub, provinsiale en nasionale vlak afsonderlik sal wees.

Die aard, samestelling en doelstelling van die veelrassige krieketklub is dus onaanvaarbaar en die Regering sal nie huiwer om op te tree indien die betrokke persone met hierdie projek voortgaan nie."<sup>45</sup>

### Nuwe aksente begin opval in die Sportbeleid van 1974

Die wegbeweeg van diskriminasie in sport, die verbetering van rasseverhoudinge deur middel van sport en die aanbied van talle veelvolkige toernooie of kampioenskapsbyeenkomste, is albei die belangrikste punte wat deur die Regering in 1974 daargestel is om te verseker dat Suid-Afrika nie in 'n isolasie-woestyn beland nie.

44) Departement Sport en Ontspanning: Persverklaring deur Sy Edele dr. P.G.J. Koornhof, Minister van Sport en Ontspanning, Kaapstad. 15.6.73.

45) Ibid.

Betreffende die eerste aksent, het die Minister van Sport en Ontspanning, dr. Koornhof, dit op 14 Oktober 1974 gestel dat wat sport betref, daar van diskriminasie wegbeveeg word; as met apartheid diskriminasie bedoel word, word daar ook van apartheid in sport wegbeweeg. As met apartheid in sport diskriminasie op grond van kleur of ras bedoel word, dan is apartheid besig om te verdwyn en sal dit ook in sport in Suid-Afrika verdwyn.<sup>46</sup> In gevalle waar diskriminasie op grond van ras of kleur nog in sport bestaan, is dit die verklaarde grondslag en doelwit van die Regering se beleid om daarvan weg te beweeg. Met dit as agtergrond is die volgende beleidsverklaring dan ook op 14 Oktober bekendgemaak, naamlik:

- 1) "dat sport deur die onderskeie bevolkingsgroepe op al die verskillende vlakke binne volksverband beoefen en geadministreer moet word;
- 2) "dat die nasionale sportliggame van die onderskeie bevolkingsgroepe elk op die pad na selfbestemming, eie betrekkinge met soortgelyke sportliggame van ander volkere moet kan aanknoop;
- 3) "dat individuele sportlui tot die allerhoogste internasionale vlak moet kan vorder;
- 4) "dat ook binne Suid-Afrika volle geleentheid gebied moet word vir intervolkige en internasionale mededinging en met inagneming van die gebruike in Suid-Afrika;
- 5) "dat georganiseerde sportbeoefening binne hierdie raamwerk onder alle volke in Suid-Afrika aangemoedig word;
- 6) "dat koördinasie op die hoogste bestuursvlak tussen die sportliggame van die onderskeie bevolkingsgroepe

46) Debatte van die Volksraad, 14.10.1974, kol. 5372.

in Suid-Afrika bewerkstellig moet word;

- 7) "dat die ontwikkeling van georganiseerde sport verband moet hou met die maatskaplike en die politieke ontwikkelingsgang van die onderskeie bevolkingsgroepe."<sup>47</sup>

Die tweede aksent wat opgeval het, was die verbetering van rasseverhoudinge deur middel van sport. Hieroor het dr. Koornhof hom as volg uitgelaat:

"Eerstens, dat deur middel van sport rasseverhoudings kan verbeter en, tweedens, dat ons dit deur sport wil verbeter. Deur sport kan en wil ons vriende maak. Ek het al by meer as een geleentheid gesê, en dit is absoluut waar, dat sport 'n God-gegewe instrument is wat ons vir hierdie soort doelwit moet aanwend. Ek wil dadelik sê dat hierdie Regering, my departement en ek persoonlik, met die grootste simpatie en begrip probeer om presies dit te doen sover as wat dit menslik moontlik is."<sup>48</sup>

Oor die derde aksent wat opgeval het naamlik: die aanbied van talle veelvolkige toernooie, sal daar aan die einde van hierdie hoofstuk meer uitgebrei word.

#### Tenniswoelinge gedurende 1974

Die tenniswoelinge in 1974 was 'n goeie voorbeeld van die sportsituasie waarin Suid-Afrika hom op daardie oomblik bevind het. Die verskuiwing van byeenkomste, weiering van visums, boikotte deur sekere lande, skorsings en ont-trekkings, was alles faktore waarmee Suid-Afrika rekening

47) Ibid.

48) Ibid.

moes hou as gevolg van die politieke- en sportbeleid wat deur Suid-Afrika voorgestaan is.

Die Federasiebeker-finaal is in Mei maand in Italië gespeel, nadat dit oorspronklik in Nieu Seeland sou plaasvind. Dié land het visums aan die Suid-Afrikaners geweier en vandaar is die kompetisie verskuif na Italië. Nogtans is die geleentheid geboikot deur Soedan, Joegoslavië en Roemenië as gevolg van Suid-Afrika se deelname.<sup>49</sup>

Daar is gepoog om Suid-Afrika se internasionale status te behou deur 'n veelrassige komitee daar te stel wat oorkoepelend sou optree oor al die verskillende tennisverenigings in Suid-Afrika. Geen sukses is egter hiermee behaal nie.

Pogings om Suid-Afrika uit die Internasionale Tennisfederasie en die Davisbeker te skors het ook misluk.<sup>50</sup> Die gebeure is almal gesien as oorwinnings vir Suid-Afrikaanse tennis. Dit is opgevolg deurdat Suid-Afrika die Davisbeker vir die eerste keer in die 70 jarige bestaan van die kompetisie gewen het. 'n Wrang smaak het die oorwinning egter versuur deurdat die beker by verstek gewen is nadat Indië nie teen Suid-Afrika wou speel nie.<sup>51</sup>

Afgesien van dr. Koornhof se versekering dat rassediskriminasie besig was om te verdwyn, het Indië die volgende verklaring uitgereik: "That in the absence of any assurance for the removal of racial discrimination and starting of integrated and mixed play in all sports in the country at national and international levels, India is not in a position to play South Africa."<sup>52</sup>

49) Horrell, M., A Survey ... 1974, p. 395.

50) Rand Daily Mail, 11.7.1974.

51) Rand Daily Mail, 5.9.1974.

52) Horrell, M.; A Survey ... 1974, p. 396.

Sportbeheer in Suid-Afrika kom onder die soeklig

Namate die Regering die sportbeleid verander en aangepas het by die omstandighede van die dag, het veral twee sake dringende aandag vereis te wete sportbeheer en dan nog steeds die aandrang om groter outonomie.

Dr. Koornhof het op 11 Junie 1975 in die Volksraad gesê dat die beleid van die Regering in die verband baie duidelik was, naamlik: "Elke volksgroep moet die geleentheid kry om sy eie identiteit te behou, maar gelyktydig daarmee mag daar nie beperkings op hulle ontwikkeling tot volle wasdom gestel word nie .... . Daar mag ook nie beperkings gestel word wat sal verhoed dat mense teen die beste mense in Suid-Afrika en in die wêreld in sport kan meeding nie.

"Die beleid maak verder voorsiening daarvoor dat daar op die hoogste vlak koördinasie bewerkstellig kan word deur skakeling tussen gelyke verteenwoordiging van al die volksgroepe in die vorm van 'n skakelkomitee of boonste liggaam, soos die betrokke sportliggaam dit verkies. Hierdie reëling word getref ten einde aan sekere behoeftes te voldoen."<sup>53</sup>

Dr. Koornhof het dit ook verder in sy beleid voorsien dat om sportbyeenkomste van internasionale of veelvolkige aard in Suid-Afrika aan te bied, moet almal 'n gelyke geleentheid gebied word en elke volksgroep moet 'n aandeel in die bestuur hê.

Wat die aandrang om groter outonomie betref het dr. Koornhof by dieselfde geleentheid gesê dat die Regering se

53) Debatte van die Volksraad, 11.6.1976, kol. 8237.

pragmatiese benadering met betrekking tot sportoutonomie uit die volgende blyk:<sup>54</sup> "Ons laat sport in die hande van die sportadministrateurs vir sover dit prakties uitvoerbaar is. Ek kan hier vanaand getuig dat ek persoonlik - en ek rig die Departement van Sport en Ontspanning dienooreenkomstig af - probeer toesien dat die inmenging in sport tot die absolute minimum in Suid-Afrika beperk word. Die Regering skryf nie aan die liggame voor wat hulle moet doen nie. Ek het nou gepraat van beheer op die hoogste vlak. Ons sê vir hulle wat die beleid van die Regering is, en dan vra ons hulle om dienooreenkomstig te handel."<sup>55</sup>

Die sportmanne in Suid-Afrika het egter nie heeltemal die siening van dr. Koornhof gedeel nie. Hulle het tot die besef gekom van die groot rol wat die Regering wel gespeel het in die organisasie van die sportopset in Suid-Afrika. Daarom dat daar al hoe meer stemme opgegaan het van die sportmanne se kant dat die Regering nie moet inmeng nie.

Vir hulle het die aandrang om groter outonomie juis gelê in die laaste sin van bogenoemde verklaring van dr. Koornhof naamlik "ons sê vir hulle wat die beleid van die Regering is, en dan vra ons hulle om dienooreenkomstig te handel." Hulle wou hê dat sport self oor beleid moet besluit, en dat daar ook verantwoordelike besluite met die Regering onderhandel moet word, en nie bloot h uitvoerder wees van dit wat van owerheidsweë voorgeskryf word nie. Die aandrang om groter outonomie wentel juis hierom.<sup>56</sup>

54) Ibid.

55) Ibid.

56) R.G.N.-Sportondersoek, p.95.

Sportontwikkeling en deelname aan Suid-Afrikaanse sport gedurende 1970-1975

In Maart 1970 is Suid-Afrikaanse sport 'n geweldige knou toegedien deurdat verskeie lidlande van die Opperraad vir sport in Afrika aangekondig het dat hulle sou weier om aan die 1972 Olimpiese Spele in München deel te neem alvorens Suid-Afrika se lidmaatskap van die IOK totaal beëindig is. Tydens 'n vergadering van die IOK te Amsterdam in Mei het die skorsing van Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele met 35 stemme teen 28 'n werklikheid geword.<sup>57</sup>

Gedurende Maart is Suid-Afrikaanse deelname aan die Davisbeker in tennis ontsê. As verskoning is aangebied dat die bestaan van die kompetisie in die gedrang sal kom as suid-Afrika deelneem.<sup>58</sup>

Kort hierna het die Internasionale Tennisfederasie (I.T.F.) die Suid-Afrikaanse Nasionale tenniskampioenskappe uit die Grand Prix reeks, geskors. Die organiseerders van die verskillende toernooie moes 'n waarborg gee dat dit oop sou wees vir almal, ongeag ras of geloof.<sup>59</sup>

In Julie het daar 'n einde gekom aan die Republiek se internasionale deelname in die stoeikryt toe hulle deur die Internasionale Stoeifederasie geskors is.<sup>60</sup>

Ook die Internasionale Amateur Fietsryfederasie het aangekondig dat hulle nie tevrede was met die Suid-Afrikaanse Amateur Fietsryfederasie se grondwet nie en het die Republiek se aansoek om affiliasie vir 1970 geweier.<sup>61</sup>

57) Horrell, M., A Survey ...1970, pp.279-281.

58) Ibid.

59) Ibid.

60) Ibid.

61) Ibid.

In hierdie tydperk is verskeie amptelike toere ook gekanselleer. Op 1 Junie sou die Springbok krieketspelers h toer van 28 wedstryde deur Brittanje onderneem. Die toer is naderhand verminder na 12 wedstryde aangesien Indië en Pakistan gedreig het om die Statebondspele te boikot indien die toer sou voortgaan. Op 22 Mei het die MCC laat weet dat die druk te kwaai is en dat hulle geen alternatief het as om die toer af te gelas nie.<sup>62</sup>

Die Regering van Jamaica het visums geweier aan h Suid-Afrikaanse vroue-netbalspan wat daar in h wêreldtoernooi sou deelneem.

Die Suid-Afrikaanse vroue-sagtebalspan het onttrek van die wêreld sagtebalkampioenskap wat in Japan sou plaasvind omdat Zambië protes aangeteken het en die Japanse regering bang was vir betogings.<sup>63</sup>

Ook die Suid-Afrikaanse Gimnastiekspan het onttrek van die wêreldkampioenskappe wat in Joegoslavië plaasgevind het omdat hulle geweet het dat visums nie aan hulle toegestaan sou word nie.<sup>64</sup>

Die Suid-Afrikaanse vissermanne is ook uitgesluit van die jaarlikse visvangkampioenskappe in die Bahamas.<sup>65</sup>

In weerwil van hierdie terugslae was Suid-Afrika darem nog nie totaal geïsoleer nie.

62) Horrell, M., A Survey ... 1970, pp.278-280.

63) Ibid.,

64) Ibid.

65) Ibid.

Die All Black rugbyspan, wat 3 Maori's en 1 Somaan ingesluit het, het 'n baie geslaagde toer deur Suid-Afrika gehad. Krieket en swemspanne van Australië het die Republiek besoek en die Suid-Afrikaanse vroue netbalspan het in Australië getoer. Suid-Afrikaanse atlete het in Athene en België deelgeneem en 'n Springbok gholfspan het Brazilië besoek. Verder het 'n Australiese vyfkampspan Suid-Afrika besoek en individuele tennisspelers van oor die hele wêreld het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse tenniskampioenskappe.<sup>66</sup>

Sedert 1971 is veel vordering gemaak met die praktiese toepassing van die beleidsveranderinge. Nie-blanke sportmanne is nie slegs gereeld in Suid-Afrika se nasionale spanne opgeneem nie, maar hulle het ook hul eie sportban-de met ander lande deur hul eie sportliggame ontwikkel.

'n Belangrike stap is in 1971 gedoen toe gesamentlike beheerliggame vir verskeie sportsoorte gestig is nadat die Regering ingestem het dat die sportorganisasies vir alle bevolkingsgroepe op gelyke voet by sulke oorkoepelende organisasies ingelyf kan word. Vir die eerste keer is amptelik aangekondig dat Nie-Blankes toegelaat sou word om op sowel nasionale as internasionale vlak in Suid-Afrika en oorsee mee te ding.<sup>67</sup>

Die eerste veelvolkige sportbyeenkoms in Suid-Afrika was die P.G.A. Gholftoernooi wat van 23-27 November in Johannesburg plaasgevind het waaraan vyftien Suid-Afrikaanse Nie-Blankes (Bantoes 10, Kleurlinge 1, Indiërs 4) deelgeneem

66) Ibid.

67) Dinamiese Verandering in Suid-Afrika, Departement van Buitelandse Sake en Inligting, Nov. 1980, p.130, Ontplooiing van die Sportbeleid 1962-1979, Departement van Sport en Ontspanning, 11 Sept., 1979, p.24.

het asook Lee Elder (V.S.A.) en Lee, 'n Taiwanees.<sup>68</sup>

Die eerste veelvolkige atletiekbyeenkoms is op 26 en 27 September te Kaapstad aangebied waaraan 8 Nie-Blankes van die buiteland (Rhodesië 3, Malawi 1, Madagaskar 4) en 10 Suid-Afrikaanse Swartes deelgeneem het.<sup>69</sup>

Die eerste veelvolkige tennistoernooi is in Desember in Johannesburg aangebied waaraan 'n bruin meisie, Evonne Goolagong van Australië deelgeneem het.<sup>70</sup>

Die Franse Rugbytoerspan met 'n Nie-Blanke, R. Bourgarel, het gedurende Mei-Junie 'n besoek aan Suid-Afrika gebring.<sup>71</sup>

In Mei het die Britse leeus in Suid-Afrika getoer. Beide die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (Blank) en die Suid-Afrikaanse Rugbyfederasie (Kleurlinge) het teen die leeus gespeel. Die Suid-Afrikaanse Rugby-Unie (Nie-Blank) het geweier om te speel aangesien, volgens hulle, al die wedstryde wat gespeel word, "is all part of the attempt to keep South African's White rugby in international competition."<sup>72</sup>

Alhoewel die polisie moes ingryp toe daar kwaai betogings gehou is tydens 'n wedstryd tussen Engeland en 'n Kleurlingvyftiental (proteas), sal die wedstryd onthou word as die eerste Internasionale rugbywedstryd waarin swart en wit op Suid-Afrikaanse grond teen mekaar gespeel het.

68) Ibid.

69) Ibid.

70) Ibid. Vgl. Rand Daily Mail, 25.2.71.

71) Ibid.

72) Horrell, M., A Survey ... 1972, p.418.

Met die oog op 1973 se All Black toer is daar beroepe gedoen op die regering om Nie-Blanke spelers te nooi na die proewe, anders sou dit volgens hulle, tot algehele isolasie lei.<sup>73</sup> Dr. Koornhof het hierop gereageer deur gemengde proewe absoluut te verwerp. In die week of twee wat gevolg het, het ook die Eerste Minister, die Minister van Ekonomiese Sake, die Minister van Arbeid en die Minister van Vervoer, gemengde proewe verwerp.<sup>74</sup>

Terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (Blank) na die Regering gegaan met die versoek dat Kleurlinge in die Springbokspan ingesluit moes word. Weereens het die Regering die versoek geweier.<sup>75</sup>

Op atletiekgebied was die Comrades Marathon, seker die grootste padwedloop in die wêreld, steeds taboe vir die Nie-Blankes. Hulle is deelname ontsê deur die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiek-Unie.<sup>76</sup>

Op gholfgebied was die prentjie ietwat anders. Die Minister van Sport het internasionale status gegee aan 4 toernooie naamlik die P.G.A., die Suid-Afrikaanse Ope, die Suid-Afrikaanse Amateur kampioenskappe en die 'International Classic'.<sup>77</sup>

73) Rand Daily Mail, 30.8.1972.

74) Star, 4, 9.9.1972; Rand Daily Mail, 13, 16.9.1972.

75) Star, 5.9.1972.

76) Star, 24.8.1972.

77) Star, 24.8.1972, vg. Horrell, M., A Survey ... 1972, p.422.

Gedurende 1973 is daar voortgegaan om sporte soos gholf en tennis op 'n veelvolkige grondslag te organiseer. Die eerste veelvolkige fietspadwedren is gereël en twee Swartes het ook aan 'n internasionale dubbelpaaltjie-krieketwedstryd deelgeneem.<sup>78</sup>

Die Suid-Afrikaanse Spele het ook gedurende 1973 in Pretoria plaasgevind waaraan 531 atlete uit die buiteland en 1 651 Suid-Afrikaners van alle bevolkingsgroepe aan 31 sportsoorte deelgeneem het. Deelnemers het in die luukse Burgerspark Hotel in Pretoria tuisgegaan. Swanepoel en Oosthuizen som die Spele so op:<sup>79</sup> "Baie goeie dinge is deur besoekende beamptes gesê. Hulle was dit eens dat die Spele geen Boereverneukery was nie, maar dat dit die erns van die Suid-Afrikaanse sportbase is om weer tot die internasionale arena toegelaat te word. Maar sal die wêreld ooit tevrede wees? Was die besoekers net goeie gaste of sal hulle ons goeie vriende bly? Die tyd alleen sal ons leer. Een ding wat egter onomwonde van alle deelnemers aan die Spele gesê kan word, is dat hulle nooit politiek gepraat het nie. Hulle het sport beoefen."<sup>80</sup>

Die Suid-Afrikaanse Spele het egter nie by almal byval gevind nie. Daarvoor het een van Suid-Afrika se groot sportvyande, Dennis Brutus, gesorg toe hy gesê het: "A new name for the old game."<sup>81</sup>

78) Dinamiese Verandering in Suid-Afrika, p.130, 'n Nuwe Suid-Afrika: Sport, p.3.

79) Horrell, M., A Survey ..., 1973, p.367.

80) Swanepoel, J., Oosthuizen, W., Spele/Games, 'n Gedenkuitgawe ... 1973, p.15.

81) Lapchick, R.E., The politics of Race and Sport: The Case of South Africa, p.211.

Die eerste toernooi waarin Swart en Blanke beroepsboksers in dieselfde kryt meegeding het, is ook in 1973 in Suid-Afrika gehou.<sup>82</sup>

Gedurende die jaar 1974 het suid-Afrika weer eens sy kwota skorsings beleef. Op 26 Augustus 1974 antwoord dr. Koornhoef op 'n vraag in die Volksraad dat Suid-Afrika geskors is uit nege internasionale sportorganisasies naamlik gewigoptel, swem, fietsry, sokker, boks, atletiek, kanovaart, stoei en die Olimpiese Spele. Gedurende 1973 en die eerste ses maande van 1974 is Suid-Afrikaners deelname uit twintig sportbyeenkomste in die buiteland ontsê.<sup>83</sup>

Gedurende die jaar is veelvolkige toernooie of kampioenskapsbyeenkomste in die volgende sportsoorte gehou: tennis (sewe), atletiek (drie), gholf (vyf), gewigoptel (een), dubbelpaaltjie-krieket (een) en fietsry (twee). Spanne is na verdienste gekies om Suid-Afrika in die volgende sportsoorte te verteenwoordig: gholf (Eisenhower-beker), tennis (Federasiebeker), tennis (Davisbeker), liggaamsbou (wêreldkampioenskapsbyeenkoms), hokkie (wêreldtoernooi) en atletiek (twee spanne om in Europa te toer). 'n Swart sokkerspan het vir die eerste keer teen 'n Blanke span gespeel.<sup>84</sup>

Die sportgebeurtenisse wat tydens 1975 plaasgevind het, was goeie voorbeelde van die rigting wat die Regering op daardie stadium ingeslaan het.

Veelvolkige toernooie of kampioenskapsbyeenkomste is in die volgende sportsoorte gehou: boks, atletiek, korfbal

- 82) Dinamiese Verandering in Suid-Afrika., p.130. 'n Nuwe Suid-Afrika: Sport, p.3., Ontplooiing van die Sportbeleid, p.25.
- 83) Horrell, M., A Survey .... 1974, p.396.
- 84) Dinamiese Verandering in Suid-Afrika, p.131: 'n Nuwe Suid-Afrika: Sport., p.3.

vir parapleë, stoei, gholf, tennis, branderplank-ry, lewensredding en karate, terwyl h veelvolkige span Suid-Afrika op die sesde gymnaestrada in Wes-Berlyn verteenwoordig het. Die Comrades-marathon wat elke jaar tussen Pietermaritzburg en Durban afgelê word, is vir die eerste keer aan deelnemers van alle bevolkingsgroepe oopgestel.

Sestien Nie-Blanke inskrywings is aanvaar. h Nie-Blanke krieket-elftal is in die Gillette Beker reeks opgeneem. Op 25 Oktober het hulle teen Natal gespeel. As gevolg van h gebrek aan ondervinding het hulle egter h groot pak slae gekry. h Indiër het vir die eerste keer as skeidsregter in h krieketwedstryd om die Curriebeker opgetree. Daar was ook h Swart skeidsregter in h geveg tussen h Swart en Blanke bokser in h veelvolkige ope bokskampioenskaps-toernooi. Die Franse rugbytoerspan het wedstryde teen Swart- en Kleurlingspanne gespeel. Die Swart atleet, Titus Mamabolo, se vertoning in die 5 000 meter het hom die 21ste plek in die wêreld vir 1975 besorg. Hy was ook die eerste Swarte wat h nasionale kampioenskap gewen het.<sup>85</sup>

#### SAMEVATTING

##### Die situasie aan die einde van 1975

Die tydperk 1970-1975 kan beskou word as die tyd waarin veelvolkige sport sy beslag gekry het. Die aanbieding van veelvolkige sport het dan ook nuwe werklikheidsgebeure

85) Dinamiese Verandering in Suid-Afrika., p.131; h Nuwe Suid-Afrika: Sport., p.3.

in Suid-Afrikaanse sport ingelei. Vir die eerste keer kon Wit en Swart teen mekaar op die sportveld deelneem, al was dit binne die konteks van veelvolkige deelname. In die feitelike situasie het individu teenoor individu te staan gekom, al was hulle amptelik in veelvolkige verband gekies. Wat ervaar en waargeneem is, is dat Blankes, Swartes, Asiërs en Kleurlinge aan 'n bepaalde sportgebeurtenis meedoen. Namate sodanige situasies aanvaarbaar geword het, sou dit 'n normale strewe wees dat daar vir al hoe meer toegewings gevra sou word.

Op hierdie stadium was die verdere ontwikkeling van veelvolkige sport 'n voldonge feit. Alhoewel dit nie altyd die wens van die regering weggedra het nie, moes die regering in die jare wat sou kom daarmee rekening hou.

HOOFSTUK 5DIE NORMALISERING VAN SPORTVERHOUDINGE IN SUID-AFRIKAWORD 'n WERKLIKHEIDInleiding

Waar die tydperk 1970-1975 gekenmerk was deur die talle veelvolkige sportbyeenkomste wat gehou is en beplan is, was die tydperk 1976-1979 gekenmerk deur die praktiese uitvoering daarvan, die normalisering van sportverhoudinge en die toekenning van volle outonomie aan sportliggame.

Bogenoemde was die mees dominerende temas van die sportbeleid op daardie stadium. Normalisering en die wegbeweeg van rassediskriminasie is as identiese prosesse gesien. Die normalisering van sport moet as 'n proses gesien word wat oor 'n tydperk voltrek word, 'n beweging in 'n bepaalde rigting wat as normaal beskou word.<sup>1</sup> Daar word dus veronderstel dat daar bepaalde abnormaliteite bestaan waarvan wegbeweeg moes word. Sulke abnormaliteite kan diskriminerende maatreëls wees wat op kleur, geloof of ras berus. In die proses van normalisering in sport moet van sulke maatreëls ontslae geraak word.<sup>2</sup>

Die Minister van Sport en Ontspanning, dr. Koornhof, het in 1976 die normalisering van sportverhoudinge in Suid-Afrika as 'n belangrike faset van beleid uitgelig. Hy het dit gestel dat normalisering alleen moontlik is indien dit, soos in die geval van alle ander lande, "binne die begrip en aanvaarding van sekere basiese beginsels" geskied. Deur sport te normaliseer, word gedoen wat elke ander land in die wêreld doen, naamlik te reël dat die land se mense

1) Debatte van die Volksraad, 18.5.1967, kol. 7895/7896.

2) Debatte van die Volksraad, 3.6.1967, kol. 8129.

onder mekaar speel, en dat die beste spanne gekies word om teen ander lande deel te neem. Wat Suid-Afrika betref, geskied normalisering van sport binne die raamwerk van breë regeringsdoelwitte en beleid, met erkenning van die land se wette.

Normalisering is egter 'n relatiewe begrip; wat normaal is vir een party is abnormaal vir 'n ander, afhangende van die norme wat neergelê word om normaliteit te bepaal. Wat in een sportgemeenskap as normaal aanvaar word, geld nie noodwendig vir 'n ander nie, vandaar dat die aantyging gemaak word dat geen normale sport moontlik is in 'n abnormale gemeenskap nie.<sup>3</sup>

'n Verdere kenmerk van 1976 sou wees die gedurige geskreeu van 'n "stap in die regte rigting." Dit was dan ook juis die dilemma van die Regering om wel 'n stap in die regte rigting te gee - en geslaagd deur te voer - sodat dit deur almal in Suid-Afrika aanvaar word en selfs verwelkom word.

Aangesien daar ook in hierdie tydperk soveel aanpassings gemaak moes word is 'n verdere eienskap juis die talle beleidsverklarings wat gemaak is om tred te hou met die ontwikkelinge op die sportveld en elders.

Dit is egter in die stadium eers nodig om die sportbeleid volledig te behandel om sodoende te kyk na die vordering wat reeds op dié gebied gemaak is.

### Die Suid-Afrikaanse Sportbeleid aan die begin van 1976 in perspektief gesien

As gevolg van die vrae wat ontstaan het oor die talle veranderinge en aanpassings wat gemaak is het die Minister

3) Dit is die slagspreuk van die South African Council on Sport (SACOS): "No normal sport in an abnormal society." Die huidige gemeenskap word as abnormaal aanvaar. Vgl. ook RGN-Sportonderzoek, Sportbestuur (deel I), 1982, p.9.

van Sport en Ontspanning, dr. Piet Koornhof, die beleid as volg uiteengesit:<sup>4</sup>

"Ek weet dat almal weet wat die beleid is, maar net vir rekorddoeleindes om daardie geskreeu van "h stap in die regte rigting" vir eens en vir altyd die nek in te slaan, gaan ek die algemene beginsels van die Regering se beleid weer opsom. 'h Stap in die regte rigting' sal u dan almal besef, beteken presies wat dit sê 'h stap in die rigting van die vervolmaakte uitvoering van die Nasionale Party se beleid', wat soveel jare al bestaan en waarvan daar nie afgewyk word nie."

Dr. Koornhof het verder gesê, "daar is drie basiese beginsels in die beleid van eiesoortige, afsonderlike ontwikkeling wat direk van toepassing is op die toepassing van hierdie beleid op die terrein van sport naamlik:

- 1) Elke volksgroep het die reg tot die behoud van sy volle identiteit.
- 2) Die beleid is daarop ingestel dat alles so gereël word dat wrywing en wanorde uitgeskakel en voorkom sal word.
- 3) Elke volksgroep het volle aanspraak op dieselfde en maksimum geleenthede op alle terreine van die lewe."<sup>5</sup>

Van bogenoemde het dr. Koornhof gesê dat elke stap wat geneem word ten opsigte van die toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling op die terrein van sport, getoets kan word aan dié drie beginsels wat volle mense-regte vir almal voorstaan en daar sal gevind word dat sport in alle gevalle aan al drie die vereistes voldoen.<sup>6</sup>

4) Departement Sport en Ontspanning, Sportbeleid in Perspektief gesien, ongedateerd.

5) Ibid.

6) Ibid.

Wat die verskillende aspekte van sport aan betref het dr. Koornhof dit as volg uiteengesit:

### Sportbeheer

Die beleid van die Regering hier is baie duidelik. Elke volksgroep moet die geleentheid kry om sy identiteit te behou, maar gelyktydig mag dit nie beperkings stel om tot volle wasdom te ontwikkel nie.

"Wat hier gebeur", het dr. Koornhof gesê, "is dat op klub-, provinsiale- en nasionale vlakke beheer en bestuur die volksgroepe hulle sport afsonderlik. Daar bestaan dus nie die moontlikheid dat een volksgroep deur h ander oorheers sal word as gevolg van h gebrek aan kennis nie."<sup>7</sup>

Die beleid maak egter voorsiening daarvoor dat op die hoogste vlak dit wil sê, nasionale vlak, koördinasie bewerkstellig kan word deur skakeling met gelyke verteenwoordiging van al die volksgroepe in die vorm van h skakelkomitee of h liggaam, soos wat die sportliggaam verkies.

Bogenoemde reëling is getref ten einde aan sekere behoeftes te voldoen naamlik:

- 1) Internasionale skakeling en affiliasie moet vir almal moontlik wees en kan net gekoördineerd gedoen word;
- 2) sportbyeenkomste van h internasionale- en veelvolkige aard moet aan almal h gelyke geleentheid gee en elke volksgroep moet h aandeel in die bestuur daarvan hê;
- 3) daar is sekere aspekte van die bestuur van sport wat

7) Ibid.

van algemene belang is, soos byvoorbeeld reëls en die afmetings van velde en apparaat, wat vir almal dieselfde belang het en gekoördineer moet word.

"Op die stadium van die uiteensetting van die beleid" het dr. Koornhof gesê, "kom ek by 'n baie belangrike punt naamlik dat sport in Suid-Afrika geheel en al outonoom is. Die Regering skryf nie vir 'n liggaam voor dat hy sy beheerstruktuur moet reël soos pas beskryf nie. Die Regering sê net indien 'n reëling getref moet word om regverdigheid aan almal te laat geskied, dan kan so 'n reëling getref word. Dit sou dan inderdaad 'n 'stap in die regte rigting' wees. Dit wil sê, 'n stap tot volle regverdige geleentheid vir alle volksgroepe om 'n direkte aandeel te hê in die bestuur van sake.'"<sup>8</sup>

Die praktiese uitvoerbaarheid van dr. Koornhof se beleid kan gesien word in die ewolusie wat in atletiek voltooi is met die stigting van Die Suid-Afrikaanse Atletiek Unie, wat 'n veelvolkige boonste vlak liggaam is waarop elke volksgroep gelyke verteenwoordiging het. Hierdie liggaam is internasionaal geaffilieer en hanteer internasionale skaakeling en deelname, sowel as veelvolkige byeenkomste wat aangebied word.

Bo en behalwe dié vereniging bestaan daar ook 'n Suid-Afrikaanse Atletiekvereniging vir die Blankes en 'n vereniging vir die Nie-Blankes en daar is ook een vir die Kleurlinge gestig. Hierdie onderskeie verenigings het nie beheer oor mekaar se sake nie en funksioneer op klub-, provinsiale- en nasionale vlak onafhanklik en outonoom.

8) Ibid.

### Sportdeelname

Soos in die geval van bestuur, geskied sportdeelname afsonderlik op klub-, provinsiale- en nasionale vlak. Nie alleen dra dit by tot orde nie, maar skep dit soveel meer geleenthede vir alle volksgroepe om op alle vlakke geleentheid te kry om tot nasionale vlak sportdeelname ondervinding op te doen.

### Internasionale deelname

Ook wat internasionale deelname betref het elke volksgroep die geleentheid gehad om sy eie betrekkings, volgens die beginsels van die beleid, met ander lande op te bou. So het Suid-Afrika met sy Blanke Springbokspanne in verskeie sportsoorte reeds tradisionele betrekkings met ander lande gehad en is daar gereeld internasionale deelname oorsee gereël. Alhoewel die Nie-Blankes, Kleurlinge en Indiërs nog nie tot op daardie vlak ontwikkel het nie, het hulle ook al internasionale deelname gehad. Die 'Luiperds' (Nie-Blanke rugby) was byvoorbeeld na Italië. Die 'Proteas' (Kleurling rugby) na Brittanje en die Indiër tafeltennis-span wat gekies was om aan die wêreldkampioenskappe deel te neem, maar toe deur Indië self toegang tot daardie land verbied was.

In die verband kom die Regering se beleid daarop neer dat as die Springbokke in Brittanje sou gaan speel dan speel hulle teen 'n Walliese span, 'n Ierse span, 'n Engelse span en 'n Skotse span. Daar word ook teen 'n uitnodigingspan gespeel. Daarom sou dit net logies wees dat as Brittanje in Suid-Afrika kom toer, hulle teen die Springbokke, die

Proteas, die Luiperds en 'n Suid-Afrikaanse Uitnodiging-span, verteenwoordigend van al die unies, sou kan speel.

#### Verteenwoordigende spanne van die buiteland

Dr. Koornhof het dit hier duidelik gestel en beklemtoon dat hy hom verbind met wat die Eerste Minister in 1969 gesê het: Suid-Afrika tree nie op as keurder vir ander lande nie. Indien verteenwoordigende spanne van ander lande na Suid-Afrika kom, kan hulle spanne ongeag kleur, ras of geloof saamgestel word. Die enigste voorwaarde is dat daar geen politiese by-motiewe betrokke moet wees nie, dat daar geen probleme in Suid-Afrika geskep sou word nie, en dat dit nie die interstaatlike verhoudinge tussen Suid-Afrika en die betrokke land sou versteur nie.<sup>9</sup>

#### Intervolkere byeenkomste

Oor die aspek het dr. Koornhof gesê wou hy nie veel uitbrei nie, want dit is voor-die-hand-liggend. In feitlik al die sportsoorte vind daar byeenkomste plaas. Die grondliggende gedagte hier is weer eens dat die kompetisie op 'n vooraf vlak en standaard moet wees, met ander woorde daar moet 'n werklike behoefte vir die kompetisie op die spesifieke vlak bestaan. Ook die fasiliteite wat gebruik word, moet geskik wees en vooraf goedgekeur word.<sup>10</sup>

Na aanleiding van die rigting waarin die sportbeleid beweeg het en die verantwoordelike wyse waarop sportadministrateurs opgetree het in die hantering van veelvolkige sport met die komplekse verhoudingsproblematiek wat daarmee gepaard gegaan het, moes dit 'n indruk op die owerheid gemaak het en die

9) Ibid.

10) Ibid.

besef tuis gebring het dat sulke sake inderdaad aan sport-administrateurs toevertrou kon word. Die owerheid en die sportadministrateur is as't ware gedwing om saam te beplan oor hoe die situasie gehanteer moes word en in die proses moes die bona fides van sportadministrateurs aan die lig gekom het. Maar sportlui het ook die taak van die politici vergemaklik. Probleemsituasies is intern gehanteer en nie deur owerheidsinstellings wat politieke munt daaruit kon slaan nie. Die voordele van sportoutonomie wanneer dit in h gees van lojaliteit uitgeoefen word, is deur die owerheid raakgesien. Dit mag verklaar waarom groter begrip hier-voor van die kant van die Regering gekom het.<sup>11</sup>

Die Nasionale Party maak voorsiening vir die belange van elke bevolkingsgroep

Die Federale Inligtingsdiens van die Nasionale Party het op 23 September 1975 h verklaring uitgereik met as hoofdoel die akkommodering van elke bevolkingsgroep in die Suid-Afrikaanse sportopset. Dit is gedoen om tred te hou met die veranderinge wat ingetree het in die Regering se sportbeleid. Die verklaring, wat in agt hoofpunte saamgevat is, is namens die Eerste Minister uitgereik wat na aanbeveling en goedkeuring deur die verskillende Nasionale Party-kongresse aanvaar is.

Die Federale Raad het aanvaar dat met inagneming van die bepalinge van sodanige wette en regulasies wat van toepassing mag wees op die belange van Suid-Afrika en al sy mense op sportgebied en die beste gedien kan word, kragtens onderstaande beleid naamlik: <sup>12</sup>

11) RGN Sportondersoek, p.96.

12) Horrell, M., A Survey of Race Relations in South Africa, 1976, p.395.

- 1) Dat die sportlui van die Blankes, Kleurlinge, Indiers en Swart mense aan hul eie klubs behoort en hul eie sportaangeleenthede beheer, reël en bestuur;
- 2) dat waar moontlik, prakties en gewens die komitee of rade van die verskillende bevolkingsgroepe met mekaar kan raadpleeg of skakel op sodanige wyse as wat die belange van die betrokke sportsoort die beste bevorder;
- 3) dat in die geval van individuele sportsoorte onderlinge mededinging op alle vlakke toelaatbaar is indien beheerliggame so besluit;
- 4) dat in die geval van spansportsoorte die rade of komitees van elke bevolkingsgroep hul eie ligas of roosters reël binne die volksverband;
- 5) dat waar onderling ooreengekom kan rade of komitees, in oorleg met die Minister van Sport, ook ligas of wedstryde reël waarin spanne van verskillende bevolkingsgroepe teen mekaar meeding;
- 6) dat enige van die bevolkingsgroepe sy eie sportverhoudings met ander lande of sportliggame reël na goedgekeurde en hul eie wapens en kleure aan sy eie spelers toeken;
- 7) dat indien so uitgenooi of ooreengekom, kan spanne bestaande uit spelers van alle bevolkingsgroepe Suid-Afrika verteenwoordig, of sodanige sportsoort 'n Olimpiese sportsoort is al dan nie, en aan sodanige spelers en deelnemers kan kleure en 'n embleem toegeken word, wat indien so verkies, die landsvlag of die kleure daarvan, kan wees; en

- 8) dat bywoning van sportaangeleenthede gereël word deur beheerliggame.<sup>13</sup>

Hierdie beleidsverklaring (veral punt 7) het beklemtoon dat hoewel die Regering dit dienlik geag het dat sportmanne in die onderskeie bevolkingsgroepe hul eie klubs organiseer, individue van alle bevolkingsgroepe op alle vlakke met mekaar kon meeding mits die beheerliggame sodanige mededinging goedkeur. Dit was steeds die beleid dat alle bevolkingsgroepe hul eie ligas vir spansoorte organiseer, maar ligas kon ook gereël word waarin spanne in die onderskeie bevolkingsgroepe teen mekaar speel.

Die doel van bogenoemde sportriglyne kan as volg gesien word:

- 1) Die gesonde samewerking en wisselwerking tussen alle bevolkingsgroepe met betrekking tot mededinging sowel as administrasie;
- 2) die geleentheid vir alle sportmanne en sportvroue uit alle bevolkingsgroepe om hulle potensiaal ten volle te verwesenlik en om Suid-Afrika te kan verteenwoordig;
- 3) die samewerking en wisselwerking berus op 'n infrastruktuur van eie klubs en organisasies vir elke bevolkingsgroep asook eie kompetisies, naas ander kompetisies, waarby alle groepe betrokke is.<sup>14</sup>

Die toelating van ligas en wedstryde tussen die verskillende

13) Skietgoed: Sport, Inligtingsdiens van die Nasionale Party van Suid-Afrika, No. 3, September 1976, p.3645; Vgl. ook Ontplooiing van die Sportbeleid 1962-1979, p.27.

14) Departement Sport en Ontspanning: Sportbeleid, Besprekingspunt van af Wesselsbron, Theunissen, Viljoenskroon en Reitz, Ongedateerd.

bevolkingsgroepe was inderdaad 'n nuwe faset in die sport-beleid. Advokaat Vorster het op 15 September 1976 by die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party hierna verwys en dit so verduidelik:

"Punt nommer vyf, naamlik dat waar onderling ooreengekom, kan rade of komitees, in oorleg met die Minister van Sport, ook ligas of wedstryde reël waarin spanne van verskillende bevolkingsgroepe teen mekaar meeding, is egter nuut, is nie alleen nuut nie, maar ek wil dit openhartig vir u sê, met wat ek self in die verlede vir u gesê het en u sou dus heeltemal reg wees as u myself teen myself kwo-teer. Ek wil nie daarvan wegstroom nie en ek sê dit vir u in die grootste openhartigheid omdat ek in gener opsig vir u wil mislei nie. Dit is ook strydig met 'n gedeelte van die praktyk, nie met die volle praktyk wat in die verlede plaasgevind het nie, maar dit is ook strydig met die grootste gedeelte van die praktyk van die verlede, maar ek wil hê dat u dit moet beskou as heeltemal nuut en ek wil hê dat u die wete moet hê, soos ek vir u gesê het, dat dit selfs strydig is met wat ek in die verlede self in hierdie verband gesê het. Maar ek het die vrymoedigheid om dit by u aan te beveel omdat ek glo dat dit reg is dat ons dit moet doen; omdat ek glo dat dit logies is dat ons dit moet doen; en omdat ek glo dat dit nie strydig is met ons oogmerke nie en dat dit nie gevaarlik is vir ons voortbestaan, die beskerming van ons identiteit of 'n verkragting is van die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. Ek glo dat dit die logiese uitvloeisel is van die erkenning van menswaardigheid van almal waarvan en waaroor ons almal in die afgelope tyd gepraat het.<sup>15</sup>

- 15) Vgl. Die Sportbeleid van Suid-Afrika soos verduidelik deur Sy Edele die Eerste Minister tydens 'n geslote vergadering van afgevaardigdes na die Transvaalse kongres van die Nasionale Party in die Pretoriase Stadsaal op 15.9.1974, pp.5-8.

Die reaksie op die sportbeleid was egter oorweldigend positief. Sportadministrateurs, spelers en die pers het die Regering se nuwe beleidsrigting verwelkom. Mnr. Rudolph Opperman, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele vereniging, het dit beskou as 'n voorwaartse stap wat internasionale sportdeure weer vir Suid-Afrika kan oopmaak. Hy het gesê: "Sportverhoudinge kan nou genormaliseer word. Ek voel net die buiteland moet nou erken dat Suid-Afrika sy deel gedoen het en dat daar nou iets in ruil daarvoor teruggegee moet word. Ek kan aan niks dink wat die Regering nog kon gedoen het wat ons verder kon help om terug te keer tot internasionale mededinging in alle sportsoorte nie."<sup>16</sup>

Scholtz het geen vrees gehad dat die nuwe sportbeleid kon lei tot sosiaal-maatskaplike integrasie nie: "Saamspeel is nie sinoniem aan identiteitsbedreiging nie, so min as wat saamwerk dit is. Daar is ander kragte groter as dit wat mense bind of skei ..... Sulke vorme van oper kontak moet nie noodwendig na integrasie herlei word nie. Kontak tussen lede van rassegroepe impliseer nie integrasie nie. Ons het al vir eeue kontak met die Swart- en Bruinman in arbeidsituasies, maar dit word nie as summiere integrasie gereken nie. Integrasie is in baie opsigte 'n misleidende term, een wat al 'n spook geword het. Wat gister as integrasie verwerp is, word vandag as normale verhoudinge aanvaar ....."<sup>17</sup>

Die uitvloeisel van bogenoemde is vir Scholtz voor die hand liggend: "Klubs of instansies sal self moet besluit of hulle hul geledere wil oopmaak vir anderrassiges of nie.

16) Die Transvaler, 24.9.1976.

17) Scholtz, G.J.L., Die Nuwe Sportbeleid, pp.7-10.

Die vryheid en reg van 'n party of instelling om self te kies, moet eerbiedig word en die minderheid in so 'n klub moet sig berus by die wens van die meerderheid."<sup>18</sup>

### Gemengde Klubs kry die wind van voor

Juis omdat die Regering in sy laaste beleidsaankondiging sekere toegewings gemaak het wat Sportklubs aan betref moes die hele kwessie van sogenaamde gemengde of "oop" klubs die een of ander tyd op die spits gedryf word. Dit was onvermydelik gesien in die lig van die Regering se beleid van wegdoen met enige diskriminerende praktyke in die Suid-Afrikaanse sportopset.

So vroeg as 1973 het dit tot die Regering se ore gekom dat 'n veelrassige Krieketklub in Pietmaritzburg gestig is.<sup>19</sup> Dr. Koornhof het op daardie stadium die Regering se standpunt baie duidelik uitgespel dat elke ras sy sport afsonderlik moet beoefen en gemengde klubs nie toegelaat sou word nie.<sup>20</sup> In 1975 het hernude stemme opgegaan vir die daarstelling van 'ope' klubs. Daar is gevra, "Wat van Auro-raklub?" en "Wat van die Groenpuntklub?"<sup>21</sup> Hierop het dr. Koornhof geantwoord: "Hierdie sogenaamde gemengde sportklubs is teen die Regering se beleid van veelvolkige deelname in sport. Ek het by 'n vorige geleentheid reeds 'n beroep op die betrokke persone gemaak om nie van sport 'n medium te maak om hierdie Regering te probeer dwing om van die beginsels van sy beleid af te sien nie, want hulle sal nie slaag nie. Sport is belangrik, maar daar is ander dinge wat baie belangriker is en die kernbeginsels van die Nasionale Party-beleid wat eiesoortige erkenning, bestaan en ontwikkeling sonder beperking vir enige volksgroep in die land verseker,

18) Ibid., p.10.

19) Die geval reeds behandel, vgl. p.114.

20) Ibid.

21) Departement van Sport en Ontspanning, Sportbeleid in Perspektief gesien, Ongedateerd, p.1.

is belangriker as sport. Ter wille van sport dus en ter wille van niks anders nie, herhaal ek my beroep op die betrokke administrateurs en deelnemers om gebruik te maak van die geleenthede wat daar geskep was en nog steeds geskep word en moet nie toelaat dat van julle, wat sportmense is, gebruik gemaak word vir politieke doeleindes nie. Die Regering sal dit in elk geval nie toelaat nie en indien julle nie volgens die riglyne soos neergelê wil werk en speel nie, sal sport die verloorder wees en ongelukkig moet wees."<sup>22</sup>

In Augustus 1977 moes dr. Koornhof weer die Regering se beleid verdedig. Op 'n vraag of die beleidsverklaring dat elke bevolkingsgroep aan sy eie klubs moes behoort nie neerkom op diskriminasie nie, het dr. Koornhof geantwoord: "Die Regering aanvaar dat die belange van Suid-Afrika en al sy sportmense die beste gedien word as Blanke, Swart, Kleurlinge- en Indiërsportmanne en -vroue almal aan hul eie klubs behoort, maar daar is geen wet wat gemengde klubs vir enige sportsoort in Suid-Afrika verbied nie. Dit is die inherente reg van 'n klub om sy lidmaatskap te beheer, en die beleidsverklaring moet as 'n riglyn in hierdie verband gesien word. 'n Klub het die reg om te alle tye te besluit wie toegelaat en wie nie toegelaat sal word om hulle by die klub aan te sluit nie."<sup>23</sup>

Op 'n vraag of spelers van 'n gemengde span toegelaat sou word om na 'n wedstryd sosiaal te verkeer en van dieselfde geriewe gebruik te maak het dr. Koornhof gesê: "Ja, want die Regering meng nie in by die private byeenkomste van klubs of sportliggame nie."<sup>24</sup>

22) Ibid. p.2.

23) Suid-Afrikaanse Panorama, Vol. 22, No. 8, Aug. 1977, p.23. Vgl. ook Beeld, 11.8.1977; Die Transvaler, 11.8.1977.

24) Ibid.

Dr. Koornhof het hierby gevoeg dat niemand vir een oomblik bekommerd hoef te wees dat blanke identiteit of dié van Swart volke of van ander deur sport vernietig sal word nie. Hy het dit so gestel: "Net soos elke individu in die samelewing binne die raamwerk van die bepalings van wette en regulasies moet lewe en handel, net so word sport met inagneming van die bepalings van sodanige wette en regulasies wat van toepassing mag wees, in Suid-Afrika beoefen."<sup>25</sup>

Ten spyte van dr. Koornhof se gerusstelling was daar groot bekommernis veral in die kiesafdeling Winburg. Mnr. G.H. S. Croese van Winburg het tydens 'n Vrystaatse kongres van die Nasionale Party in Bloemfontein gevra dat die kongres hom moet uitspreek teen die moontlikheid van toenemende sosiale vermenging op klubvlak, aangesien daar in sy kiesafdeling "n bietjie bekommernis is oor die saak, want 'n skoolrugbyklub en 'n skoolnetbalklub is ook sportklubs waar teen vermenging gewaak moet word."<sup>26</sup>

Mnr. H.S. van der Walt van St. Helena het ook hierna verwys en gesê: "Sport word veels te belangrik. Ons het al baie toegewings gedoen, maar ek sien geen nut daarin nie. Die wêreld bly, ondanks dié toegewings, net so vyandig op politieke- en sportgebied."<sup>27</sup>

Oor sosiale vermenging ná wedstryde het dr. Koornhof, gesê die reëling is dat net sportmanne en sportadministrateurs die geselligheid bywoon en "na tee of koffie of 'n drankie gaan die mense huis toe."<sup>28</sup>

Dr. Koornhof het egter ook die versekering gegee dat hy nie sal aarsel om op te tree "as dinge nie meer met die sportbeleid reg loop nie."<sup>29</sup>

25) Die Transvaler, 19.8.1977.

26) Beeld, 8.9.1977.

27) Beeld, 8.9.1977.

28) Beeld, 8.9.1977.

29) Die Transvaler, 8.9.1977.

Dr. Koornhof behandel die knelpunte in die Suid-Afrikaanse Sportbeleid

Omdat daar op daardie stadium verskeie anomalieë met betrekking tot die beleidsverklaring in sake sportaangeleenthede en die toepassing daarvan in die lig van bestaande wetgewing/regulasies bestaan het wat die uitvoering van die verklaarde sportbeleid bemoeilik het, het die Minister van Sport, dr. Koornhof h uiteensetting en verduideliking gegee sover dit die knelpunte in die Suid-Afrikaanse sport aanbetref. Hy het voorbeelde van die knelpunte as volg uiteengesit.<sup>30</sup>

Gemengde deelname teenoor Veelvolkige deelname

Die beleid bepaal veelvolkige deelname en nie veelrassige deelname nie. Optrede teen veelrassige deelname ingevolge die Groepsgebiedewet is egter nie wetlik afdwingbaar op sportgebied nie. In hierdie opsig oortree talle sportsoorte deur wel gemengde klubs toe te laat. Voorbeelde hiervan is in sokker waar Blank sowel as Nie-Blanke klubs anderskleuriges as volwaardige klubdele aanvaar byvoorbeeld Arcadia Shepherds, Bantu Callies en Wits.

Hierdie situasie veroorsaak dat dit vir die Departement moeilik word om die beleid uit te voer omrede geen wetlike optrede teen gemengde klubs of -spanne moontlik is nie en die sportliggame wat saamwerk het begin besef dat dit beter is om nie vooraf goedkeuring te vra nie en slegs voort te gaan om te doen wat hulle meen vir hulle sportsoort die beste is. Hierdie optrede het meegebring dat die gesag van die Staat, die betrokke Departement en die Suid-Afrikaanse Polisie ondermyn word.

30) Departement Sport en Ontspanning, Knelpunte in Suid-Afrikaanse Sport, Kaapstad, 6 Maart 1978.

Die Minister het voortdurend 'n beroep op dié klubs gedoen om nie strydig met die beleid op te tree nie, maar dit het meestal op dowe ore geval.<sup>31</sup>

### Universiteitsport

As gevolg van die inname van Nie-Blankes by sekere Universiteite het die volgende probleme ontstaan.

- i) Deelname aan huishoudelike sport is goedgekeur dog deelname aan buite-sport is nie toegelaat nie, met ander woorde gemengde deelname aan die oop ligas is nie toelaatbaar nie.
- ii) Gemengde toeskouergehore is toelaatbaar vir tussen-universitêre sport op universiteitsterreine, maar word nie toegelaat vir dieselfde groepe op 'n openbare fasiliteit nie.
- iii) Dieselfde geld vir toeskouers waar Universiteite in buiteligas speel.

### Goedkeuring van veelvolkige Sport

Die prosedure vir bostaande was kortliks soos volg: Aansoeke deur die Nasionale Beheerliggaam geskied vooraf aan die Departement. Dit word goedgekeur deur die Minister van Sport volgens die beginsels van veelvolkige deelname. 'n Voorwaarde wat altyd gestel is, is dat die eienaar (gewoonlik die plaaslike owerheid) geen beswaar het nie, so ook die Polisie. Hierna word met Departemente geskakel wat permitte uitreik. Die prosedures het egter die volgende

31) Ibid.

probleme veroorsaak:

- i) Vooraf beginselgoedkeuring word nie deur sportliggame verkry nie. (Beginselgoedkeuring was nie wetlik afdwingbaar nie).
- ii) Die Suid-Afrikaanse Polisie was nie bereid om 'n aanbeveling te maak nie aangesien hulle geen wetlike magte in die verband gehad het nie.
- iii) Daar het geen algemene beleidsbenadering bestaan van plaaslike owerhede ten opsigte van die toelating van veelvolkige sport nie en veral wanneer gemengde sport beoefen is, is versoeke tot die Departement gerig wat nie gegee kon word nie.
- iv) Alhoewel dit gebruik was om die plaaslike Nasionale Party LV te ken in die aangeleentheid, was daar talle teenstrydige reaksies ondervind.<sup>32</sup>

#### Permitte

Geweldige probleme is ondervind ten opsigte van die procedure vir permitaansoeke asook die interpretasie van die sportbeleid deur die ander betrokke instansies. Goedkeuring is byvoorbeeld verleen vir voetbalwedstryde op 'n tuis- en wegbasis. 'n Probleem is egter ondervind met die onderskeie Bantoe-Administrasierade. Aangesien daar weinig onderlinge skakeling tussen die Rade was het elke Raad sy eie besluite geneem. Die gevolg is dat situasies ontstaan het dat sommige Rade toestemming verleen het dat wedstryde wat deur die Minister goedgekeur is wel in die swartgebiede mag plaasvind terwyl ander weier.

32) Ibid.

Samesprekings tussen verskeie Bantoe-administrasierade is gevoer waarin bogenoemde probleem geïdentifiseer is. Daar is bevind dat uitsluitel ten opsigte van permitte ingevolge die groepsgebiedewet so gou as moontlik gegee moes word om grootskaalse verwarring te voorkom.<sup>33</sup>

#### Provinsiale verteenwoordigende spanne

Terwyl veelvolkige deelname tot op klubvlak amptelike beleid was, was veelvolkige verteenwoordigende provinsiale spanne teen die beleid. Sommige sportsoorte soos krieket en fietsry het reeds verteenwoordigende provinsiale spanne gekies. Dit het weer eens verwarring geskep, want dieselfde beleid moes op alle sportsoorte van toepassing wees.

#### Junior Sport en Skolesport

Juniordeelname is 'n onafskeidbare deel van die aktiwiteite van enige sportsoort. Alhoewel die algemene beleid van veelvolkige deelname ook hier van toepassing was, is daar nie veel probleme ondervind nie, aangesien hulle onder die Jurisdiksie van die Nasionale liggaam en die Provinsiale Administrasie onderskeidelik geval het.

#### Gebrek aan geskikte fasiliteite vir veelvolkige sport

Wat die probleem aan betref word in die besonder gedink aan sokker. Die bestaande stadions in die groot sentra was hopeeloos te klein om groot skares te akkomodeer en dit het soms chaos en wrywing veroorsaak.<sup>34</sup>

33) Ibid.

34) Ibid.

## Veelvolkige Sport en Springbokkleure

Uit die aard van die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling, was die Springbok-embleem nog altyd in die besit van die Blanke. Slegs die Blanke sportmanne kon dus daarop aanspraak maak dat hulle springbokke in een of ander sportsoort was.

Met die implementering van veelvolkige sport is die Springbok-embleem aan die groot klok gehang. Die Regering se standpunt was dat die Springbok die embleem van die Blanke was en dat veelvolkige spanne h oorkoepelende embleem, verteenwoordigend van alle volkere, moes dra. Almal het egter nie altyd hiermee saamgestem nie.<sup>35</sup>

Scholtz, h groot voorstander van die kies van merietespanne, het gepleit dat alle Suid-Afrikaners, Swart, Wit, Bruin en ander, hul regmatige aandeel moes verkry.<sup>36</sup>

Die openbare debat waarin die Springbok-embleem gedurende 1975 beland het, het ministers ook tot die debat laat toetree. Gedurende Maart 1975 het minister M.C. Botha op Pietersburg gesê: "Geen Nie-Blanke sal ooit die Springbokbaadjie dra nie." h Kollega, dr. Connie Mulder, het minister Botha hierin gesteun.<sup>37</sup>

h Verteenwoordigende komitee, wat aangestel is om die hele aangeleentheid te ondersoek, se bevinding was as volg: "Inmiddels is dit ons standpunt dat Springbok-kleure aan alle Suid-Afrikaanse sportlui toegeken moet kan word. Die enigste voorwaarde moet wees dat sodanige toekennings die

35) Kotze, G., Sport en Politiek, p.92.

36) Scholtz, G.J.L., Perspektiewe oor Sport, Politiek en Menseverhoudinge, p.22.

37) Kotze, G., p.90.

toets van internasionale standaarde moet kan deurstaan."<sup>38</sup>

By die aankondiging van die nuwe sportbeleid op 23 September 1976 is die toekenning van Springbok-kleure in die hande van die sportbeheerliggame gelaat.<sup>39</sup>

Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-vereniging het dan ook gedurende November 1976 met 48 stemme teenoor 2 die Springbok-embleem aanvaar as die wapen wat toegeken sou word aan alle Suid-Afrikaanse spanne wat op meriete gekies word om Suid-Afrika te verteenwoordig. Kort voor die besluit het dr. Koornhof ook aangekondig dat aan alle sportmanne wat verkies word om Suid-Afrika te verteenwoordig, Springbok-kleure toegeken kan word.<sup>40</sup>

Eers op 29 Julie 1978 is die kode van die Springbokkleuraad aanvaar en erken. Hierna het die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiekunie Springbokkleure toegeken aan 13 Nie-Blanke terugwerkend vanaf 1973.<sup>41</sup> Die eerste swart atleet aan wie 'n Springbokbaadjie toegeken is, was Matthews Batswadi.<sup>42</sup>

### Gemengde Skolesport

#### Regeringsbeleid ten opsigte van Skolesport

Gedurende die tydperk 1976-1979 was daar drie fasette van die sportbeleid wat uitgestaan het naamlik gemengde sport-

38) Die Transvaler, 14.4.1976.

39) Die Sportbeleid van Suid-Afrika soos verduidelik deur Sy Edele die Eerste Minister tydens 'n geslote vergadering van Afgevaardigdes na die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party in die Pretoriase Stadsaal op 15.9.1976, p.12.

40) Dept. van Inligting, Suid-Afrikaanse Oorsig, 26.11.1976, p.13

41) Dept. Sport en Ontspanning, Springbokkleure, Ongedateerd.

42) Dept. van Inligting, Suid-Afrikaanse Oorsig, 10.2.1978, p.15.

klubs, die toekenning van Springbokkleure en gemengde skolesport. Van die drie was laasgenoemde miskien die meer sensitiewe saak waaroor die Regering 'n oplossing moes vind.

As gevolg van die outonomie wat aan sportklubs verleen is met die implimentering van die Regering se sportbeleid in 1976, het dit meegebring dat die beoefening van gemengde skolesport 'n aangeleentheid vir die onderskeie onderwysdepartemente geword het. Tydens die bespreking van die sportbeleid by die Transvaalse kongres van die Nasionale Party in 1976 het advokaat B.J. Vorster bevestig dat die sportbeleid ook van toepassing was op skolesport. Hy het 'n afgevaardigde meegedeel dat hy op die onderwysowerhede staatmaak om toe te sien dat daar nie "onbesonne veelvolkige kompetisies op skolevlak plaasvind nie."<sup>43</sup>

Dit het meegebring dat elke provinsie sy eie riglyne neergelê het vir die beoefening van sport. In Transvaal het die onderwysdepartement gedurende Mei in 'n omsendskrywe provinsiale skole verbied om teen skole van ander rassegroepe sport te beoefen. Dit is egter later gewysig toe die voormalige Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, aangekondig het dat die onderwysdepartement aansoek vir veelrassige sportbyeenkomste sal oorweeg.<sup>44</sup>

In Natal het mnr. Roger Whitely, LUK belas met Onderwys, aangekondig dat individuele skole en hul adviserende komitees self kon besluit of hulle teen skole van ander bevolkingsgroepe wou deelneem of nie.<sup>45</sup>

43) Ontplooiing van die Sportbeleid 1962-1979, p.52.

44) Horrell, M., A Survey ...1977, p.559.

45) Ibid.

In die Vrystaat is die volgende riglyne neergelê as beleid vir mededinging op sportgebied tussen spanne van provinsiale skole onder jurisdiksie van die onderwysdepartement en dié van anderrassige skole, naamlik:

- \* Die skoolhoof, in oorleg met die betrokke beheerinstansies, oorweeg die versoek en, indien hulle toestemming verleen, rig hulle h versoek vir goedkeuring aan die Direkteur van Onderwys.
- \* Die Direkteur van Onderwys, in oorleg met die Administrateur en die betrokke LUK, oorweeg dan die versoek en verleen toestemming indien so besluit sou word.
- \* Die aansoek word deur bemiddeling van die streekkantoor van die Departement van Sport en Ontspanning aan die Minister van Sport en Ontspanning voorgelê vir finale ooreweging.
- \* Die wyksinspekteurs word volledig ingelig oor die prosedure asook die vereistes vir wedstryde van hierdie aard en lewer volledige verslag aan die Direkteur van Onderwys wat dit weer aan die Uitvoerende Komitee voorlê.<sup>46</sup>

In Kaapland is die volgende prosedure gevolg: Die skoolhoof en die skoolkomitee moet toestemming verleen dat h sportspan van h skool vir Nie-Blanke leerlinge teen h span van h skool vir Blanke leerlinge op die skoolterrein van h skool vir Blankes plaasvind.

46) OVS Onderwysdepartement. Brief geskryf deur die Direkteur van Onderwys, mnr. J.A. Meiring, i.s. Gemengde Sport op Skolevlak, Bloemfontein, 31.7.1979. Vgl. ook Ontploffing van die Sportbeleid, 1962-1979, p.59.

- \* Die skoolraad se toestemming moet daarna verkry word.
- \* Indien die skoolkomitee en skoolraad toestemming gegee het dat die wedstryd kan plaasvind moet die Onderwysdepartement se toestemming verkry word.
- \* Nadat die Onderwysdepartement verlof toegestaan het moet die skool 'n aansoek rig tot die naaste streekkantoor van die Departement van Sport en Ontspanning.

Laasgenoemde departement besluit dan in oorleg met die Departement van Gemeenskapsbou of die wedstryd mag plaasvind op grond van die toereikendheid van die fasiliteite by die sportterrein.

Daar is egter beklemtoon dat daar hoegenaamd geen sprake van gemengde spanne is nie, met ander woorde 'n span van 'n skool vir Nie-Blanke leerlinge ding as sodanig teen 'n Blanke skoolspan mee.

Verder moet daar op gelet word dat bogenoemde wedstryde slegs op 'n vriendskaplike basis plaasvind.<sup>47</sup>

Die Departement Sport en Ontspanning het bekendgemaak dat tot en met die 13de Augustus 1979 daar 25 aansoeke in die verband was. Al die aansoeke is goedgekeur. Geen probleme is ondervind met spelers of toeskouers nie.

Ook die verslae van die inspekteurs wat na elke wedstryd ingedien word het bevestig dat die wedstryde sonder enige haakplek of wrywing verloop het.<sup>48</sup>

47) Dept. Sport en Ontspanning. Brief geskryf deur dr. L.A.P.A. Munnik aan mnr. T.N.H. Janson, Minister van Sport en Ontspanning, Augustus 1979.

48) Ibid.

### Verset teen Gemeengde Skolesport

Tydens die Natalse Nasionale Partykongres op 16 Augustus 1979 het die Minister van Sport en Ontspanning, mnr. Punt Janson, aangekondig dat skoolhoofde in oorlegpleging met ouer-onderwysersverenigings en skoolrade self kon besluit of hulle teen skole van ander rassegroepe wou deelneem of nie. Dit sou nie meer nodig wees vir die Departement Sport en Ontspanning om toestemming te gee nie.<sup>49</sup>

Mnr. Janson se aankondiging het wye reaksie uitgelok en dit was duidelik dat daar heelwat onduidelikheid en uiteenlopende vertolkings aan sy verklaring geheg is. Skoolhoofde in Transvaal en Kabinetministers het tot die debat toegetree.

Die Minister van Polisie en LV vir Potchefstroom, minister Louis Le Grange het gesê dat hy nie baie gelukkig is dat gemengde sport op die skoolkinders afgedwing word nie. Volwassenes kon vir hulleself besluit of hulle wil deelneem of nie, terwyl gemengde sport op skoolvlak besig was om "ryp gedruk" te word. "Gemengde sport is vir grootmense en nie vir kinders nie," het mnr. Le Grange gesê.<sup>50</sup>

Die verwarring wat geheers het, het mnr. Janson genoodsaak om 'n verklaring uit te reik waarin die hele sportbedeling uiteengesit is, sodat enige misverstand wat mag bestaan uit die weg geruim kon word. Die verklaring het as volg gelui: "Waar daar moontlik enige misverstand as gevolg van my aankondiging oor skolesport mag bestaan, wil ek dit duidelik en onomwonde stel dat die beheer en seggenskap wat Nasionale Opvoeding en die Provinsiale Administrasies

49) Horrell, M., A Survey ... 1979, p.587.

50) Beeld, 11.8.1977.

oor skole en skolesport het, hoegenaamd op geen wyse hierdeur misken of afgetakel word nie. Die seggenskap oor skolesport bly nog steeds soos dit voorheen die geval was in die hande van Nasionale Opvoeding en die Provinsies."

"Daar moet duidelik verstaan word dat skolesport nog altyd sy eie aard het en dat dit nie aangetas word nie. Dit moet ook nie verwar word met senior mededingende sport, die beheerliggame waarvan outonome liggame is nie.

"Die betrokke owerhede wat gemoeid is met onderwys en skolesport het reeds prosedures daargestel wat gevolg moet word in gevalle waar aansoeke van skole ontvang word om h Nie-Blanke skoolspan teen h Blanke skoolspan te laat speel en die Regering aanvaar daardie prosedures en meng hom steeds nie daarmee in nie.

"My aankondiging tydens die Natalse Nasionale Partykongres het inderdaad gegaan oor permitbeheer en die wegdoen van die ongerief en rompslomp wat voorheen daarmee gepaard gegaan het.

"Ten slotte bly dit nog steeds die verantwoordelikheid van die Regering om wet en orde te handhaaf en indien die Regering se besluit in verband met permitbeheer misbruik word om wanorde te skep sal daar nie gehuiwer word om paslik op te tree nie."<sup>51</sup>

#### Sportontwikkeling gedurende die tydperk 1976-1979

Vir die sportbase en -administrateurs was die toegewende beleid van die regering goeie nuus. Veelvolkige toernooie

51) Sportverklaring deur Sy Edele T.N.H. Janson, Minister van Sport en Ontspanning, Pretoria, 17.8.1979.

was nou in feitlik alle sportsoorte aan die orde van die dag.

In 1976 is veelvolkige toernooie of kampioenskapsbyeenkomste in die volgende sportsoorte gereël: atletiek (ses), fietsry (vier), gholf (agt), krieket (sewe), rugby (vier), sokker (vyf), tennis (twee), skaak (twee), swem, skerm, motorsport, boks, sport vir parapleë, liggaamsbou, perde-sport en karate. Swartes, Kleurlinge en Indiërs het Suid-Afrika oorsee in atletiek, gholf, sport vir parapleë, skerm, tennis en lewensredding verteenwoordig. Nadat 80 bokkers aan die ope kampioenskapstoernooi deelgeneem het, is aangekondig dat die drie beheerliggame van amateurboks (Blank, Swart en Kleurlinge) onmiddellik in 'n enkele liggaam sou saamsmelt. 'n Suid-Afrikaanse uitnodigingspan van ses Swartes en vyf Blankes het teen 'n Argentynse sokkertoerspan gespeel.<sup>52</sup>

Vincent Tshabalala, 'n Swart Suid-Afrikaner, het die Franse Ope gholftitel gewen. Veelvolkige rugby- en krieketspanne het teen toerspanne van Nieu-Seeland en Brittanje gespeel. Dit was terloops die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby dat Blankes en Kleurlinge in dieselfde span teen 'n ander gemengde span gespeel het. Twee kleurlingspanne het vir die eerste keer in 'n voorwedstryd op Nuweland in Kaapstad gespeel. Die drie krieketbeheerrade het besluit dat krieket op alle vlakke dwarsdeur die land geïntegreer sou word.<sup>53</sup>

Glenda Benjamin (15), 'n Kleurlingskooldogter, het die junior Amateurskermkampioenskap gewen en was die eerste Kleurling wat Suid-Afrika op die Spitzer-skermbyeenkoms

52) Departement van Buitelandse Sake. 'n Nuwe Suid-Afrika: Sport, p.295.

53) Ibid.

in Israel verteenwoordig het. Sy het ook die afdeling vir dogters gewen. Die Jokkieklub van Suid-Afrika het wedrenkleure aan die Indiërs toegeken en terselfdertyd is aangekondig dat lede van alle bevolkingsgroepe om wedrenkleure kon aansoek doen. Edward Sethoedi, h Swartman, is tot ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Amateur-atletiekunie verkies.

Gedurende 1977 is die patroon van veelvolkige sport voortgesit. Meer as 4,000 veelvolkige of veelrassige byeenkomste, wedstryde of kompetisies is op provinsiale, nasionale, internasionale en klubvlak gereël.

In 1978 is etlike belangrike nuwe ontwikkelings aangekondig. h Springbokkleurbaadjie is vir die eerste keer aan h Swartman toegeken - Matthews Batswadi, die 28-jarige langafstand-atleet. Swart gholfspelers is tot die Suid-Afrikaanse Beroepsgholfspelersvereniging toegelaat en mnr. Ras-hid Varachia, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Krieketunie, het bevestig dat rassesseiding op alle vlakke in krieket afgeskaf is.<sup>54</sup>

h Rugbyspan bestaande uit Blanke, Swart en Kleurlingspelers het vir die eerste keer h provinsiale wedstryd gespeel toe hulle die Curriebekerkampioen, Noord-Transvaal, in Pretoria gepak het. Voorheen het gemengde rugbyspanne slegs teen toerspanne van oorsee gespeel.

Die proses van 'normalisering' is dwarsdeur 1979 volgehou. Die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad het aangekondig dat daar in die toekoms slegs een nasionale kampioen in elke gewigsafdeling sal wees, in plaas van Swart, Blanke en

54) Ibid. •

opperste kampioene soos voorheen. Die Suid-Afrikaanse amateurfietsryfederasie het vir die eerste keer kleure aan 'n swartman, Sipho Mtala, toegeken.

Etlike dekades lank is geen Nie-Blanke rugbyspelers toegelaat om saam met Blankes in provinsiale, internasionale of klubspanne te speel nie. In April 1979 het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, een van die grootste sportbeheerliggame in die land, 'n verklaring uitgereik om sy nuwe beleid te verduidelik wat oor 'n aantal jare sy beslag gekry het. Hy het gesê dat hy hom ten doel stel die stigting van 'n beheerliggaam wat alle bevolkingsgroepe sou verteenwoordig, nasionale spanne wat na verdienste uit spelers van alle bevolkingsgroepe na gemengde proewe saamgestel word, deelname deur spelers van alle rasse aan Curriebekerwedstryde en ander kompetisies van die Raad, asook in ander nasionale en klubwedstryde, aanvaarding van die beginsel van die outonomie van klubs en provinsiale unies, gesamentlike afriktingskursusse vir spelers van alle bevolkingsgroepe en gelykwaardige geriewe en geleenthede vir spelers van alle rasse.

Die Raad het ook daarop gewys dat spelers nie meer permitte nodig het om hulle by enige klub aan te sluit of op enige sportveld in Suid-Afrika te speel nie, en dat die Drankwet klubs met dranklisensies toelaat om drank aan alle sportmense te bedien, ongeag hul ras of kleur.<sup>55</sup>

In Junie 1979 het die Rugby-unie van die Westelike Provinsie rassieskeiding op die pawiljoene van Nuweland afgeskaf. In Oktober is 'n uideungeveg om die swaargewigbokstitel van

55) Ibid.

die wêreld tussen Gerrie Coetzee van Suid-Afrika en Big John Tate van die Verenigde State van Amerika op Loftus Versfeld in Pretoria, toe die grootste sportstadion in die land, gereël. Toeskouers van alle bevolkingsgroepe is toegelaat, en daarna is die stadion ook vir alle toeskouers by alle sportbyeenkomste oopgestel.<sup>56</sup>

### SLOTGEDAGTE

Aan die einde van 1979 was die lang en opdraande pad wat Suid-Afrika se sportbeleid geloop het, byna voltooi. Die vordering en goeie wil van die Regering kan gesien word in die besluit wat in 1979 geneem is dat daar slegs een Departement sal wees wat sport en ontspanningsdienste aan alle bevolkingsgroepe sal lewer. Dit dui ook op die opregte voorneme van die Nasionale Party om slegs die beste aan elke Suid-Afrikaanse sportman en sportvrou te bied.

Met hierdie bedeling het daar 'n nuwe tydvak in Suid-Afrikaanse sport ingetree wat nie net beter sportprestasies tot gevolg gehad het nie, maar ook die welwillendheid tussen die volkere verbeter het. Met die nuwe bedeling is daar gelykberegtiging aan die sportmanne en sportvroue van alle bevolkingsgroepe bewerkstellig en vir die gemeenskap wat 'n agterstand op sportgebied ervaar het, het daar nuwe deure oopgegaan en is daar nuwe geleenthede geskep vir die uitbouing van hulle sport op 'n gemeenskapsbasis.

Teen 1979 was die merkwaardige historiese verloop van die Suid-Afrikaanse sportbeleid voltooi ..... vanaf verklaarde diskriminasie na volkome uitwissing daarvan. Die sportman kon weer sy eie pad loop en binnelands was sy huis in orde.

56) Ibid.

"The white South African is obsessed by sport to an extent, I believe, unequalled anywhere else in the world .... The fact remains that South Africa, for the size of its white population, is quite astonishingly adept at all games. It is in world class at rugby football, cricket and swimming, and has produced world-class performers at golf, tennis and boxing. For a population of two and a half million that is very remarkable. No doubt the glorious climate has something to do with it ..... The South African Sunday is a constant battle between the 'kerk' and the bowling green or the tennis court." <sup>6</sup>

Aangaande sportboikotte teen Suid-Afrika sê Huddleston die volgende: "Just because the Union is so good at sport, such isolation would shake its self-assurance very severely ... It is long past the time when the doors of international athletics should be opened to Africans from the Union. If a policy of boycott against White South Africa by the rest of the world will bring that day nearer, then I hope it will speedily happen." <sup>7</sup>

In sy boek, South Africa and her people, bepleit Paton op 'n subtiële wyse Suid-Afrika se sportisolasië: "Sooner or later it seems to me that every international sporting body will have to reject South Africa as a participant so long as she maintains a colour bar. I for one do not understand how a country like New Zealand can consent to a colour bar when she visits South Africa; I should have thought she would have had more pride." <sup>8</sup>

6) Huddleston, T., Naught for your comfort, p.200.

7) Ibid.

8) Paton, A., South Africa and her people, p.44. Vgl. ook Saaiman, G.B., Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed op die binnelandse Politiek, p.111.

Die 'South African Non-Racial Olympic Committee' (SANROC)

Die stigting van SANROC in Januarie 1963 in Johannesburg kan met reg beskou word as die begin van Suid-Afrika se internasionale sport isolasie. Die organisasie met Dennis Brutus as president en John Harris as vise-president, het in konflik gekom met die Regering as gevolg van hul radikale standpunte. Volgens Chris de Broglio is SANROC gestig deur: " ..... an enthusiastic assembly of sports administrators, who set themselves the goal of non-racial sport inside South Africa and decided to wage all-out war against the racist organisations, who were masquerading as South African national organisations in the sports forums of the world."<sup>9</sup>

Hoewel die taak van SANROC hoofsaaklik was om die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee uit die Internasionale Olimpiese Komitee geskors te kry, geniet alle lande wat sportbande met die RSA handhaaf, die deurlopende aandag van SANROC. Daar word gepoog om Suid-Afrika op die gebied van internasionale sport totaal te isoleer.

In 'n onderhoud met Omar Cassem, 'n verbanne leier van SANROC wat tans in London woon, het hy die volgende kwytkeraak oor hoe al die diskriminerende wette die Nie-Blanke sport in Suid-Afrika raak:

"In strictly sporting terms, we had no control of good facilities as these were all controlled by the white sports organizations. Even the facilities we had were not adequate because so many of us wanted to play. I know some great

9) De Broglio, C., South Africa: Racism in Sport, p.2.

cricket and soccer players who only played three weeks because of the lack of facilities. It was amazing that they were as good as they were.

"By not being able to compete against whites or international teams, we were not able to develop the subtle points of our game or compare styles with the white stars. In my time, it was the sports organizations that kept us out. Now it is primarily the Government.

"Another factor was that we had to obtain permits to play outside our home areas. How many of us could bother to do that? Too Few!

"When we were finally banned as spectators in so many areas - my god - we could not even watch the bastards play to see their technique without getting a permit from the Government.

"In non-sporting terms, we had nowhere near as much leisure time to practice - even if we had the facilities. That went with economic self-sufficiency, and damned few of us fit that bill." <sup>10</sup>

Gedurende 1964 is verskeie SANROC-leiers in hegtenis geneem, waaronder John Harris vir die ontploffing op die Johannesburgse stasie. Verskeie lede van SANROC het die land verlaat om hul veldtog teen Suid-Afrikaanse sport vanuit die buiteland voort te sit.

### Peter Hain

As hoofargitek van die Suid-Afrikaanse afsondering en buitelandse boikotte teen die Republiek, het die oppergesag van

10) Lapchick, R.E., The Politics of Race and International Sport: The case of South Africa, p.73.

11) Ibid.

die Anti-Apartheid Movement in die hande van 'n gewese Suid-Afrikaner geval - Peter Hain. In die venynigste aanslag wat by die uitgang van die jare sestig teen Suid-Afrikaanse sport losgebars het, was Peter Hain een van die voorslaners. Hy het op die erkende gewildheid van Suid-Afrikaanse sport geteer deurdat hy dit as wapen opgeneem het vir sy hoofdoel: om die Nasionale bewind in die Republiek by te kom.<sup>12</sup>

Hain, wat op 'n tyd Pretoria se publieke vyand no. 1 was het 'n belofte aan homself gemaak naamlik "to make South Africa's nightmares come true". Verder het hy gesê, "South Africa will be hearing a lot from me."<sup>13</sup>

Wat vir Hain die hoofsaak was het hy as volg uitgedruk: "Die sport-aksie was slegs 'n middel tot 'n doel. Voordat die huidige bewind in Suid-Afrika nie padgee nie, of onvergewerp word nie, sal die sportboikotte voortgesit word, selfs al word elke individu, ongeag ras of kleur, toegelaat om op enige vlak vry van wetlike beperkinge sport te beoefen."<sup>14</sup>

In die geheel gesien het Peter Hain, op enkele uitsonderings na, in sy eerste oogmerke geslaag. Hy wou Suid-Afrika se sportskakeling met die buiteland geheel en al verbreek. Hy het dit met krieket en grootliks met rugby, reggekry. Later sou die mindere sportsoorte volg.

Sy taak was dus feitlik met volslae welslae afgehandel. En sonder dat hy hom onnodiglik daarvoor moes inspan, het die boikot-aksie teen Suid-Afrika daarna geleidelik verdere momentum gekry.<sup>15</sup>

Vanaf Rusland en agter die Ystergordyn is die aksie verder

12) Sunday Times, 22.5.1983.

13) Ibid.

14) Ibid.

15) Kotze, G., Sport en Politiek, p.131.

en op breër grondslag gevoer; en intussen het die Opper-raad van Sport in Afrika ook 'n magtige vennoot geword deurdat hy gedreig het om politieke en handelsverbintenisse te verbreek met lande wat sportskakeling met Suid-Afrika gehandhaaf het.<sup>16</sup>

Die sportaksie wat so doeltreffend deur Peter Hain aan die gang gesit is, is dus by die breër politieke aanslag teen Suid-Afrika ingeskakel.

#### Die South African Council on Sport (SACOS)

Alhoewel SACOS op 18 Maart 1973 in Durban gestig is het die organisasie reeds sy oorsprong in 1970 gehad. Gedurende 1970 het die Regering se sportbeleid onder die vergrootglas begin kom en teenkanting uit alle oorde is ontvang. So het dit gekom dat die anti-apartheidsbeweging binne die land hulself georganiseer het om 'n nuwe organisasie te stig wat alle anti-apartheid sportmanne sou huisves. In September 1970 het agt organisasies bymekaar gekom om so die South African Non Racial Sports organization (SASPO) te stig. Die organisasie het drie jaar later SACOS geword.<sup>17</sup>

Uit die oogpunt gesien van die swart organisasies was dit inderdaad 'n goeie tyd om so 'n organisasie te stig, want in die eerste plek het hulle volle internasionale ondersteuning gehad. Verder het die boikot waarmee Suid-Afrikaanse sport te doen gehad het die blanke sport-organisasies en die Regering se posisie in die wêreldgemeenskap verswak. Derdens het die nuwe politieke klimaat, wat geïnspireer is deur die

16) Ibid.

17) Archer Robert & Bouillon Antoine, The South African game. Sport and Racism, p.228.

opkoms van die Swart Bewustheidsbeweging, die weerstand teen apartheid reg deur die land aangewakker.<sup>18</sup>

Sacos is dan gestig op 18 Maart 1973 in Durban onder leiding van mnre. Hassen Howa en M.N. Pather. Die organisasie se hoof-oogmerke is die volgende:

- a) "To foster a spirit of goodwill, equality and fraternity among all people, without any discrimination whatever on the grounds of race, colour or creed, and further carry out the provisions of the Statutes of IOC and other International Bodies controlling sport in the world and also to prevent racial, colour, religious or political discrimination among sportsmen.
- b) "To assist a member of this Council to affiliate to International Bodies controlling their particular branch of Sport.
- c) "To foster friendly relations among the National Associations, Officials and Players in the Republic of South Africa and overseas.
- d) "To assist affiliated members of the Council to promote, control and administer their particular branch of sport in keeping with the rules and principles laid down by the International Bodies."<sup>19</sup>

Alhoewel die Regering geen direkte kontak met SACOS het nie, het die Minister van Sport in die Parlement erken dat die liggaam, wat die enigste sportliggaam is wat deur die Opper-raad van Sport in Afrika erken word, die sleutel hou vir Suid-Afrika se moontlike terugkeer na internasionale sport.

18) Ibid.

19) Ibid. Vgl. ook Grondwet, South African Council on Sport.

Die absolute standpunt van SACOS naamlik dat "there can be no normal sport in an abnormal society" het die organisasie in direkte konfrontasie met die Regering gebring. Die Minister van Sport het 'n sterk bewoorde aanval in die Parlement op SACOS gedoen, terwyl die president van SACOS, mnr. Hassan Howa, vir die vyfde keer agtereenvolgens 'n paspoort geweier is om Suid-Afrika te verlaat.<sup>20</sup>

In die Parlement het die Minister SACOS beskryf as 'n onheilige rebelse organisasie wat daarop uit was om Suid-Afrika se deelname in die internasionale arena te ondermyn. Verder intimideer SACOS die spelers en administrateurs van sportliggame, beledig alle kommissies van ondersoeke wat na Suid-Afrika kom en weier om met enige erkende sportliggaam saam te werk.<sup>21</sup> Mnr. Hassan het hierdie aanval van die Regering op SACOS beskryf as slegs 'n manier om 'n sondebok te vind vir die Regering se mislukking om Suid-Afrika terug te kry in internasionale sport.<sup>22</sup> In Februarie 1979 het mnr. Howa weer SACOS se standpunt herhaal dat hulle nie sal ophou poog om Suid-Afrika uit internasionale sport te hou alvorens alle apartheid in die land verdwyn het nie.<sup>23</sup>

#### Die Gleneagles-ooreenkoms en die sogenaamde 'swartlys'

Dit is 'n feit dat, as gevolg van die Suid-Afrikaanse sportbeleid, Suid-Afrika aan die ontvangkant van die bepalinge van die Gleneagles-ooreenkoms gestaan het. Veral in die laatsewentigerjare het dié ooreenkoms Suid-Afrika onherroeplike skade berokken.

By die ondertekening van die Gleneagles-ooreenkoms ná die Statebondskonferensie van 1977 het die blanke lede van hierdie

20) Horrell, M., A Survey of Race Relations in South Africa, 1979, p.592.

21) Rapport, 13.1.1980.

22) Horrell, M., A Survey ... 1979, p.593.

23) Ibid.

gemenebes van state hulle feitlik finaal en onherroeplik vasgebind aan die eise van Swart Afrika. Die belofte was dat sportskakeling met Suid-Afrika tot elke prys vermy sal word.<sup>24</sup>

Dat die doodsklok gelui het vir talle moontlike sporttoere van en na Suid-Afrika is inderdaad so. Met verloop van tyd het dit egter voorgekom asof hierdie uitbuiting van sport vir politieke gewin die spreekwoordelike wind van voor gekry het. Die rede is dat baie sportbase wêreldwyd hul teenkanti-  
ting teen die Gleneagles-ooreenkoms uitgespreek het - juis omdat sport daardeur so blatant en direk in die politieke arena ingesleep word.

Die verdere krake wat mettertied in die Gleneagles-solidari-  
teitsmuur verskyn het was die gevolg van die direkte invloed van die al groter wordende tendens van "sportrebelle" wat, afgesien van hul politieke oortuigings, soms ter wille van internasionale sportbeoefening (en selfs aanloklike finansie-  
siële aanbiedings) die bepalings van die Gleneagles-ooreen-  
koms verontagsaam het.

Ten einde hierdie toenemende tendens die hoof te bied, is die veel gewraakte 'swartlys' ingestel - natuurlik sonder die afwerping van veel vrug. In Groot deel van die interna-  
sionale sportlui het die sogenaamde swartlys met minagting bejeën en was in sommige gevalle tot groot opofferings bereid  
ten einde in Suid-Afrika aan sportbyeenkomste deel te neem.

24) Kotze, G., p.81.

Verleentheidsituasies wat ontstaan het as gevolg van die Suid-Afrikaanse sportbeleid

Die gebeure rondom die Indiër-gholfspeler, Sewsunke (Papwa) Sewgolum, gedurende die vroeë sestigerjare het seker van die hewigste kritiek teen Suid-Afrika uitgelok.<sup>25</sup>

Gedurende die P.G.A. en ander internasionale gholfkompetisies in Suid-Afrika word buitelandse deelnemers (Wit of Swart) toegelaat om tussen rondtes of na afloop van 'n dag se spel, verversings in die klub-kroeg te geniet. Suid-Afrikaanse Blankes mag die kroegfasiliteite gebruik maar ooreenkomstig die bepalings van die Drankwet, mag Suid-Afrikaanse Nie-Blanke deelnemers nie die kroeg betree nie. Dit skep groot verleentheid vir die organiseerders wat nie kan verduidelik aan buitelanders dat Suid-Afrikaanse Nie-Blankes saam kan speel in die toernooi dog nie toegelaat word om saam met 'n medetoernooideelnemer, die kroeg te betree nie.

In 1970 het die Kleurling Domingo-broers wat geesdriftige renjaers is, die nodige permitte by die Departement van Gemeenskapsbou bekom om op die Killarney-renbaan te Kaapstad aan 'n motorwedren-byeenkoms deel te neem. Nadat hulle reeds in Kaapstad aangekom het, het die destydse Departement van Beplanning en Omgewing, hul toestemming ontsê om deel te neem. Eers nadat die Domingo-broers terug na die Rand vertrek het, is die beslissing herroep en is hulle goedkeuring verleen om deel te neem dog dit was té laat.

Swak skakeling tussen die sportbase en die Departement van Sport, en die probleme om betyds permitte te bekom vir die

25) Die Sewgolum-geval is reeds in die werk behandel.

aanbied van veelvolkige byeenkomste, het tot chaotiese verwarring gelei. Wetlike vereistes was h meulsteen om die nek van ordelike ontwikkeling. Amptelike besluite en beslissings was nie altyd konsekwent nie. En in talle gevalle het plaaslike instansies sommer net die wet in hul eie hande geneem.

Die geval van h Chinese vrou, mej. Yvonne Jack van Pretoria, dien as voorbeeld.

Nadat sy h paar jaar lank lid was van die Munisipale Tennis-klub van Pretoria, wou dié klub haar inskryf as lid van sy span wat in die Saterdagliga moes speel. By die klub is sy as blanke aanvaar en sy het ook dikwels haar Chinese vriende na sosiale byeenkomste genooi. Toe haar naam vir registrasie aan die beheerliggaam van die Saterdagliga gestuur word, het die liga besluit dat sy nie aanvaar kan word nie, "omdat sy nie h blanke is nie."

Dié besluit is geneem op h tydstip toe h senior Kabinetlid by die Nasionale Party se kongres in Kaapland gesê het: "As apartheid met h swaar hand toegepas word, kan dit tot Suid-Afrika se ondergang lei."

Terwyl die Komitee vir Regverdigheid in Sport goeie voorring gemaak het in die normalisering van sport in Suid-Afrika het die volgende gebeurtenis wye aandag getrek wat bogenoemde komitee se werk feitlik ongedaan gemaak het.

h Swarte het besluit om hom aan te sluit by h padwedloop op h Sondagoggend tussen Pretoria en Johannesburg. Die Swarte is deur h verkeersbeampte aangekeer omdat hy saam met die Blankes aan die wedloop deelgeneem het.

Die feit dat Suid-Afrika se sportbeleid in h mate daarvoor verantwoordelik was dat daar in die jare vyftig en sestig geen of baie min Nie-Blanke sportmanne van gehalte na vore getree het, kan nie weggeredeneer word nie. Die neergelegde beleid van afsonderlike ontwikkeling en blanke voogdskap, ook op die gebied van sport, was egter vir sekere van die uitblinkers op sportgebied nie aanvaarbaar nie en sommige het die land verlaat om vanuit die buiteland aan internasionale sport deel te neem.

- \* Jake N'Tuli het na Brittanje verhuis en die Britse vlieggewig bokskampioen in 1953 geword.
- \* Ron Eland, h swart gewigopteller wat nie toegelaat is om Suid-Afrika te verteenwoordig nie, was ingesluit in die Britse span vir die 1948 Olimpiese Spele.
- \* Precious McKenzie is na Brittanje en het daar verskeie gewigoptel kompetisies gewen. Hy het ook in 1966 die Britse gewigoptelkampioen geword.
- \* Basil D'Oliveira, Cec Abrahams, John Neethling en verskeie ander Swartes het professionele krieket in Engeland gespeel.
- \* Die Suid-Afrikaanse sokkerspeler Kaiser Motaung het "the most valuable Player" in die Verenigde State se sokkerliga geword. David Julius het h sokkerspeler van formaat geword in Portugal; Steve Mokone in Holland terwyl Albert Johanneson die eerste swart speler geword het wat in h 'FA Cup Final' gespeel het.
- \* In 1967 verlaat Ronnie van der Walt Suid-Afrika om in Engeland te gaan boks aangesien hy as h Kleurling geklassifiseer is.

Hierdie sportmanne wat die land verlaat het, het h groot verleentheid vir Suid-Afrika op die gebied van internasionale sport geskep. Suid-Afrika se vyande het elke geval met beide hande aangegryp as propaganda teen sy interne sportbeleid.

BYLAAGSuid-Afrika se posisie in Internasionale Sport aan die einde van 1979

|                    |                                                      |
|--------------------|------------------------------------------------------|
| Atletiek           | - Geskors in 1976                                    |
| Basketbal          | - Geskors in 1978                                    |
| Bofbal             | - Volle lid (onaktief)                               |
| Boks (Amateur)     | - Geskors in 1968                                    |
| (Professioneel)    | - Lid van WBA; Geskors van WBC.                      |
| Boogskiet          | - Volle lid                                          |
| Branderry          | - Neem deel aan kompetisies                          |
| Fietsry (Amateur)  | - Geskors in 1970                                    |
| (Professioneel)    | - Neem deel aan kompetisies                          |
| Gewigoptel         | - Geskors in 1972                                    |
| Gimnastiek         | - Volle lid                                          |
| Golf               | - Volle lid                                          |
| Hokkie             | - Volle lid (geen deelname aan wêreldkampioenskappe) |
| Judo               | - Nie h lid nie                                      |
| Kanovaart          | - Lidmaatskap is opgeskort                           |
| Karaté             | - Volle lid                                          |
| Kragboot           | - Neem deel aan kompetisie                           |
| Krieket            | - Lidmaatskap is gekanselleer                        |
| Lewensredding      | - Neem deel aan kompetisies                          |
| Liggaamsbou        | - Volle lid                                          |
| Motorsport         | - Volle lid                                          |
| Muurbal            | - Volle lid                                          |
| Netbal             | - Geskors                                            |
| Olimpiese Spele    | - Geskors in 1970                                    |
| Onderwater Sport   | - Neem deel aan kompetisies                          |
| Paraplegiese Sport | - Volle lid                                          |
| Pluimbal           | - Volle lid (geen deelname aan wêreldkampioenskappe) |
| Polocross          | - Neem deel aan kompetisies                          |

|              |                                                                                 |
|--------------|---------------------------------------------------------------------------------|
| Roei         | - Volle lid (geen deelname aan wêreldkampioenskappe)                            |
| Rolbal       | - volle lid                                                                     |
| Rolskaats    | - volle lid                                                                     |
| Rugby        | - volle lid                                                                     |
| Sagtebal     | - volle lid                                                                     |
| Seiljagvaart | - volle lid                                                                     |
| Skaak        | - lidmaatskap is opgeskort                                                      |
| Skerm        | - volle lid (geen deelname aan wêreldkampioenskappe)                            |
| Skyfskiet    | - volle lid                                                                     |
| Sokker       | - geskors in 1976                                                               |
| Stoei        | - geskors in 1970                                                               |
| Swem         | - geskors in 1973                                                               |
| Tafeltennis  | - Blanke vereniging word nie erken<br>nie. Nie-Blanke vereniging word<br>erken. |
| Tennis       | - volle lid                                                                     |
| Toutrek      | - volle lid                                                                     |
| Trampolien   | - volle lid                                                                     |
| Veerpyltjies | - Blanke vereniging word nie erken<br>nie. Nie-Blanke vereniging word<br>erken. |
| Visvang      | - Lidmaatskap opgeskort                                                         |
| Vlugbal      | - nie h lid nie                                                                 |
| Yshokkie     | - volle lid                                                                     |
| Waterski     | - volle lid (geen deelname aan wêreldkampioenskappe)                            |

### SLOTBESKOUING

Met die implimentering van apartheid as owerheidsbeleid in 1948, het sport en politiek in die Republiek van Suid-Afrika in konflik beland. Konflik tussen dié twee komponente is egter niks nuuts nie, want reeds in die dae van die Romeine, eeue gelede, het dit na vore gekom in die ongelike kragmetings tussen leeus en die Christene in die Colosseum.

In Suid-Afrika se geval was sport 'n onderdeel van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en as sodanig kon dit nooit van die politiek losgemaak word nie. Om in die Suid-Afrika van vandag te glo dat die twee dinge geskei kan word, is uiters dwaas.

In die veertiger en vyftiger jare was dit vir die Afrikaner vanselfsprekend dat die beginsels waarop die Suid-Afrikaanse beleid berus, nie ter wille van sport verwerp of gebuig kon word nie. Van die handhawing van hierdie beginsels, daarvan was alle Suid-Afrikaners oortuig, hang Suid-Afrika se voortbestaan as selfrespekterende en stabiele staat af. En daarteen kan sportbelange nie opweeg nie. As daar 'n botsing is, moet - hoe pynlik vir die Suid-Afrikaanse sportgeesdriftiges ook al - sport wyk. So het dr. H.F. Verwoerd die behoudende element in die Afrikaner geleedere gerusgestel met sy Loskopdamtoespraak:<sup>1</sup>

Die toespraak het duidelik geïmpliseer dat die Suid-Afrikaanse sportbeleid sou bly soos dit was dat afsonderlikheid tot elke prys gehandhaaf sou word. Ook dat Suid-Afrika vasbeslote was om steeds aan die buitelewe voor te skryf om te maak soos hy dit wou hê, ongeag die latere gevolge van so 'n blatant uitdagende houding teenoor die ganse sportwêreld.

1) Beeld, 26.2.1967.

Senator de Klerk het juis dié standpunt aangaande sport onderstreep toe hy verklaar het dat hy liever sou wou sien dat Suid-Afrika in sport geïsoleer word as dat h duim toegegee word in die beleid van rassessekiding. Enige toegewing sal die begin van die einde van die Blanke beskawing in Suid-Afrika beteken.<sup>2</sup>

Die onweerlegbare feit het die taak van Suid-Afrika se vyande aansienlik vergemaklik, in so h mate dat hulle daarin geslaag het om sportafsondering in die jare sestig feitlik volkome te maak.

Dit was h werklikheid wat talle Suid-Afrikaners, en ook baie van die Suid-Afrikaanse politieke leiers, nie wou insien nie. Trouens, Suid-Afrika het in gebreke gebly om betyds sy teenskuiwe teen afsondering te maak - teenskuiwe in die uiters delikate skaakspel waarin Suid-Afrika gewikkel was.

In die sestigerjare het sport na vore getree as die mees dominante faktor in die Suid-Afrikaanse opset en lewenswyse. Vorster het besef dat iets gedoen moes word om te verseker dat Suid-Afrika in die sportarena van die wêreld bly. As onderdeel van sy uitwaartse beleid het Vorster besluit om sekere toegewings, waarvan die toelating van h Maori of twee in die Nieu-Seelandse rugbyspan, seker die belangrikste was, te doen wat betref Suid-Afrika se internasionale sportbetrekkinge, met die hoop dat dit die land se toenemende sportisolasië sou beëindig en moontlik ook die buiteland se houding jeens Suid-Afrika gunstig sou beïnvloed. In die strakke toepassing van apartheid, het sport dus gesorg vir die eerste toegewings wat gemaak is van die kant van die Regering om te kyk of daar iets aan Suid-Afrika se internasionale posisie gedoen kon word.

2) Die Burger, 16.6.1962.

Sedert 1967 was daar enkele lede van die Nasionale Party wat begin kla het oor die toegewings wat daar oor die sport-beleid gemaak is en die wegbeweeg van die Verwoerd-uitspraak van 1965. Twee van die beswaarmakers was dr. Albert Hertzog, toe 'n kabinetslid, en mnr. Jaap Marais, 'n LV. Hulle sou in 1969 die voormanne word van 'n klompie bekende en minder bekende Nasionaliste wat uit die party pad-gegee en die Herstigde Nasionale Party tot stand laat kom het.<sup>3</sup>

Die stigting van die Herstigde Nasionale Party was, tot op daardie stadium, seker die belangrikste politieke implikasie waarmee mnr. Vorster rekening moes hou. Binne die Nasionale Party was daar ná die totstandkoming van die Herstigde Nasionale Party, nog 'n aansienlike element waarvan die regse standpunte nie ver verskil het van dié van die Hertzogiete nie. Dit is daarom logies dat daar by die partyleiding 'n vrees kon bestaan het dat 'n snelle tempo van verandering in die sportbeleid tot verdere probleme na regs kon lei.

Ten spyte van heelwat toegewings in die sewentigerjare, staan Suid-Afrika in die beskuldigdebank as "die grootste skender van menseregte" en om hierdie rede moet Suid-Afrika se sportmense en sportvroue die prys van feitlik totale sportafsondering betaal - sportafsondering wat sy ontstaan gehad het omdat daar 'n gevoel van verontregting onder anderskleurige sportlui ontstaan het. Dit het gelei tot binnelandse aksiegroepe wat baie gou gulsige steun in die buiteland verwerf het.

3) Kotze, G., Sport en Politiek, p.74.

Uitgewekenes soos vader Trevor Huddleston en eerwaarde Michael Scott, Dennis Brutus en later Peter Hain, het met Londen as aanvanklike basis, sport as hefboom begin gebruik om die Suid-Afrikaanse bestel af te takel. Dit het hulle weliswaar nie reggekry nie, maar, of Suid-Afrika dit wil aanvaar of nie, die Huddlestons, die Scotts en die Peter Hains, het h omwenteling in Suid-Afrika aan die gang gesit wat in die hedendaagse wêreld geen gelyke het nie.<sup>4</sup>

Peter Hain en sy trawante het hul huiswerk goed gedoen. Die politici, wat by hulle oorgeneem het, sorg nou nog dat Suid-Afrika geïsoleer bly. Saam met die politici is daar nog die anti-apartheidsorganisasies, byvoorbeeld SACOS, wat veral die betogings teen Suid-Afrika reël en aanmoedig. Hulle stel in politiek belang, nie in sport nie; hulle stel hulle eise só dat daaraan nie voldoen kan word sonder politieke kapitulasie nie.

In die hele dialoogvoering tussen die erkende sport-beheerliggame en die Regering, het SACOS hom met h negatiewe en vernietigende rol besig gehou en geen konkrete bydrae gelewer nie. SACOS het alle pogings van die Suid-Afrikaanse Regering om 'sport vry van politieke inmenging' vooruit te laat gaan, aan die buitewêreld as kunsmatig voorgedou. Onderzoek h mens die bedrywighede van SACOS, kom jy tot die slotsom dat die organisasie die belange van sport nie eerste wou stel nie en hom meerendeels met negatiewe propaganda teen Suid-Afrika in die buiteland besig gehou het.

SACOS het deur die jare alle pogings en toegewings om

4) Ibid., Inleidende paragraaf.

diskriminasie uit die sportopset in Suid-Afrika te verwyder, meedoënloos afgekraak. Sy jongste strategie is gesetel in die slagspreuk: "Geen normale sport in 'n abnormale samelewing nie." Nie eens 'n beleid van algehele gelykheid vir alle sportlui, kon dié anti-Suid-Afrikaanse stem meer stilmaak nie.<sup>5</sup>

Of Suid-Afrika dit wil aanvaar of nie, sport-isolasie het gekom om te bly. Wêreldsport het Suid-Afrika nie nodig nie. Daarom stel Suid-Afrika se sogenaamde sportvriende nie meer in die land belang nie. Hulle is nie meer bereid om soos vroeër, by wêreldkongresse op te staan en Suid-Afrika se saak te bepleit nie. En selfs al wil hulle dit doen, kan hulle nie, want om Suid-Afrika se vriend te wees is gevaarlik.

Daar het vir Suid-Afrika se tradisionele sportvriende ... Engeland, Nieu Seeland en Australië onder meer ... belangriker dinge in die spel beland as sportverhoudinge met die Republiek. Swart Afrika, met die Opperraad vir Sport in Afrika as sy magtigste vegter, dwing die finale beslissings af en Suid-Afrika se sportvriende is hul vyande.

In die lig hiervan sal baie suid-Afrikaners moeilik tot ander insigte oortuig kan word as dat die "wêreldmening" se prys vir Suid-Afrikaanse deelname aan veral spansporte slegs 'n swart regering sal wees - vermoedelik boonop 'n revolusionêr-linkse, Marxisties-georiënteerde een. Slegs as die stelsel van afsonderlikheid totaal tot niet gaan, sal Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale sport, veral die Olimpiese Spele, kan geskied.<sup>6</sup>

Die buiteland se houding jeens sport in Suid-Afrika kan getipeer word deur die drie apies wat die oë, ore en mond toehou, met as effens gewysigde verduideliking: Sien geen waarheid, Hoor geen waarheid en Praat geen waarheid.

5) Volksblad, September 1983.

6) Die Burger, 26.7.1982.

Want standpunt in Suid-Afrika is jare gelede ingeneem en sedertdien hardloop dosyne lande hard om so ver moontlik weg te kom van die waarheid oor sportaanpassings in Suid-Afrika.

Suid-Afrika het in vele opsigte die seerower van wêreld-sport geword. Daar moes hier gesteel, daar gevat en oral gekoes word, om aan die lewe te bly. In die proses van aanpassings het Suid-Afrikaanse sport egter baie lesse geleerenis daar inderdaad oor baie hekkies en hindernisse beweeg om te kon kom soos Suid-Afrika se beleid aan die einde van 1979 daar uitgesien het, is die volgende woorde van die digter, Granland Rice, in besonder van toepassing:

"For when the One Great Scorer comes  
To write against your name  
He marks not what you won or lost  
But how you played the game".<sup>7</sup>

Ten slotté kan daar met taamlke sekerheid gesê word dat as die Suid-Afrikaanse sportbeleid vasgehaak het in sy vroeëre ideologie, sou isolasie, boikot en verwerping al lankal 'n totale banvloek oor Suid-Afrika uitgespreek het. Juis omdat die sportbeleid nie stagnant gebly het nie, het dit ontspanning gebring in die sin dat dit 'n ander dimensie in die Suid-Afrikaanse volkeverhoudinge bevorder het deurdat die Suid-Afrikaners mekaar ontmoet het as 'n 'spelende' gemeenskap.

7) Volksblad, 23.5.1987.

### OORHOOFSE TENDENSE IN BELEIDSONTWIKKELING

In hierdie studie het die klem primêr geval op die sportbeleid en ontwikkeling binne sodanige beleid. Die ontwikkeling in beleid moet gesien word binne die konteks van gebeure wat beleid bepaal en daarop ingewerk het. Wat ontwikkeling binne die beleid self betref, kan die volgende tendense geïdentifiseer word.

Voor 1956 was daar sprake van 'n tradisionele sportpraktiek in Suid-Afrika wat op die basis van rasseafsonderlikheid gereël was, sonder 'n amptelike aangekondigde beleid oor hoe sulke sake gereël moes word. Tradisionele gebruike, konvensies en voorkeure het bepaal hoe sportverhoudinge binne en tussen die onderskeie volksgroepe gereël moes word.

Vanaf 1956 is sportbeleid periodiek aangekondig wat voorskryf het hoe sportverhoudinge binne en tussen die onderskeie volksgroepe gereël moes word.

Die sportbeleid van 1956 tot 1967 en die wyse waarop dit toegepas is, word gekenmerk deur gedetailleerde voorskriftelikheid en konsekwentheid om sportverhoudinge vir alle sportsoorte op alle vlakke op die basis van rasseafsonderlikheid te reël en kan gekonstateer word dat, wat hierdie aspek van besluitneming betref, min of geen outonomie aan sportliggame toegeken is nie.

Vanaf 1967 is 'n sterker wordende tendens bespeur van 'n meer soepel en prakties probleemgeoriënteerde benadering wat die anderse eise van verskillende sportsoorte in ag geneem het en wat toenemend bereid was om die outonomie van sport te erken ook wat betref die reëling van sport-

verhoudinge tussen lede van die onderskeie volksgroepe. Hierdie proses van ontvoogding het eers op internasionale vlak plaasgevind, daarna op nasionale vlak, vanwaar dit mettertyd deurgedring het af na klubvlak, met die erkenning van sportoutonomie tot op klubvlak.

h Toenemende begeerte is waargeneem om sport en politiek in soverre dit prakties moontlik was te probeer skei, om sportverhoudinge binne Suid-Afrika, sowel as Suid-Afrika se internasionale sportverhoudinge, so ver moontlik te depolitiseer.

Die sportbeleid van 1956 tot 1967 het sportverhoudinge konsekwent tot op die mikrovlak probeer reël met min konsiderasie met betrekking tot plaaslike verskille en voorkeure; sportbeleid sedert 1967-1979 het geleidelik ontwikkel na makrobeleid met groter konsiderasie teenoor plaaslike en partikuliere outonomie, h benadering wat gelei het tot groter variasie en groei wat betref sportverhoudinge tussen die onderskeie volksgroepe.

Die sportoutonomie voor 1948 en die sportoutonomie van 1979 het verskil, omdat die eise van die tyd en situasies anders was. Die belangrikste verskil lê daarin dat die strukturele gegewenhede, woonbuurtes, sosiale instellings, owerheidsinstellings, en andere, van 1979 radikaal van dié voor 1948 verskil het.<sup>8</sup>

### Bestuur

Sedert die beleidsverandering om sport outonoom te maak het die besture van h groot aantal sportsoorte van die geleentheid gebruik gemaak om integrasie toe te pas. Interessantheidshalwe kan die sportsoorte op hul weg na integrasie soos volg gelys word: bergklim, branderplankry,

8) Vgl. R.G.N.-Sportondersoek, Sportbestuur (deel I), p.110.

kroukie, gholf (vroue), perdesport, lyngooi, jukskei, kegelspel, kragbote, modelbote, antieke motors, motorsport, polo, polocrosse, ringtennis, skaats, schwinger, seiljagvaart, kruisvaart, ski, kleingeweerskiet, nasionale skietkuns en waterski.

Die volgende sportsoorte het Blanke beheerliggame gehad en Nie-Blankes is as provinsiale unies, klubs of individue geaffilieer: meesteratletiek, muurbal (vroue), fietsry, kanovaart, moderne vyfkamp, onderwater-sport, krieket (vroue), rolbal, ruitersport, kleiduifskiet, roei, pistoolskiet, trampolien, ysskaats en snelskaats.

Vir die volgende sportsoorte was daar afsonderlike Blanke en Nie-Blanke beheerliggame: biljart en snoeker, gholf (mans), hokkie (vroue), karate, liggaamsbou, veerpyltjies, stoei, swem, tafeltennis, vlugbal, judo en netbal.

Vir die volgende sportsoorte was daar afsonderlike Blanke en Nie-Blanke beheerliggame, asook 'n nasionale beheerorganisasie: hokkie (mans), sagtebal, toutrek, rugby en hengel.

Vir die volgende sportsoorte was daar een nasionale beheerliggaam vir sowel Blanke as Nie-Blanke deelnemers: vliegsport, atletiek, gimnastiek, krieket (mans), muurbal (mans), sport vir parapleë, rolbal (vir die blindes), skaak, skerm, lewensredding, sokker, boks, korfbal, bofbal, pyl-en-boogskiet, gewigoptel, handbal en pluimbal.<sup>9</sup>

9) Vgl. h Nuwe Suid-Afrika: Sport, 18.7.1980, p.297.

SLOTGEDAGTE

Dit was die posisie in 1979 waar die studie afgesluit word. Al hierdie pogings om sport te integreer, het ongelukkig weinig sukses gebring ten opsigte van internasionale deelname. Die rede daarvoor is dat die vereistes verander het.

Die aanvanklike betoog teen Suid-Afrika was dat die segregasie-beleid gelyke geleenthede vir deelname aan Nie-Blankes ontsê het en dat Suid-Afrika as gevolg daarvan geïsoleer moet word.

Met die verloop van tyd het die eise egter ook verander. Sportintegrasie is nie meer as vereiste vir Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale sport gestel nie, maar wel politieke integrasie. Dit was buite die vermoë van Suid-Afrika se sportmanne om hieraan te voldoen.

BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYSPRIMÊRE BRONNEREGERINGSPUBLIKASIESDEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD

- Vierde Sessie - Twaalfde Parlement, Nr. 17, 16.5.61.  
 Eerste Sessie - Tweede Parlement, Nr. 3, 9.2.62.  
 Tweede Sessie - Tweede Parlement, Nr. 3, 5.2.63.  
 Tweede Sessie - Derde Parlement, Nr. 11, 11.4.67.  
 Tweede Sessie - Derde Parlement, Nr. 16, 18.5.67.  
 Tweede Sessie - Vierde Parlement, Nr. 11, 22.4.71.  
 Vierde Sessie - Vierde Parlement, Nr. 15, 25.5.73.  
 Eerste Sessie - Vyfde Parlement, Nr. 11, 14.10.74.  
 Tweede Sessie - Vyfde Parlement, Nr. 18, 11.6.75.

STATISTIEK EN VERSLAE

R.G.N.-Sportondersoek, Nr. 7, Sportbestuur (deel I), 1982.

AMPTELIKE VERKLARINGS

Departement van Binnelandse Sake, Sportverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, senator J. de Klerk. Kaapstad, 26/27.6.1964.

Departement van Buitelandse Sake, Verklaring i.s. Franse Rugbytoer en Roger Bourqarel. Pretoria, 26.6.1970.

Department of Information, Press Statement 1/70(K) by the Honourable F.W. Waring, Minister of Sport and Recreation. Cape Town, 28.1.1970.

Department of Information, Press Statement (No. 156/70(P)) by the Minister of Sport and Recreation. Pretoria, 26.5.1970.

Departement van Inligting, Persverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, Sy Edele Sen. J. de Klerk. Kaapstad, 4.2.1963.

Department Sport and Recreation, R.E.: Proposed Statement to be issued in the event of D'Oliviera being selected for the MCC to tour South Africa.

Departement Sport en Ontspanning, Sportbeleidsverklaring deur die Eerste Minister. Pretoria, 11.4.1967.

Departement Sport en Ontspanning, i.s. Franse Rugbytoer na Suid-Afrika. Lêer no. 4/5/4/38. Pretoria, 27.4.1970.

Departement Sport en Ontspanning, Persverklaring deur Sy Edele dr. P.G.J. Koornhof, Minister van Sport en Ontspanning. Kaapstad, 15.6.1973.

Departement Sport en Ontspanning, Sport in Perspektief gesien. n Verklaring deur dr. Koornhof. Ongedateerd.

Departement Sport en Ontspanning, Knelpunte in Suid-Afrikaanse sport word behandel deur dr. Koornhof. Kaapstad, 6.3.1978.

Departement Sport en Ontspanning, i.s. Springbokkleure, Ongedateerd.

Departement Sport en Ontspanning, Verklaring deur die Direkteur van Onderwys, mnr. J.A. Meiring, i.s. Gemengde sport op Skoolvlak. Bloemfontein, 31.7.1979.

Departement Sport en Ontspanning, Die Sportbeleid van Suid-Afrika soos verduidelik deur Sy Edele die Eerste Minister tydens n geslote vergadering van afgevaardigdes na die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party in die Pretoriase Stadsaal, 15.9.1974.

Departement Sport en Ontspanning, Sportverklaring deur Sy Edele T.N.H. Janson, Minister van Sport en Ontspanning. Pretoria, 17.8.1979.

## PERIODIEKE PUBLIKASIES

### Koerante

Die Beeld, 5.3.1967; 18.4.1967; 18.9.1968-22.9.1968;  
14.12.1969; 28.5.1970; 11.8.1977; 8.9.1977.

Die Burger, 21.9.1938; 26.6.1956; 15.6.1962; 30.1.1963;  
12.2.1963; 7.9.1965; 3.4.1967; 12.4.1967; 18.9.1968 -  
22.9.1968.

Cape Argus, 22.3.1967; 3.4.1967.

Cape Times, 22.3.1967.

Daqbreek en Landstem, 27.11.1966; 2.4.1967; 18.9.1968 - 22.9.1968.

Eastern Province Herald, 28.3.1967.

Hoofstad, 17.9.1968; 27.9.1968; 12.2.1969.

Die Oosterlig, 18.9.1968 - 22.9.1968.

Rand Daily Mail, 27.11.1958; 4.2.1963; 18.9.1968 - 22.9.1968; 25.1.1971; 30.8.1972; 16.9.1972; 31.10.1972; 11.7.1974; 5.8.1974.

Rapport, 18.11.1973; 25.11.1973; 2.12.1973.

The Star, 18.11.1958; 28.5.1959; 31.4.1965; 11.5.1962; 7.9.1965; 3.4.1967; 18.9.1968 - 22.9.1968; 11.11.1969; 24.8.1972; 4.9.1972; 5.9.1972.

Sunday Express, 2.4.1967.

Sunday Times, 8.9.1963; 11.9.1963; 18.9.1968 - 22.9.1968; 22.5.1983.

Die Transvaler, 20.5.1942; 15.8.1942; 1.10.1959; 29.1.1963; 18.9.1968 - 22.9.1968; 10.9.1969; 14.4.1976; 24.9.1976; 19.8.1977; 8.9.1977.

Die Vaderland, 18.9.1969 - 22.9.1968; 10.9.1969; 11.12.1969.

Die Volksblad, 18.9.1968 - 22.9.1968; 17.9.1969.

### Tydskrifte

Asbeeld, Jaargang 2, nr. 3, Julie 1980.

Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, Vol. 9, no. 2, Desember 1984.

News/Check, 7.4.1967.

Panorama, Vol. 22, No. 8, augustus 1977.

Skietgoed, 25.4.1967; 7.6.1971.

Stêr, 9.1.1970.

Die Suid-Afrikaanse Oorsig, 26.11.1976; 10.1.1978.

Veg, Desember 1968; Mei 1969.

VAKWETENSKAPLIKE TYDSKRIFTE

Scholtz, G.J.L., Die Nuwe Sportbeleid. Woord en daad, Jaargang 16, No. 171, Desember 1976.

Scholtz, G.J.L., Liberale Politiek en Sportboikotte. Koers, Jaargang 39, No. 3, 1974.

Scholtz, G.J.L., Perspektiewe oor Sport, Politiek en Mens-verhoudinge. Instituut vir die bevordering van Calvinisme, Studiestuk no. 88, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Februarie 1975.

ONDERHOUDEPV 193: INEG-versameling

K 313 - K 313/3: Onderhoud van J.A. du Pisani met B.J. Vorster, Oubos, 23-25.8.1982.

SEKONDÊRE BRONNEGERAADPLEEGDE WERKE

Archer, Robert & Bouillon, Antonie, The South African Game Sport and Racism. Zed Press London, 1982.

Briekhill, Joan, Race against Race, South Africa's 'multi-national' Sport Fraud. London, 1976.

De Broglio, C., South Africa: Racism in Sport. International Defence and aid Fund, London, 1970.

Draper, M., Sport and Race in South Africa. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1963.

D'Oliviera, Basil, The D'Oliviera Affair. Collins. London, 1969.

D'Oliviera, Basil, Time to declare, London, 1980.

Geyser, O., Geredigeerde toesprake van die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika, Deel I. 1953-1974. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein, 1976.

- Hoernlé, R.F. Alfred, South African Native Policy and the Liberal Spirit. Witwatersrand University Press. Johannesburg, 1945.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1952-1953. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1954.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1955-1956. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1957.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1956-1957. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1958.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1957-1958. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1959.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1958-1959. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1960.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1959-1960. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1961.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1961. South African Institute of Race Relations. 1962.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1962. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1963.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1963. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1964.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1964. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1965.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1965. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1966.
- Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1966. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1967.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1967. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1968.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1968. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1969.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1969. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1970.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1970. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1971.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1971. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1972.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1972. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1973.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1973. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1974.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1974. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1975.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1975. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1976.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1976. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1977.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1977. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1978.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1978. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1979.

Horrell, M., A survey of race relations in South Africa, 1979. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1980.

Huddleston, Trevor, Naught for your Comfort. Hardingham and Donaldson, Johannesburg, 1956.

Kotze, G., Sport en Politiek. Makro Boeke, Pretoria, 1978.

Labuschagne, Fred, Eye Witness in Sport. Howard Timmis, Cape Town, 1970.

Lapchick, R.E., The Politics of Race and International Sport: The case of South Africa. Greenwood Press, London, 1975.

Paton, A., South Africa and her people. Butterworth Press, Guildford, 1957.

Schoeman, Ben, My lewe in die politiek. Perskor, Johannesburg, 1978.

Schoeman, B.M., Die Broederbond in die Afrikaner-politiek. Aktuele publikasies, Pretoria, 1982.

Scholtz, G.J.L., Die Suid-Afrikaanse Sportpolitiek, 1910-1975. Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1976.

Scholtz, G.J.L., Grondslae vir Rekreasiekunde. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1985.

Serfontein, J.H.P., Die Verkrampde aanslag. Human en Rousseau, Kaapstad, 1970.

Swanepoel, J., Oosthuizen, W., Spele/Games. n Gedenk-uitgawe geborg deur Nedbank, 1973.

Thompson, R., Race and Sport. Institute of Race Relations, Oxford University Press, London, 1975.

Thompson, R., Retreat from Apartheid: New Zealand's Sporting Contacts with South Africa. Oxford University Press, London, 1975.

Van Rensburg, A.P.J., The Tangled web; leadership and change in Southern Africa. HAUM, Cape Town, 1977.

ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE, VERHANDELINGE EN MANUSKRIFTE

Botha, J.L., h Onderzoek na die funksie van h Staatsdepartement van Sport en Rekreasie in Suid-Afrika. D.Phil-Proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1968.

Du Pisani, J.A., Die Politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere 1966-1970 met besondere verwysing na die beleid en leierskap van B.J. Vorster. M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1984.

Saaiman, G.B., Sport en Politiek: Suid-Afrika se sport-isolasie en die invloed op die binnelandse politiek. M.A.-verhandeling. U.O.V.S., 1982.

PAMFLETTE EN VLUGSKRIFTE

Horrell, M., South Africa and the Olympic Games. South African Institute of Race Relations. Johannesburg, 1968.

Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Sportbeleid van die Nasionale Party rakende sportaangeleenthede. Bloemfontein, 26.4.1967.

Departement van Buitelandse Sake en Inligting, Dinamiese verandering in Suid-Afrika, November 1980.

Departement van Buitelandse Sake en Inligting, h Nuwe Suid-Afrika: Sport Suid-Afrikaanse Oorsig, 18 Julie 1980.

Departement Sport en Ontspanning, Ontplooiing van die Sportbeleid 1962-1978, 11 September 1979.

### SAMEVATTING

In Suid-Afrika het Blanke en Nie-Blanke sportverhoudinge reeds van voor 1900 geskied op die basis van rasseafsonderlikheid. Geweldige verset het aan die een kant bestaan teen gemengde ontspanning terwyl aan die ander kant 'n groeiende verset en begeerte by die anderskleuriges ontstaan het om hul agterstand op sportgebied teenoor die Blanke uit te wis.

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 het afsonderlikheid in sport vir die eerste keer wetlik afdwingbaar geword.

Teen 1955 was die politisering van sport, nie net tussen Blank en Nie-Blank nie, maar ook tussen etniese groepe binne die Nie-Blanke gemeenskap 'n konkrete feit wat sportverhoudinge begin vertroebel het.

Op daardie stadium was Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die Britse Statebondspele, die Olimpiese Spele asook internasionale deelname in tafeltennis, sokker, gewigoptel en selfs atletiek en rugby in gevaar.

Teen 1956 was die Regering verplig om 'n amptelike sportbeleid daar te stel as gevolg van die eise van die agitators en liberales aan die een kant en die meer behoudende Suid-Afrikaner aan die ander kant.

In die begin sestigerjare het die Verwoerdregering homself met die rug teen die muur bevind, aangesien die 1962 en 1963 sportverklarings net nog meer gesorg het vir teenkantiing vanaf buite wat weer gesorg het dat Suid-Afrika al hoe meer in isolasie verval.

In 1964 is Suid-Afrikaanse deelname aan die Olimpiese Spele ontsê. Hierdie skorsing was slegs die voorloper tot Suid-Afrika se algehele uitsetting uit die I.O.K. op 15 Mei 1970.

Afgesien van die isolasie het die Verwoerd Regering by die konsekwente deurtrek van sportapartheid bly staan. As monument hiervan dien die Loskopdamtoespraak op 4 September 1965. Hierdie belangrike toespraak is deur die geskiedenis uitgewys as 'n waterskeiding in Suid-Afrika se sportbeleid.

Na Verwoerd se dood in 1966 het die verlig-verkrampstryd tydens Vorster se bewind sterk toegeneem. Die eerste aanduiding wat hy gegee het dat 'n nuwe era ingelui word, was met die beleidsverklaring van 11 April 1967.

Gedurende 1968 het die D'Oliviera-geval die sport politieke toneel oorheers. Die D'Oliviera kwessie was dié insident, tesame met die Maori kwessie wat op hande was, wat seker die verreikendste implikasies vir Suid-Afrikaanse sport ingehou het. Terwyl Vorster die MCC-span verbied het om na Suid-Afrika te kom omdat D'Oliviera in die span ingesluit was, het hy aan die ander kant toegegee dat 'n Maori of twee in die All Blacks se span kon wees. Dit het gelei tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party op 25 Oktober 1969.

Aan die begin van die sewentigerjare het Suid-Afrika homself in 'n sportwoestyn bevind. Sportlui in Suid-Afrika het in opstand gekom teen die Regering omdat dit hulle was wat daaronder gely het.

Wat belangrik was op dié stadium, was dat daar van die Regering se kant 'n bewuswording was van die dilemma

waarin Suid-Afrika se sportbeleid die land in laat beland het.

Tydens die belangrike beleidsverklaring op 22 April 1971 het die Regering hoofsaaklik die klem laat val dat elke volk sy eie sportaangeleenthede moet reël en hanteer. Gemengde sport was egter nog steeds buite die kwessie.

Tydens 1974 kon duidelik gesien word dat die Regering weg-beweeg van diskriminasie in sport en is talle veelvolkige sportbyeenkomste aangebied. Die gebeurtenisse was goeie voorbeelde van die rigting wat die Regering op daardie stadium ingeslaan het. Veelvolkige sport het sy beslag gekry.

In 1976 het die minister van Sport, dr. Koornhof, die normalisering van sportverhoudinge in Suid-Afrika as 'n belangrike faset van die beleid uitgelig. Wat belangrik was, was die feit dat dit die verklaarde beleid van die Regering was om hom hoegenaamd nie in te meng met sport-sake nie en om sodoende volle outonomie aan die sportliggame te verleen.

As daar teruggekyk word na die afgelope 20 jaar in Suid-Afrika se sportgeskiedenis staan die bakens daar. Die beleidsverklarings van 1967 en 1971, Papwa, D'Oliviera, die Maori's en Loskopdam.

'n Dekade na bogenoemde verleentheidsituasies kan die Suid-Afrikaanse Regering met reg daarop aanspraak maak dat hulle die probleme die hoof gebied het en 'n sportbeleid daar gestel het waarop elke Suid-Afrikaner op trots kan wees.